

'n Polisistemiese ondersoek na veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem sedert 1990

deur

Mia Magriet Oosthuizen

*Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van
Magister in die Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch*



Studieleier: Prof. Louise Viljoen
Departement Afrikaans en Nederlands

Maart 2010

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2010

Opsomming

Afrikaanse kinderliteratuur is vir lank as die stiefkind in die Afrikaanse literêre polisteem behandel en is deur verskeie rolspelers, veral literatore, as minderwaardig beskou. Negatiewe gevolge wat hieruit spruit, is onder andere 'n tekort aan akademiese studies oor Afrikaanse kinderliteratuur, die genre se marginale posisie in die literêre kanon en gebrek aan 'n algemene en letterkundige definisie van die term "kinderliteratuur." Teen die 1990's breek daar 'n nuwe era van demokrasie in Suid-Afrika aan en is daar gepaardgaande herlewing in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem. Ten spyte van hierdie herlewing en groei wat by Afrikaanse kinderliteratuur plaasvind, is daar steeds 'n tekort aan navorsing wat spesifiek oor hierdie genre gedoen word.

In hierdie tesis word die veranderinge wat sedert 1990 in die kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het, ondersoek aan die hand van die polisteem-benadering. Die polisteemteorie, soos ontwikkel deur Itamar Even-Zohar, dien as teoretiese grondslag van hierdie studie. Kwessies omtrent genres, subgenres en probleme rakende die gebruik van die sambreelterm "jeugliteratuur" word bespreek. Die ouderdomsgroep van die kinderboek-lesers word afgebaken en 'n algemene definisie vir die genre kinderliteratuur word geformuleer. Na aanleiding van die algemene definisie van kinderliteratuur word tien akademiese studies geïdentifiseer en bespreek wat sedert 1990 verskyn het en spesifiek handel oor kinderliteratuur. As deel van die motivering vir die gebruik van 1990 as afbakening van die ondersoeksveld, word 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur ook gebied.

Daar word getoon dat die gebeure wat aanleiding gegee het tot die veranderinge wat sedert 1990 plaasgevind het, grootliks gekoppel kan word aan die politieke veranderinge wat tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 in Suid-Afrika gelei het. Hierdie veranderinge in die verskillende sosiale en politieke sisteme word in verband gebring met die veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem. Daar word ook getoon dat die verskillende veranderinge neerslag vind in die kinderboek. Hierdie veranderinge word bespreek na aanleiding van die tendense wat in die Afrikaanse kinderboek waargeneem kan word. Die tendense word aan die hand van 'n steekproef van 6 kinderboeke geïllustreer. 'n Letterkundige definisie van die genre kinderliteratuur word aangebied.

Abstract

Afrikaans children's literature has long been neglected in the Afrikaans literary polysystem and has been considered inferior by numerous figures, especially litterateurs. The negative effect of this attitude has been a shortage of academic studies on Afrikaans children's literature, the marginalised position of the genre in the Afrikaans literary canon and the absence of a general literary definition of "children's literature". The 1990's see the dawn of a new democratic era in South Africa and a subsequent revival of the system of Afrikaans children's literature. However, despite this revival and growth, there is still a shortage of dedicated research into this genre.

This thesis details the changes in the children's literature system that has occurred since 1990, by way of a polysystemic approach. The polysystem theory, as developed by Itamar-Even Zohar, serves as foundation for this study. Questions around genres, subgenres and problems surrounding the umbrella term "youth literature" are addressed. The age group of the readers of children's book are defined and a general definition of the children's literature genre is formulated. Based on this definition, ten academic studies since 1990, all of which are devoted specifically to children's literature, are identified and discussed. A historical overview of the development of Afrikaans children's literature is presented to support the choice of 1990 in the scope of the literature review.

It is shown that the events that lead to the changes since 1990 are generally attributable to the political changes in South Africa that lead to the first democratic election in 1994. These changes in the different social and political systems are related to the changes in the children's literature system. It is further shown that these changes are reflected in the children's book itself, and are discussed in terms of the clear trends that emerge in children's literature and children's books since 1990. These trends are illustrated by an examination of six relevant publications. A literary definition of the term "children's literature" is presented.

Bedankings

Om 'n studie oor kinderliteratuur te doen is beide opwindend en vreesaanjaend en beslis nie iets wat ek op my eie sou kon doen nie. Ek wil dus begin deur dankie te sê aan my promotor, Professor Louise Viljoen, vir haar bystand, kennis, begrip, geduld en ondersteuning van my en my studie. Ek wil ook baie dankie sê aan Professor Ena Jansen wat my met ope arms by die Vrije Universiteit van Amsterdam ontvang het en emosionele en intellektuele bystand vir my studies in Nederland gebied het. Baie dankie aan al my dosente op Stellenbosch en in Nederland wat my voorberei het vir en ondersteun het tydens my nagraadse studie. Ek wil ook baie dankie sê aan alle betrokkenes by kinderliteratuur vir hul ondersteuning en kennis wat hulle met my gedeel het.

Verdere studie sou nie moontlik gewees het sonder befondsing nie. My dank gaan uit aan Nuffic wat die HSP Huygens-beurs aan my toegeken het en die Van Ewijck Stigting wat die Van Ewijck-beurs aan my toegeken het en sodoende my studie in Amsterdam moontlik gemaak het.

Daar is so baie mense in my lewe wat my op ontelbare wyses ondersteun het en teenoor wie ek oneindig dankbaar is, dat ek op hierdie bladsy nooit aan elkeen reg sal kan laat geskied nie. Aan al my familie en vriende sê ek dus baie dankie. Daar is egter 'n paar mense wat ek graag wil uitsonder. Eerstens sê ek baie dankie aan my ouers, Joubert en Karien Oosthuizen, aan wie se liefde, ondersteuning en opofferings daar geen einde is nie. So ook aan my twee broers en skoonsusters, Almero, Bettie, Frans en Christa, wat altyd belanggestel en bemoedig het. Baie dankie aan Maryke wat my al ken vanaf ek leer lees het en net altyd weet wat om te sê. 'n Spesiale dankie gaan aan my geliefde, Tinus, wat sonder ophou in my glo, my dra wanneer ek self nie meer wil of kan nie, sy logiese denke aan my leen in tye wanneer ek self in chaos verval en vir my lief het net soos ek is deur dik en dun. Laastens, maar beslis nie die minste nie, wil ek ook dankie sê aan God wat al hierdie mense en seëninge oor my pad gestuur het, altyd die onmoontlike moontlik maak en aan my die passie vir kinderliteratuur gegee het.

Inhoudsopgawe

Verklaring	1
Opsomming	2
Abstract	3
Bedankings	4

Hoofstuk 1 – Probleemstelling

1.1. Probleemstelling	8
1.2. Motivering en Relevansie	9
1.3. Sisteem-benadering en die polisisteemteorie	12
1.3.1 Inleiding	12
1.3.2 Die oorsprong en algemene eienskappe van die polisisteemteorie	14
1.3.3 Die literêre sisteem	18
1.3.3.1 Produsent	19
1.3.3.2 Verbruiker	20
1.3.3.3 Institusie	21
1.3.3.4 Mark	22
1.3.3.5 Repertorium	22
1.3.3.6 Produk	23
1.4. Motivering vir die gebruik van 'n sisteem-benadering en die polisisteemteorie by die bestudering van (kinder)literatuur	24

Hoofstuk 2 – 'n Definisie van kinderliteratuur

2.1 Inleiding	27
2.2 Die term "genre" en die gevaar van die sambreelterm "jeugliteratuur"	28
2.3 Soeke na 'n basisopvatting oor die definisie van die begrip kinderliteratuur	30
2.4 Die ontwikkelingsfases van die mens	30
2.5 Die ouderdomsgroep van die leser van kinderliteratuur	31
2.5.1 Die taal- en literatuurwetenskap, sielkunde en opvoedkunde se benadering tot die afbakening van die ouderdomsgroep vir kinderliteratuur en bestaande definisies van kinderliteratuur	33
2.5.2 Literêre toekennings	39
2.5.3 Uitgewers	41
2.5.4 Boekwinkels	43
2.5.5 Biblioteke	46

2.6 Gevolgtrekking	47
--------------------------	----

Hoofstuk 3 – Literatuurstudie

3.1 Inleiding	52
3.2 Die tien relevante studies sedert 1990	52
3.2.1 "Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur" deur Felicité Frairer-Wessels en Thomas van der Walt (1999)	52
3.2.2 "Jong lesers van Centurion: Wat lees hulle en waarom?" deur Hester Verwey (1999)	53
3.2.3 "'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur" deur Betsie van der Westhuizen (1999)	54
3.2.4 <i>Young people's reading in South Africa: A pilot project</i> deur Machtet, Olën en Chamberlain (2001)	55
3.2.5 "The African Renaissance and children's literature: is South African librarianship abdicating its role?" deur Genevieve Hart (2002)	56
3.2.6 "Produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa: 'n verkennde statistiese ontleding 1990 – 2001" deur Maritha Snyman en Rudi Venter (2004)	57
3.2.7 "Promoting children's literature: The challenges and possibilities of using the Internet in a developing society" deur Franci Greyling (2004)	58
3.2.8 "Jong lesers se identifisering met karakters: skryfteorie en –praktyk" deur Franci Greyling (2005)	59
3.2.9 "Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders" deur Maritha Snyman (2006)	60
3.2.10 "Die baie lewens van Balkie: tegnologie, kinderliteratuur, grense en hibriditeit" deur Franci Greyling (2007)	60
3.3 Gevolgtrekking	61

Hoofstuk 4 – Historiese oorsig oor die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur voor 1990

4.1 Inleiding	62
4.2 Die algemene ontwikkeling van kinderliteratuur	62
4.3 Die Eerste Taalbeweging (1875-1900)	64
4.4 Die Tweede Taalbeweging (1900 – 1930)	66
4.5 Die 1930's tot 1940's	68
4.6 Die 1950's	69

4.7 Die 1960's tot 1970's	71
4.8 Die 1980's tot 1990	72
4.9 Gevolgtrekking	73

Hoofstuk 5 – Veranderinge vanaf 1990 tot hede

5.1 Inleiding	75
5.2 'n Oorsig oor veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem: 1990 tot hede	76
5.3 Tendense	82
5.3.1 Temas	82
5.3.2 Reekse	84
5.3.3 Voorkoms, inhoud en taalgebruik	84
5.3.4 Tegnologie	86
5.4 Gevolgtrekking	88

Hoofstuk 6 – Tendense soos gesien kan word in die kinderboek

6.1 Inleiding	89
6.2 Die keuse van boeke	89
6.3 'n Bespreking van enkele tendense	91
6.3.1 Voorkoms	91
6.3.2 Taalgebruik	93
6.3.3 Inhoud en karakters	96
6.3.4 Didaktiese elemente	99
6.3.5 Die teenwoordigheid van tegnologie	101
6.4 Gevolgtrekking	102

Hoofstuk 7 – Gevolgtrekking

Gevolgtrekking	103
----------------------	-----

Bronnelys	106
------------------------	-----

Hoofstuk 1 – Probleemstelling

1.1 Probleemstelling

Die ondersoeksvraag, wat in hierdie studie ondersoek sal word, is: "Wat is die veranderinge wat in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het sedert 1990?"

Ten einde hierdie ondersoek te doen, sal daar navorsing gedoen word oor die aard en definisie van die begrip kinderliteratuur soos dit vandag daar uitsien. Om die veranderinge in Afrikaanse kinderliteratuur te ondersoek, is om 'n studie van die ontwikkeling van die genre in Afrikaans te doen en klem te plaas op 'n era, jaar of gebeurtenis wat as 'n soort waterskeiding kan dien tussen 'n ou en 'n nuwe benadering. Saam met die begrip kinderliteratuur wat gedefinieer sal word, moet die datum wat as waterskeiding gaan dien, 1990, ook verduidelik word. Een van die primêre redes agter die keuse van die datum 1990, is die feit dat dit die datum is van waar daar nie net ontwikkeling by kinderliteratuur sigbaar was nie, maar ook radikale skuiwe wat tot noemenswaardige veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem gelei het.

Weens die beperkte omvang van die studie sal daar gefokus word op oorspronklik Afrikaanse titels en sal subgenres¹ van kinderliteratuur, soos poësie, religieuse tekste, toneelstukke, strokiesprente en nie-fiksie, min, indien enige, aandag geniet. Beperkte aandag sal gegee word aan vertalings en die waarde daarvan en illustrasies en hoe onlosmaaklik deel dit van die genre is, asook aan internetpublikasies en tydskrifte wat spesifiek op die kind gerig is.

Vir hierdie studie is dit nie net die tekste en gebeure rondom belangrike datums wat van belang is nie, maar ook die prosesse en rolspelers wat daarby betrokke is. Gevolglik is dit nie net die literatuur (kinderboeke) wat van belang is nie, maar die kinderliteratuur-sisteem as geheel en die ander sisteme betrokke daarby. Ten einde onder andere hierdie faktore by die studie in te sluit, gaan die sisteem-benadering, met spesifiek klem op die polisisteemteorie soos ontwikkel deur Itamar Even-Zohar, gebruik word. 'n Polisisteem-benadering dien dus as die teoretiese raamwerk vir die ondersoek en het ten doel om 'n perspektief te gee op die sosiale kwessies rondom Afrikaanse kinderliteratuur, asook die tekstuele veranderinge en bepaalde tendense in die Afrikaanse kinderliteratuur.

¹ Vir hierdie studie word kinderliteratuur hanteer as 'n genre met sy eie sub-genres. Sien hoofstuk 2 vir verdere verduideliking oor die gebruik van term.

1.2 Motivering en Relevansie

Die primêre motivering vir hierdie studie is my belangstelling in kinderliteratuur. Ek kan dus deur hierdie studie op akademiese vlak uiting gee aan iets na aan my hart. Die navorsing omtrent kinderliteratuur wat spruit uit hierdie studie, het my verder bewus gemaak van die belangrikheid van 'n lesende bevolking; wat onder andere nou gekoppel word aan die vlak van geletterdheid in 'n land. In 'n land soos Suid-Afrika, waar dit geen geheim is dat geletterdheid een van die struikelblokke is wat oorkom moet word nie, is 'n studie oor kinderliteratuur dus besonder relevant (Greyling, 2004: 270).

Kwessies omtrent die ontwikkeling van 'n lesende bevolking wat ter sprake kom wanneer daar gekyk word na die veranderinge wat in die kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het, sluit in 'n gerigtheid op die kind wat nog in 'n vormingstydperk van eie keuses en voorkeure is, en 'n liefde vir lees wat eerder vroeër as later ontwikkel moet word sodat die kind akademies beter kan presteer. 'n Addisionele voordeel is verder dat so 'n kind deel sal raak van 'n generasie lesende en geletterde volwassenes (vgl. Bennett, 1993: 158; Gericke, 2007: 9, Hart, 2002:31 en Lohann, 1986: 26). Een manier om kinders van vroeg af aan die lees te kry, is deur 'n aangename leeservaring waar die kind toegelaat word om sy eie keuses aangaande boeke te maak ten einde 'n eie leessmaak te ontwikkel.

Om egter genoeg genotvolle leeservarings te bied en die uitsoek van boeke opwindend te hou, moet daar genoeg boeke wees om van te kies. Vrae oor hoe en of daar in sulke genotvolle leeservarings voorsien kan word, hou verband met die vrae oor die veranderinge wat in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem sedert 1990 plaasgevind het. Deur te fokus op die veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem, ondersoek 'n mens ook die tendense wat verband hou met kinderliteratuur vandag. Dit is belangrik dat die kind sentraal sal staan in 'n studie oor kinderliteratuur. Die kind moet goed verstaan word en alle betrokkenes by die genre moet 'n goeie begrip van kinders en hulle behoeftes hê.

Een van die doelstellings van die betrokke studie, is om 'n definisie van kinderliteratuur, soos dit vandag daar uitsien, te formuleer. Dit sal 'n definisie wees wat poog om nie net kinderliteratuur as 'n genre op sy eie te omskryf nie, maar ook hoe die genre funksioneer in die breë literêre sisteem. Die definisie behels onder meer die ouderdomsafbakening wat relevant is vir kinderliteratuur. Die belangrikste rede vir 'n ouderdomsafbakening spruit uit die idee dat die kind die aard en inhoud van die teks of genre (behoort te) bepaal. Ek verwys na Frairer-Wessels en Van der Walt (1999: 95) se formulering hiervan: "Kinderliteratuur, [is] die enigste literêre kategorie wat 'n gehoor definieer eerder as 'n onderwerp of 'n outeur of 'n

vorm [...]." Gevolglik is die aard van die genre onderhewig aan die leser daarvan en moet die leser van die genre eers goed gedefinieer word voor die genre self gedefinieer kan word.

Die relevansie van die betrokke studie lê daarin dat 'n goeie begrip van die kind en dit waarby hy of sy aanklank vind in die kinderliteratuur daartoe kan lei dat al die partye betrokke by die ontstaan, vervaardiging, bemaking en lees van die kinderboek, kan saamwerk om die bes moontlike of mees gevraagde produk te lewer. Machet et al (2001: 1) sê die volgende hieroor: "Without insight into children's reading habits, preferences and information use it is difficult for publishers, librarians, teachers, et cetera to motivate children and young people to read and use information." Die motivering wat Machet et al (2001: 1) noem en wat vanuit verskillende hoeke aan die kind gegee word, sal myns insiens slegs 'n optimale effek hê as die motiveerder die leser (kind) goed verstaan. Hiervoor sal navorsing oor die kind se leesgedrag alleen nie genoeg wees nie, maar moet daar ook navorsing gedoen word oor die sielkunde van die kind en 'n sensitiwiteit vir die kulturele, sosiale, ekonomiese en politieke omgewing waarin die kind leef (vgl. Greyling, 2004: 282). Die implikasie hiervan, is dat 'n studie oor die veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem nie slegs 'n studie van die literatuur is nie, maar ook van die kind en sy omgewing en gevolglik multidissiplinêr van aard behoort te wees.

'n Multidissiplinêre benadering tot kinderliteratuur is nie 'n nuwe konsep nie. Dit is al so gevestig dat dit selfs 'n probleem vir die ontwikkeling van die genre geword het (vgl. Greyling, 2004:271 en Machet et al 2001: 1). Self het ek gevind dat soos ek meer wou lees en weet van die onderwerp, ek min resente navorsing oor Afrikaanse kinderliteratuur kon vind, 'n ervaring wat ook gedeel word met ander dissiplines betrokke by kinderliteratuur (vgl. Hart: 2002: 35). In 'n ondersoek na die rede daarvoor, is daar twee faktore geïdentifiseer wat grootliks die kennis en ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur kniehalter. Die eerste hiervan is dat die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem 'n grootliks onontginde studieterrein is, en die tweede is die feit dat Afrikaanse kinderliteratuur 'n marginale genre binne die Afrikaanse literêre kanon is. Een van die gevolge of oorsake hiervan, afhangende van hoe daar na die oorsaak-en-gevolg vraagstuk gekyk word, is dat kinderliteratuur in 'n groot mate geïgnoreer word in die Afrikaanse literatuurondersoek. Gretel Wybenga en Maritha Snyman (2005a: 12) is dit met my eens dat dit tot nadeel van enige literêre kanon is:

Die Afrikaanse kinderletterkunde is 'n grootliks onontginde terrein ook omdat dit tradisioneel steeds nie as deel van die hoofstroom-, die "regte" letterkunde, beskou word nie. Geen taal kan bekostig om 'n deel van sy letterkunde te ignoreer nie, nog minder só as dit 'n relatief "klein" letterkunde is, soos die Afrikaanse.

Die gevolg is nie net 'n gebrek aan aandag nie, maar ook 'n groot leemte aan navorsing oor kinderliteratuur. Hiermee saam is daar 'n tekort aan mense wat spesialiseer op die gebied van kinderliteratuur, met die gevolg dat daar 'n "nypende tekort aan wetenskaplike inligting oor Afrikaanse kinder- en jeugboeke op alle vlakke" is (Wybenga en Snyman, 2005a: 13). Selfs in vergelyking met jeugliteratuur word kinderliteratuur afgeskeep en is daar uiteindelik min studies sedert 1990, wat slegs op Afrikaanse kinderliteratuur fokus en direk op hierdie studie van toepassing is. Sedert 1990 is daar tien studies oor (Afrikaanse) kinderliteratuur wat direk van toepassing is op my navorsing en word by die literatuurstudie in hoofstuk drie bespreek. Ander studies, hetsy oor Afrikaanse jeugliteratuur of ander letterkundes, en meer informele publikasies oor die genre, is egter steeds van groot waarde en sal, waar van toepassing, deur die loop van hierdie studie erkenning kry. Weens beperkte Afrikaanse en Suid-Afrikaanse bronne word daar ook baie gebruik gemaak van die kennis en insig van etlike ander rolspelers betrokke by kinderliteratuur, om so erkenning te gee aan die rol wat hulle binne die kinderliteratuur-sisteem speel.

Naas die akademiese doelwit van hierdie studie, wil ek ook hê dat die betrokke studie as 'n basis moet dien van waar daar verdere studies oor die kinderliteratuur as deel van die hoofstroom gedoen kan word. Ek eggo hiermee die sentiment van Zohar Shavit (1986: x):

I believe that the time has arrived to extricate children's literature from the narrow boundaries of the past and to place it in the foreground of literary scholarship, facing the future.

Naas die mindere akademiese status van die genre en die negatiewe implikasies van kinderliteratuur se marginale posisie in die literêre kanon, is daar ook die gepaardgaande negatiewe implikasies van die marginalisering van kinderboekskrywers binne die literêre kanon. Kyk 'n mens na literatuurgeskiedenis is daar selde 'n kinderboekskrywer wat opgeneem word as hy of sy nie ook literatuur vir volwassenes gepubliseer het nie (vgl. Gouws, 1995:90). Frairer-Wessels en Van der Walt (1999: 95) meld in hul artikel dat die enigste uitsondering hierop die skrywer, Alba Bouwer, is wie se roman *Die afdraand van die dag is kil* boonop deurgaans "haar eerste roman vir volwassenes" genoem is. Verder meen hulle dat hierdie resepsietipering duidelik aandui dat dié twee tipes boeke nie as gelykes beskou word nie: "[D]ie een word in diskriminerende terme ten opsigte van die ander gebruik" (Frairer-Wessels en Van der Walt, 1999: 95; vgl. ook Shavit, 1986: ix). Hierdie verskynsel blyk steeds waar te wees as daar vandag nog vir een van ons mees gesogte en produktiewe kinderboekskrywers, Jaco Jacobs wat ook onder skuilname soos Tania Brink publiseer, gevra word: "Wanneer gaan jy nou 'n 'regte' boek skryf?" (Snyman en Du Plessis,

2008). 'n Multidissiplinêre benadering ondersteun die doelwit om ook erkenning aan die kinderboekskrywers en ander rolspelers betrokke by die kinderliteratuur-sisteem te gee.

Laastens word daar deur die ondersoeksvraag geïmpliseer dat daar na 1990 bepaalde veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het. As deel van 'n studie oor die kinderliteratuur-sisteem, is dit myns insiens belangrik om ondersoek in te stel na enige noemenswaardige veranderinge wat in die onlangse geskiedenis plaasgevind het en na te gaan in watter mate dit die kinderliteratuur-sisteem beïnvloed het. Vrae wat in terme van die ondersoek na die veranderinge beantwoord moet word is die volgende: Het daar werklik enige (belangrike) veranderinge plaasgevind en indien wel, wat is die veranderinge? Wat het die veranderinge veroorsaak? Wat is die implikasies van die veranderinge? Wie of wat is alles betrokke by die prosesse verbonde aan die veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem? Wat is of was hierdie prosesse, aktiwiteite of gebeure?

As aanloop tot 'n bespreking van die impak wat die veranderinge na 1990 op die kinderliteratuur-sisteem gehad het, word die konteks en agtergrond waarbinne die veranderinge hul oorsprong het, nagegaan. Gevolglik sal die historiese oorsig ook deel uitmaak van die motivering vir die gebruik van die datum 1990 as keerpunt in die ondersoek na die veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem. Die fokus van die historiese oorsig sal op Afrikaanse kinderliteratuur wees met verwysing na die ontwikkeling van kinderliteratuur oor die algemeen.

Ten einde die doelwitte van die studie te realiseer, moet daar 'n navorsingsmetodiek wees wat aan die behoeftes kan voldoen. Vervolgens sal die sisteem-benadering en polisisteemteorie uiteengesit word ter verheldering van die navorsingsmetodiek.

1.3 Sisteem-benadering en die polisisteemteorie

1.3.1 Inleiding

Soos genoem, beoog ek om met hierdie studie nie net klem te plaas op die literatuur self nie, maar ook op al die rolspelers en prosesse wat betrokke is by die vervaardiging en hantering daarvan. Dit is belangrik dat insigte van persone wat tans in die veld is verreken word sodat die beskrywing van hoe kinderliteratuur as deel van ander groter sisteme, spesifiek die literêre sisteem, so omvattend as moontlik is. Vir hierdie doel is daar op 'n sisteem-benadering, meer spesifiek die polisisteemteorie, soos ontwikkel deur Itamar Even-Zohar, besluit.

Twee studies oor kinderliteratuur wat ook van die sisteem-benadering en die polisisteemteorie gebruik maak en as aanknopingspunt vir die betrokke studie dien, is *Poetics of Children's*

Literature deur Zohar Shavit (1986) en "'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur" deur Betsie van der Westhuizen (1999). By die eerste studie, *Poetics of Children's Literature* deur Zohar Shavit, val die klem op die universele kenmerke en ontwikkeling van kinderliteratuur met spesifieke verwysings na en toepassings op Hebreeuse kinderliteratuur en die Hebreeuse kinderliteratuur-sisteem. Shavit het saam met Even-Zohar gewerk en in die tyd van haar boek se publikasie was die gebruik van die polisisteem-benadering nog nuut en relatief onbekend, veral as toepassing op kinderliteratuur. Shavit (1986: x-xi) bewoord haar benadering as volg:

Hence, the point of departure in my study is the assumption that children's literature is part of the literary polysystem, that it is a member of a stratified system in which the position of each member is determined by socioliterary constraints. Thus, it is an integral part of society's cultural life, and only as such, should it be analyzed.

Shavit (1986: 179-180) se klem val deurgaans op die beperkinge wat die komplekse netwerk van sisteme op kinderliteratuur plaas en hoe die genre dit regkry om ten spyte daarvan te funksioneer en te ontwikkel. In hierdie studie gaan die klem nie soseer val op die beperkinge wat aan kinderliteratuur gestel word nie, hoewel dit onvermydelik is, maar op die wyse waarop die genre funksioneer as sisteem op sy eie en sisteem binne 'n komplekse netwerk van sisteme.

Die tweede studie is die artikel deur Betsie van der Westhuizen genaamd "'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur." Die studie spruit uit 'n kommer oor die misplaaste gerustheid van die algemene publiek oor die ontwikkeling van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur en die swak funksionerende literêre bedryf wat die kern van die probleem is. In ooreenstemming met die doelstellings van hierdie studie, lewer Van der Westhuizen 'n betoog ter vermyding van waardeoordele ten opsigte van die kinderliteratuur, ten einde algemene waarnemings en bevindinge weer te gee, en maak sy enkele voorstelle oor die manier waarop die stand van sake bevorder kan word. Soos Van der Westhuizen fokus ek ook op die literêre sisteem en, in ooreenstemming met hierdie studie, plaas Van der Westhuizen ook klem op die belang van die kind se leeservaring in terme van die vorming van 'n lesende bevolking. Die groot verskil tussen hierdie studie en Van der Westhuizen s'n, is hoe die terme kleuter-, kinder- en jeugliteratuur gebruik word. Weens die beperkte omvang van Van der Westhuizen se studie stel sy in 'n voetnoot dat "[a]lhoewel daar 'n duidelike onderskeid tussen die drie genres – kleuter, kinder- en jeugliteratuur – getref kan word, sal die term *jeugliteratuur* as drieledig-inklusiewe begrip ter wille van bondigheid verderaan gebruik word" (1999: 139). In hierdie studie gaan die klem meer val op die daarstel van 'n duidelike

definisie van kinderliteratuur waarvolgens die ongewenstheid van 'n sambreelterm soos jeugliteratuur verduidelik en die gebruik daarvan uitgeskakel of beperk word.

Met bogenoemde twee studies as ondersteuning vir die gebruik van die polisistees teorie en as bewyse van die sukses wat reeds behaal is om die sistees teorie op kinderliteratuur toe te pas, gaan die polisistees teorie vervolgens bespreek word.

1.3.2 Die oorsprong en algemene eienskappe van die polisistees teorie

Even-Zohar (1990a: 1-2) beskryf die werk van die Russiese Formaliste as die grondslag of fondament vir die polisistees teorie. Een van die belangrikste kenmerke van die Russiese Formalisme wat deur die polisistees teorie oorgeneem is, is die feit dat die teorie nie beperk kan of moet word tot die literêre veld nie. 'n Konsep wat Even-Zohar hieruit ontwikkel is "dinamiese funksionalisme"; dit word gebruik om aan te dui dat literatuur nie gesien moet word as 'n geïsoleerde aktiwiteit in die samelewing nie, maar as 'n integrale en soms sentrale en magtige deel daarvan. In dié verband noem Venter (2006: 37) dat Even-Zohar een van die eerste teoretici is "wat literatuur as 'n dinamiese polisistees binne die groter polisistees van kultuur beskryf het." Met behulp van die polisistees teorie kan daar dus rekenskap gegee word aan groter kompleksiteite (sisteme) as net die literatuur.

Even-Zohar (1990a: 3-5) sê verder dat die doel van die literatuurwetenskap, in terme van dinamiese funksionalisme, nie is om te interpreteer of waardeoordele te maak nie, maar om wel as teorie in dinamiese interaksie met en afhanklikheid van die onderwerp wat bestudeer word, te staan. Die polisistees teorie ondersteun dus die betrokke studie se doelstelling om nie waardeoordele uit te spreek nie, maar om bloot die Afrikaanse kinderliteratuur-sistees te ondersoek en weer te gee soos dit vandag daar uitsien. Die funksionele benadering word verder gebaseer op die analise van verhoudings tussen sisteme, met 'n sistees wat as 'n "geordende geheel van elemente" beskryf kan word (Odendal, 1973: 14).

Oor die jare is die twee funksionele benaderinge tot sisteme egter nooit versoen nie, naamlik die benadering tot statiese sisteme (sinchronies) en die benadering tot dinamiese sisteme (diachronies). Sinchronie verwys met ander woorde hier na iets wat buite tyd of los van die geskiedenis bestaan, terwyl diachronie weer verwys na iets wat binne 'n tydsraamwerk bestaan of gebonde aan die geskiedenis is (Even-Zohar, 1990b: 9-10 en Odendal, 1973: 31).

Vir hierdie twee sisteme om saamgevoeg te word moet daar eerstens erken word dat beide sinchronie en diachronie histories is, m.a.w. 'n sistees bevat beide, is staties en dinamies, en beide is sisteme op hul eie. Tweedens hoef die idee van gestruktureerdheid en

gesistematiseerdheid nie meer geïdentifiseer te word met homogeniteit nie, maar kan die semiotiese sisteem as 'n heterogene en oop struktuur beskou word – hier praat 'n mens dan nie meer van 'n uni-sisteem nie, maar van 'n polisisteem (Even-Zohar, 1990b: 9-11). Even-Zohar (1990b: 11) bied die volgende definisie vir polisisteem:

[A] multiple system, a system of various systems which intersects with each other and partly overlap, using concurrently different options, yet functioning as one structured whole, whose members are interdependent.

Met behulp van die polisisteem word die objek (eienskappe en fenomene) in so 'n mate by semiotiese navorsing geïntegreer, dat dit 'n soort voorwaarde vir voldoende begrip van die semiotiese veld word. Dit beteken dat enige isoleerbare deel van die kultuur of objek en die funksies daarvan, slegs bestudeer en verstaan kan (behoort te) word in verhouding met die ander objekte of dele van kultuur. Dit impliseer byvoorbeeld dat literatuur vir kinders nie beskou word as 'n fenomeen op sy eie nie, maar in verhouding met literatuur vir volwassenes (Even-Zohar, 1990b: 13 en 2005: 4; vgl. Ook Senekal 1983: 13).

Belangrik by die integrasie van die heterogene, dinamiese en funksionele aard van die polisisteem is Even-Zohar (1990b: 13-14) se konsepte van die sentrum en die periferie. Die struktuur van 'n sisteem behels die hiërargiese ordening van sy fenomene net soos die verskillende sisteme binne die polisisteem hiërargies georden is. Hiërargie binne die polisisteem veroorsaak dat daar konstante struweling tussen die sisteme en fenomene van elke sisteem is. Die 'oorwinning' van een fenomeen of sisteem oor 'n ander veroorsaak verandering binne die sisteem of polisisteem, en lei tot óf sentripetale (middelpuntsoekende) beweging óf sentrifugale (middelpuntvliedende) beweging. Die polisisteem het egter nie net een sentrum en een periferie nie, maar verskeie wat met mekaar oorvleuel. Een van die funksies van die polisisteemteorie is om die oordrag van fenomene tussen die sisteme te ondersoek en onder andere vas te stel hoekom dit gebeur. Die polisisteemteorie bied dus 'n manier om na te vors wat al die bydraende faktore is of was by die veranderinge wat vanaf 'n bepaalde punt in die kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het en hoekom dit 'n effek op die sisteem gehad het. 'n Mens sou ook die invloed wat die kinderliteratuur-sisteem op ander sisteme het, kon gaan naspour.

Nog 'n konsep rakende die literêre sisteem wat vir Even-Zohar (1990b: 15-16 en 1973: 14) van groot belang is, is die kanon. Besprekings rondom die kanon sluit veral die volgende drie terme in: gekanoniseer, ongekanoniseer en kanonisiteit. Wanneer die term gekanoniseer gebruik word, word daar verwys na die sogenaamde groot of belangrike literêre norme en werke wat deur die dominante kringe binne 'n kultuur as legitiem aanvaar word en uiteindelik

bewaar word as deel van die historiese erfenis. So impliseer die gebruik van die term ongekanoniseer weer daardie literêre norme en werke wat deur die dominante kringe verwerp word as nie-legitiem en dikwels oor die langtermyn deur die gemeenskap of samelewing vergeet word. Beide gekanoniseerde en ongekanoniseerde literatuur moet verder opgedeel word in subsysteme, naamlik genres. Kanoniseit is in die lig hiervan geen inherente kenmerk of eienskap van enige aktiwiteit op enige vlak nie, maar die uitkoms van die magsverhoudinge binne 'n sisteem. Ten einde die marginale posisie van kinderliteratuur binne die kanon beter te verstaan, is dit gevolglik nodig om kennis van die kanon en die gepaardgaande magsverhoudinge in die sisteem te hê.

Spanning tussen die gekanoniseerde en ongekanoniseerde kultuur (literatuur) is universeel en dit is die wedywing wat uit hierdie spanning vloei wat die kanon dinamies hou. Belangrik om te onthou is dat die ongekanoniseerde literatuur, oftewel subkultuur, nie weglaatbaar is binne enige literêre sisteem nie, want sonder die stimulasie wat die subkultuur bied, sal die kanon verstar en gevolglik stagneer. As kinderliteratuur dus as ongekanoniseer gesien word, beteken dit nie dat dit van min of geen waarde vir die kanon en literêre sisteem is nie. Even-Zohar (1973: 18 en 1990b: 16-17) gaan selfs een stap verder en sê dat kinderliteratuur nie geïdentifiseer hoef te word met ongekanoniseerde literatuur nie, ten spyte van die ondergeskikte status daarvan teenoor literatuur vir volwassenes. Die rede hiervoor is dat strukture wat eens op 'n tyd effektief en betekenisvol was by literatuur vir volwassenes met verloop van tyd oorgeneem word deur kinderliteratuur om daar weer iets nuuts en uniek te wees. Wat met ander woorde naïef geword het vir volwassenes, is uitgedwing na kinderliteratuur om daar volledig aanvaar te word. Gevolglik meen Even-Zohar dat strukture nie verdwyn nie, maar aanbeweeg van 'n gekanoniseerde sisteem vir volwassenes na ander literêre sisteme.

As 'n reël is die kern van die polisistiem identies aan die mees gesogte gekanoniseerde repertorium en beteken dit dus dat dit die groep mense is wat in beheer van die polisistiem is, wat uiteindelik die kanon of gekanoniseerdheid van 'n sekere repertorium bepaal. Die repertorium verwys hier na die versameling wette en elemente, soos taalverskynsels, tekselemente, woorde en so meer, wat die produksie van sekere tekste bepaal. Die repertorium is waar kanonisering die konkreetsie gesien kan word en dien as basis van die stryd om gekanoniseerdheid en posisie in die sentrum van die literêre sisteem. Dit is egter belangrik om te onthou dat die repertorium nie self bepaal watter dele daarvan gekanoniseer kan word of bly nie – die status van enige literêre repertorium word bepaal deur die verhoudings wat bestaan in die polisistiem. Gevolglik kan die literêre kanon ook nie net beskou word as 'n versameling tekste of 'n repertorium nie, aangesien dit net gedeeltelike

manifestasies van die literatuur is. Hierdie manifestasies se gedrag kan ook nie verduidelik word deur hul eie struktuur nie, maar deur hulle gedrag wat deur die literêre polisteem verstaanbaar word. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word, is dat as 'n mens daarin belangstel om die literêre industrie as 'n komplekse aktiwiteit te verstaan, 'n mens dit nie volledig kan analiseer deur net na die produkte te kyk nie (Even-Zohar, 1990b: 17-19). So word die doelwit om ook aan die verskillende rolspelers betrokke by kinderliteratuur erkenning te gee, geakkommodeer deur die polisteemteorie in so verre die produk, die kinderboek, nie die enigste fenomeen of element in die sisteem is waarna daar gekyk word nie.

Daar is twee vlakke van kanonisiteit, naamlik statiese en dinamiese kanonisiteit. By statiese kanonisiteit word 'n sekere teks aanvaar as 'n gefinaliseerde produk en toegevoeg tot die gekanoniseerde literatuur. Dinamiese kanonisiteit aan die ander kant, is waar 'n sekere literêre model dit regkry om sigself te vestig as 'n produktiewe beginsel in die sisteem deur die sisteem se repertorium. Dinamiese kanonisiteit is baie belangrik vir die sisteem se dinamika en sorg vir die ontwikkeling van die kanon. In die lig van hierdie soort kanonisering probeer skrywers hul tekste in die kanon kry, maar probeer hulle ook dat die teks opgeneem word as 'n manifestasie, 'n suksesvolle aktualisering van 'n sekere model wat gevolg is. As dit nie so aanvaar word nie, toon dit dat die skrywer geen invloed of effektiwiteit binne die literêre sisteem het nie en hou hy of sy dan dikwels op met skryf (Even-Zohar, 1990b: 19). As die model hier beskou word as die genre kinderliteratuur, kan 'n mens redeneer dat die marginale aard of sekondêre aard van die genre gelei het tot die ontkenning van die skrywers van die genre as ware skrywers. In die lig hiervan kan die status en funksie van skrywers as rolspelers binne die kinderliteratuur-sisteem ondersoek word.

Soos reeds genoem, behoort die literêre polisteem aan 'n groter polisteem, naamlik kultuur, waaraan dit onderworpe en gelykvormig is en daarom korreleer dit met die groter geheel en al sy komponente. Even-Zohar (1990b: 22-25) praat hier van die intra-verhoudings van die polisteem en sê gevolglik dat die literêre polisteem bestaan uit talle instansies, byvoorbeeld literêre ideologieë, uitgewerye en literêre groepe, elk met 'n eie semi-onafhanklike sosio-kulturele sisteem met wette waaraan hul gehoorsaam – almal integrale faktore van die groot literêre sisteem. In direkte verband hiermee praat Even-Zohar ook van die inter-verhoudings van die polisteem, met klem op die korrelasies wat 'n sisteem in stand hou met ander sisteme wat deur ander gemeenskappe onderhou word. Gevolglik is die studie van die mate waartoe een sisteem by 'n ander kan inmeng vir die polisteemteorie baie belangrik. Wanneer die proses van inmenging geïgnoreer word, is daar geen verklaring vir die funksie en verskyning van nuwe items in 'n repertorium nie en daarom is dit belangrik dat

die aspekte wat by die studie van letterkunde afgeskeep word, byvoorbeeld kinderliteratuur, gesien moet word as belangrike studie-onderwerpe om die proses van inmenging te verstaan. Hier word daar onder andere gekyk na die oordrag van eienskappe, idees, strukture en dies meer, van een polisistiem na 'n ander of tussen die sisteme van 'n polisistiem.

1.3.3 Die literêre sisteem


Even-Zohar (1990c: 28) bied twee formulerings vir die definisie van 'n "literêre sisteem":

The network of relations that is hypothesized to obtain between a number of activities called "literary", and consequently these activities themselves observed via that network.

Of:

The complex of activities, or any section thereof, for which systematic relations can be hypothesized to support the option of considering them "literary".

Ten einde die netwerk van die literêre sisteem voor te stel en uit te beeld, pas Even-Zohar (1990c: 31-34) Jakobson se kommunikasie model aan om die volgende elemente in te sluit:



Dit is belangrik om te onthou dat daar geen direkte korrelasie is tussen Jakobson en Even-Zohar se modelle nie. Die grootste klem-verskuiwing is vanaf Jakobson se model wat gerig is op verbale kommunikasie na Even-Zohar se model wat fokus op die literêre sisteem. Verder is Even-Zohar se skema hoofsaaklik ontwerp om die makro-faktore wat teenwoordig is binne die funksionering van die literêre sisteem te ondersoek, sonder om die individuele literêre faktore te ignoreer. Hieruit volg dat die teks nie meer die enigste of belangrikste faset van die sisteem is nie. Die inkorporering van beide die makro- en mikro-faktore van die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem is dan ook 'n belangrike invalshoek vir hierdie studie.

Daar hoef ook nie 'n a priori hiërargie van belangrikheid te wees tussen al die faktore wat betrokke is by aktiwiteite wat as literêr bestempel kan word nie. Dit is genoeg om die interafhanklikheid tussen die faktore te erken en te besef dat hul funksies nie in isolasie beskryf kan word nie. Gevolglik sê Even-Zohar dat 'n verbruiker 'n produk wat geproduseer is deur die produsent mag verbruik, maar vir so 'n produk (soos 'n teks) om gemaak te word moet daar eers 'n algemene repertorium bestaan waarvan die bruikbaarheid bepaal word deur sekere institusies. 'n Mark moet bestaan waar al hierdie produkte verhandel kan word (Even-

Zohar, 1990c: 31-34). Ten einde elke element van die literêre sisteem en hul wisselwerking of interafhanklikheid beter te verstaan, gaan elkeen vervolgens kortliks bespreek word.

1.3.3.1 Produsent

Even-Zohar (1990c: 34-35 en 1997: 30) verkies om eerder te praat van 'n produsent as van 'n skrywer, aangesien die term "skrywer" verskeie ongewenste konnotasies het. In die geskiedenis van die literatuurwetenskap is daar heelwat beperkings op die rol en aard van die produsent geplaas. Een van die redes hiervoor is dat die skrywer as die produsent beskou is, wat beteken dat die skrywer (produsent) by die teksgesentreerde benadering, met die klem op die interpretasie en verstaan van die teks, dikwels ontken of geminag is². Met die ontwikkeling van die sisteem-benadering het dit egter duidelik geword dat die produsent veel meer is as net die skrywer en gevolglik ook te 'n groot rol speel om net opgeskuif te word.

Die produsent word gevolglik deelgemaak van die literêre sisteem, veral in die werke van teoretikus Eijzenbaum, waarin die produsent verbind word met ander sisteme. In verhouding tot die ander sisteme het dit duidelik geword dat 'n produsent nie bloot 'n produk lewer nie, m.a.w. as kondisionerende mag optree nie, maar ook in die proses deur die ander sisteme beïnvloed word en so ook as 'n gekondisioneerde mag binne die literêre sisteem optree. Sou die kinderboekskrywer in dié lig gesien word, is hy of sy nie 'n passiewe en onbetrokke element in die sisteem nie, maar een wat produkte lewer, wat deur ander sisteme of elemente beïnvloed is en self ook ander beïnvloed. Die skrywer se ooglopende produk, die teks, is nou ook nie meer iets outonoom wat in isolasie staan nie, maar 'n soort manifestasie van alles wat daarop 'n invloed gehad het. Gevolglik word dit al deur die aard van die produsent vir hierdie studie moontlik om slegs die teks te hanteer as illustrasie van die veranderinge wat in die kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het.

Ter uitbreiding en inagneming van die literêre sisteem, sê Even-Zohar (1990c: 34-35 en 1997: 30) dat 'n produsent gesien kan word as 'n akteur of 'n individu wat produseer deur aktief 'n repertorium in stand te hou deur óf herhaaldelik produseerbare produkte óf nuwe produkte te produseer. Hieruit maak ek die afleiding dat alle skrywers, uitgewers en uitgewerye breedweg deel is van die produsente wat by 'n polisistemiese benadering betrek kan word. Meer spesifiek kan 'n mens sê dat dit die skrywers is wat nuwe titels lewer, die uitgewers wat die skrywers se manuskripte versorg, die uitgewerye wat die boeke publiseer en selfs

² Met die interpreterende benadering wat gekoppel word aan die teksgesentreerde benadering is slegs die teks in ag geneem. Die teks is dus 'n outonome entiteit wat onafhanklik van die skrywer (produsent) bestaan. So is die rol van die produsent gereduseer tot wat hy of sy te sê het oor die produk – 'n opinie wat maklik verwerp word in 'n soeke na die moontlike betekenis(se) van die teks (Even-Zohar, 1990c: 34).

herdruke van gewilde titels verskaf. Nog voorbeelde is marknavorsers wat voortdurend hulself toespits op die vernuwing van bestaande produkte en ontwikkeling van nuwe produkte, rolspelers (akademici geld ook hier) wat geag word as kenners en wie se bydrae deur die samelewing as legitiem aanvaar word, sodat hul bydraes lewer as kulturele, sosiale en of literêre produsente.

Even-Zohar (1997: 30-31) tref wel onderskeid tussen individuele produsente en groepsprodusente deur te sê dat die individuele produsent dikwels geen impak op die kultuur (sisteem) gaan hê nie, en selfs al het die produsent 'n impak, dit tien teen een anoniem sal bly. Ek dink hier spesifiek aan die uitgewers van boeke wie se name nooit of selde aan die leser of verbruiker bekend is. Individue wat egter deel word van innoverende produksie of 'n groep soortgelyke produsente word ad hoc aanvaar as werklike of potensiële produsente van voorraad. Dié groepsaktiwiteit behels 'n soort "industrie" wie se produkte sterker kompeteer as die produkte van enkel produsente. Hier kan 'n mens die vergelyking tref met 'n uitgewery wie se afsonderlike uitgewers almal saam bydra tot die rol wat die uitgewery binne die literêre sisteem speel.

Dit is egter belangrik om te beseft dat die produsent nie beperk kan word tot 'n enkele rol in die literêre netwerk nie, maar dat dit deel is van 'n aantal aktiwiteite wat later gedeeltelik of totaal onverenigbaar met mekaar is. Dit gaan hier dus nie oor die produsent of groep produsente nie, maar oor 'n groep mense wat op verskillende maniere betrokke is en so reeds deel uitmaak van die literêre institusies en markte (Even-Zohar, 1990c: 34-35 en 1997: 30). Die breër beskouing van die produsent ondersteun my besluit om verskeie rolspelers by my navorsing te inkorporeer.

1.3.3.2 Verbruiker

Soos wat die skrywer as produsent gesien was, was die leser tradisioneel as die verbruiker beskou. Weer sê Even-Zohar (1990c: 36-37 en 1997: 31) dat dit te beperkend is, aangesien die verbruiker, soos die produsent, ook op 'n verskeidenheid vlakke by literêre aktiwiteite betrokke is. By kinderliteratuur is dit veral belangrik, want as die verbruiker byvoorbeeld die leser en die koper is, is die leser en die koper van kinderliteratuur meestal twee verskillende persone, met die ouer as koper en die kind as leser. Even-Zohar stel dus eerder dat 'n verbruiker iemand is wat 'n gemaakte produk hanteer deur passief 'n repertorium te onderhou, met ander woorde die verbruiker identifiseer raakpunte tussen die produk en sy eie kennis van 'n repertorium ten einde die produk te verstaan, te ontsyfer, ensovoorts. Binne die sisteembenadering en algemene sisteemteorie staan die manier waarop 'n teks deur 'n leser gerealiseer word of betekenis kry ook bekend as konkretisering (Malan, 1983: xxiii). 'n Kinderboek sal

dus net suksesvol wees as daar raakpunte is tussen die repertorium wat al aan die kind bekend is en die repertorium wat vir die teks gebruik is. Dit is nog 'n kwessie wat by hierdie studie onder die loep kom.

Aangesien die verbruiker by kinderliteratuur beide die kind en die volwassene is, is die verbruikers se gedrag maklik teenproduktief by die ondersteuning en bevordering van die genre. Die grootste rede hiervoor is die verskillende behoeftes by die volwassene wat die boek koop en die kind wat die boek lees (vgl. Shavit, 1986: 93-96). Binne die groot versameling verbruikers kan 'n mens ook onderskei tussen indirekte verbruikers wat toevallig die literêre tekste wat oor hul pad kom verbruik, en direkte verbruikers wat doelbewus belangstel in en betrokke is by die literêre aktiwiteit. In terme van die volwassene en die kind as verbruikers is 'n verdere kompleksiteit die feit dat beide indirekte en direkte verbruikers kan wees, met die volwassene wat gelyktydig as beide kan optree. Dink byvoorbeeld aan 'n onderwyser wat aan kinders 'n storie voorlees. Dit was die onderwyser wat 'n keuse van teks gemaak het en aktief betrokke is by die literêre aktiwiteit van voorlees en dus 'n direkte verbruiker is. Die kind wat aktief betrokke raak by die aktiwiteit deur doelbewus in die storie belang te stel, is ook 'n direkte verbruiker, maar die kind wat net luister omdat hy of sy moet, is weer die indirekte verbruiker. Dieselfde geld wanneer 'n ouer en kind in 'n boekwinkel is en die kind 'n boek op die rakke kies en vir die ouer vra om dit te koop. Die kind is hier die een wat aktief betrokke is deur belang te stel in die stories en self een uit te kies, terwyl die ouer die indirekte verbruiker is deur 'n boek te koop wat, sonder die rol van die kind, heel moontlik nie eens onder sy of haar aandag sou gekom het nie (Even-Zohar, 1990c: 36-37 en 1997: 31).

1.3.3.3 Institusie

Die institusie bestaan uit die versameling faktore betrokke by die instandhouding van literatuur as 'n sosio-kulturele aktiwiteit en bepaal wat die norme van hierdie aktiwiteit is, deur sommige goed te keur en ander te verwerp. Die institusie word bemagtig deur en is deel van ander dominante sosiale institusies wat veroorsaak dat dit kan bepaal wie en watter produkte deur die samelewing vir 'n lang tyd onthou sal word. Dit kan verder, soos die mark, as die bemiddelaar tussen sosiale magte en repertoriums van kultuur gesien word. Die institusie is nie 'n homogene liggaam wat in harmonie saamwerk nie, maar dien eerder as ruimte waar die verskillende organisasies en faktore wedywer vir dominansie, om in die sentrum van die institusie te kom en so die "establishment" te word. Hierdie wedywing is egter nie destruktief nie, aangesien die verskeidenheid van literêre sisteme dit toelaat dat 'n groot aantal institusies gelyktydig in die sisteem kan funksioneer. Dit is net nog 'n faset van die dinamiese aard van die polisisteem wat ook bydra tot die feit dat dit die institusie is wat

die aard van produksie en die verbruik van die produkte beheer. Die institusie sluit in minstens 'n gedeelte van die produsente, kritici, uitgewerye (en uitgewers), (vak)tydskrifte, klubs, (groepe) skrywers, regeringsliggame, opvoedkundige instansies, die media in al sy vorme en meer (Even-Zohar, 1990c: 37-38 en 1997: 32). Aangesien een van die doelstellings van hierdie studie is om so veel as moontlik van die rolspelers betrokke by die kinderliteratuur-sisteem te betrek, word al hierdie institusies as relevant geag.

1.3.3.4 Mark

Even-Zohar (1990c: 38-39 en 1997: 33) meen die mark is die versameling faktore by die koop en verkoop van literêre produkte met die promosie van vorme van verbruik (Adendorff, 2003: 22). Die mark sluit in die eerste plek handelsinstellings in soos boekwinkels, boekklubs en biblioteke, asook alle ander faktore wat deel uitmaak van die semiotiese (simboliese) wisseling met ander verwante aktiwiteite. Soos die institusie dien die mark as bemiddelaar tussen die poging van die produsent om 'n produk te maak en die kanse van die produk om suksesvol sy doel (teikenmark) te bereik. Die rol van die mark en die institusie moet egter nie verwar word nie, want alhoewel die faktore by elk in dieselfde ruimte werksaam mag wees, is die doel van die mark om wins te maak en nie die sukses of mislukking van 'n produk te bepaal nie – die mark bied slegs die ruimte waarbinne daardie rol van die institusie uitgevoer kan word. Dit is wel moontlik vir agente of persone om in beide die mark en institusie werksaam te wees. Adendorff (2003:23) verduidelik dit as volg:

'n Tersiêre inrigting, as 'n onderafdeling van die institusie, bekragtig die tipe produk wat die sentrum van die institusie wil verkoop deur voorskrywing aan studente, terwyl dit ook die werklike mark uitmaak waaraan die produk verkoop moet word.

Belangrik vir die studie van kinderliteratuur en die nasporing van ontwikkelinge in die betrokke veld, is Even-Zohar (1990c: 36-37, 39) se stelling dat 'n beperkte mark die moontlikhede vir literatuur om te ontwikkel as 'n sosio-kulturele aktiwiteit, beperk. Een van die redes hiervoor is dat die grootste versameling verbruikers binne die polisisteem 'n relasionele netwerk van mag is wat die lot, die sukses al dan nie, van 'n produk kan bepaal – hierdie netwerk word omskryf as die mark. 'n Ontwikkelende of vinnig groeiende mark is dus baie belangrik vir enige literêre sisteem. Vir hierdie studie sal ek kyk na rolspelers in die mark, soos onderwysers, ouers, asook uitgewers, boekwinkels en biblioteke.

1.3.3.5 Repertorium

Die repertorium is die aanwyser van die versameling reëls en materiale wat die maak en hantering, of produksie en verbruik, van 'n produk beheer (Even-Zohar, 1990c: 39 en 1997: 20). Adendorff (2003: 23) sê dat die repertorium in tradisionele linguistiese terme 'n

kombinasie van taal en leksikon is. Sy gaan verder en sê dat as die waarneembaarste manifestasie van die literatuur die teks is, die repertorium al die reëls en items is wat daartoe bydra dat 'n teks geproduseer en verstaan word.

Even-Zohar (1990c: 39-40 en 1997: 20) meen dat vir sinvolle of suksesvolle kommunikasie om tussen die produsent en verbruiker plaas te vind, daar 'n sekere mate van gedeelde kennis of voorkennis van die repertorium tussen die partye moet wees. So ook bepaal die grootte van die mark of gemeenskap die grootte van die repertorium en bepaal die aard, volume en omvang van 'n repertorium (nie die repertorium self nie) die gemak en vryheid waarmee die produsent en verbruiker in die sosio-kulturele omgewing kan rondbeweeg. Hoe ouer en meer gevestig 'n repertorium is, hoe meer geneig is dit om nie net van ander beskikbare sisteme gebruik te maak vir ontwikkeling nie. Ook hier kry 'n mens aktiewe repertoriums, wat gebruik word by die produksie van 'n produk, en passiewe repertoriums wat gaan oor die verbruik of hantering van die produk. Vir enige repertorium is dit altyd belangrik om beskikbaar en toeganklik te wees ten einde suksesvol en volhoubaar te wees.

Volgens Even-Zohar (1990b: 26) is dit verder ook onmoontlik vir enige literêre sisteem om te funksioneer met 'n klein repertorium en daarom moet 'n sisteem en repertorium uit die staanspoor voortdurend daarna streef om uit te brei en te ontwikkel. Die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem is klein en die ontwikkeling daarvan noodsaaklik. Hier bied die polisisteemteorie op 'n manier self 'n motivering vir die bestudering van die veranderinge en ontwikkelinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem met verdere klem op die noodsaak om die genre te help om nog verder uit te brei.

1.3.3.6 Produk

Die basiese definisie wat Even-Zohar (1990c: 43-44 en 1997: 27) van die produk gee, is dat die produk, die item wat onderhandel en hanteer is tussen deelnemende faktore in 'n kultuur, die konkrete voorbeeld van kultuur is. Wat die produk vir literatuur is, is moeiliker om te bepaal, aangesien die produk dikwels benader word in terme van 'n ander produk of funksie wat dit vervul – dit is met ander woorde nie eenvoudig of enkelvoudig nie. Even-Zohar gebruik die voorbeeld van 'n bank, en vra die vraag of die produk van die bank geld of die diens van finansiële handel is? As literatuur in dié lig gesien word, produseer dit tekste, maar ook onder andere die skrywers van die tekste en die genres waarbinne die tekste geskryf is – alles aspekte wat by hierdie studie bespreek gaan word. Die uitgebreide siening van die produk dien as nog 'n rede hoekom daar in hierdie studie nie alleen op die tekste gefokus gaan word nie.

1.4 Motivering vir die gebruik van 'n sisteem-benadering en die polisisteemteorie by die bestudering van (kinder)literatuur

Soos Van der Merwe en Viljoen (1998: 51), beskou ek nie literatuur as "n kwessie van tekseienskappe" nie, maar as 'n "komplekse sosiale instelling" wat as 'n komplekse geheel funksioneer. Op grond hiervan stel ek dan dat literatuur 'n sisteem is wat uit etlike subsysteme, waarvan kinderliteratuur een is, bestaan en dat dit interafhanklik is van ander sisteme in die samelewing. Gevolglik is 'n sisteem-benadering die gewenste invalshoek by die bestudering van literatuur, en so ook kinderliteratuur. Hiermee saam het die sisteem-benadering 'n multidisiplinêre karakter en is dit geskik "om probleme te ondersoek wat 'n groot mate van maatskaplike relevansie besit en daardeur nie alleen die aandag van die klein kring van literatuurwetenskaplikes trek nie" (Van der Merwe en Viljoen, 1998: 143-144). Soos reeds genoem, is 'n benadering wat 'n multidisiplinêre studie van die kinderliteratuur-sisteem toelaat, ideaal.

Die teoretiese grondslag wat gebruik gaan word, is die polisisteemteorie soos ontwikkel deur Itamar Even-Zohar. Buiten vir die wyse waarop die polisisteemteorie die sisteem-benadering verryk, bied dit ook 'n raamwerk waarvolgens die komplekse literêre sisteme rakende kinderliteratuur op verskeie vlakke bestudeer kan word. Die polisisteemteorie ondersteun verder ook 'n multidisiplinêre benadering wat noodsaaklik is vir 'n deeglike beskrywing van hoe kinderliteratuur vandag binne die breër literêre sisteem funksioneer. Só 'n beskrywing hang saam met een van die doelwitte, naamlik die samestelling van 'n algemene definisie vir die term kinderliteratuur. Vir hierdie doelwit is die polisisteemteorie geskik, aangesien daar 'n herdefiniëring van konsepte binne 'n sisteemteorie, soos die polisisteemteorie, kan plaasvind (Adendorff, 2003: 31). Soos vroeër genoem, hang die definisie van kinderliteratuur nie bloot af van die aard van die literatuur nie, maar juis van hoe die leser, die kind, verstaan word. Vir die omskrywing van 'n definisie moet daar dus na meer as net die literatuur gekyk word en dus is die polisisteem, wat daarna strewende om rekenskap van groter kompleksiteite as net die literatuur te gee, geskik.

Even-Zohar (1990b: 19) sê dat 'n mens nie die literêre industrie of sisteem as 'n komplekse aktiwiteit kan verstaan deur die analise van tekste (produkte) alleen nie. Intendeel, 'n teks is eerder 'n uitkoms of manifestasie van die wisselwerking tussen die verskillende sisteme wat 'n invloed het op die kinderliteratuur-sisteem. Deur gevolglik nie net op tekste te fokus nie, kan al die sosio-kulturele en politieke invloede op die sisteem nagespeur word om te sien wat die invloede op die veranderinge in die literêre sisteem na 1990 is. So kan die voorbeeld-tekste

wat vir hierdie studie gebruik word, gekies word op grond van hoe duidelik hulle die veranderinge in die sisteem uitbeeld.

Direk verwant aan die wisselwerking tussen sisteme, is die mate waartoe een sisteem by 'n ander kan inmeng vir die polisisteemteorie baie belangrik. Volgens Even-Zohar (1990b: 22-25) moet die proses van inmenging nie geïgnoreer word nie, aangesien dit as verklaring vir die funksie en verskyning van nuwe items in 'n repertorium dien. Hy meen dit is juis om hierdie rede dat dit belangrik is dat aspekte wat in literatuurstudies afgeskeep word, byvoorbeeld kinderliteratuur, gesien moet word as belangrike studie-onderwerpe om die proses van inmenging te verstaan. Hier word daar onder andere gekyk na die oordrag van eienskappe, idees, strukture en dies meer, van een polisisteem na 'n ander of tussen die sisteme van 'n polisisteem. Met betrekking tot die stelling dat kinderliteratuur nie geïdentifiseer behoort te word as ongekanoniseerde literatuur nie, maar dat dit wel op die rand van die kanon lê, bied die polisisteem verder ook van staanspoor 'n raamwerk waarbinne die marginale status van kinderliteratuur benader kan word as 'n "normale" tog ongewenste verskynsel (vgl. weer Even-Zohar, 1990b: 15-16 en 1973: 14)

Die polisisteemteorie aanvaar verder die noodsaaklikheid van interaksie tussen alle geïnteresseerdes en belanghebbendes by die literatuur en ondersteun dus 'n interdisiplinêre benadering tot die interaksies tussen die verskillende rolspelers, soos letterkundiges, sielkundiges en opvoedkundiges in die sisteem (Adendorff, 2003: 29). Weens hierdie eienskap van die polisisteem is dit moontlik om meer erkenning aan rolspelers soos skrywers, uitgewers en lesers te gee.

Volgens Even-Zohar (1990a: 3-5) behels die toepassing van die polisisteemteorie, veral teen die agtergrond van dinamiese funksionalisme, dat 'n mens nie passief in jou toepassing van die teorie kan wees nie, maar jou denke moet rig op aktiewe navorsing, ondersoek en toepassings. In die lig hiervan en die erkenning van individuele rolspelers binne die literêre sisteem, ondersteun die polisisteemteorie kwalitatiewe metodes van ondersoek, soos onderhoude en eposkorrespondensie met individue, wat vir hierdie studie gebruik word.

Uiteindelik bied die polisisteemteorie 'n bruikbare metode of benadering tot die wyses waarop die literatuur, gevolglik ook kinderliteratuur, daadwerklik funksioneer (vgl. Adendorff, 2003: 31). Ten einde dieper te delf in hoe die kinderliteratuur-sisteem funksioneer, gaan daar in hoofstuk twee gekyk word na die definisie van kinderliteratuur wat berus op die ouderdom van die leser daarvan. Daar sal ook aandag gegee word aan die problematiek van die sambreelterm jeugliteratuur en gebruik van die term genre. Hoofstuk drie dien as

literatuurstudie met die bespreking van die tien studies oor kinderliteratuur wat direk op die betrokke studie van toepassing is. Hoofstuk vier bied 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van kinderliteratuur tot en met 1990, insluitende 'n betoog waarom 1990 beskou kan word as 'n datum waarop veranderinge begin plaasvind het. In hoofstuk vyf word die veranderinge sedert 1990 geïdentifiseer en bespreek. Hoofstuk ses dien as bespreking van hoe die veranderinge in sekere tekste sigbaar is. Hoofstuk sewe bied 'n algemene gevolgtrekking asook die definisie van kinderliteratuur soos dit vandag daar uitsien.

Hoofstuk 2 – 'n Definisie van kinderliteratuur

2.1 Inleiding

'n Vraag na die definisie van kinderliteratuur, bring 'n mens te staan voor die vrae, "wie is die kind?" en "wat is kinderliteratuur?" 'n Moontlike rede vir die onbeantwoorde status van die vraag lê by die feit dat kinderliteratuur dikwels bespreek word onder die sambreelterm jeugliteratuur. Hierdeur word die problematiek van onderskeidings en onderafdelings in die genre aan die lig gebring. Jeugliteratuur word dikwels beskou as 'n sambreelterm waaronder onderafdelings soos bababoeke, prenteboeke, kleuterliteratuur, kinderliteratuur en jeugliteratuur ressorteer. Myns insiens is elkeen van hierdie onderafdelings 'n genre op sy eie en sal hierdie studie, ter voorkoming van verwarring, elke onderafdeling as sodanig hanteer. In dié verband sal kinderliteratuur byvoorbeeld beskou word as 'n genre met sy eie subgenres soos die avontuurverhaal, en nie as 'n subgenre van byvoorbeeld jeugliteratuur nie. Deur die genres geskei te hou, kan die problematiek van 'n sambreelterm die beste verduidelik en aangedui word.

'n Voorbeeld waar die gebruik van die sambreelterm voorkom, is in een van die mees omvattende artikels wat in die onlangse tyd oor die tendense in kinderliteratuur verskyn het, naamlik "Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur" deur Frairer-Wessels en Van der Walt (1999: 95-105). Die artikel betrek onder andere aspekte van die akademie, politiek, verskillende Afrika-tale, die oorskryding van grense tussen genres en die effek wat dit het op die temas en tendense in die hedendaagse kinderliteratuur. Die artikel begin deur alleenlik te verwys na kinderliteratuur, maar teen die vierde hofie word kinder- en jeugliteratuur nie meer van mekaar onderskei nie en word hul saam bespreek. Soos wat die fokus skuif na die oorskryding van grense tussen genres val die klem al meer op jeugliteratuur en literatuur vir volwassenes. Ten spyte van die uitstekende insigte in die artikel sou 'n skeiding tussen die genres kinderliteratuur en jeugliteratuur verder verhelderend wees.

Kortom kan 'n mens dus sê dat 'n duidelike definisie van kinderliteratuur nodig is omdat dit 'n genre is wat 'n blywende impak op die ontluikende leser se siening van lees kan hê en daar goeie kennis en begrip van die teikenmark by alle betrokkenes moet wees. Hiermee saam is daar die uitdaging vir die kinderboekskrywer wat die leefwêreld van die kind moet kan betree, en die aanduiding dat dié genre dan juis ook op grond van sy lesers gedefinieer word. In die lig hiervan is dit eienaardig dat daar nie 'n enkele, duidelike definisie van kinderliteratuur is nie.

'n Moontlike rede hiervoor kan afgelei word uit 'n artikel van Greyling (2005: 100-103) waarin sy verwys na die problematiek rondom die leser se identifisering met karakters. Greyling stel dit dat die verskillende dissiplines betrokke by kinderliteratuur en die verskillende fasette van die literatuurwetenskap daartoe lei dat daar 'n klomp verskillende definisies of sienings is oor wat kinderliteratuur is, maar nie 'n duidelike basisopvatting wat universeel geldig is nie. In Engelse studies, soos die van Irma du Plessis (2004: 11 en 105), kom dieselfde problematiek van genre-onderskeidings en –onderafdelings voor, wanneer "children's literature" as sambreelterm gebruik word waaronder "youth literature" val. Du Plessis (2004: 105) stel haar betoog vir die gebruik van 'n sambreelterm as volg:

The decision to use the broader category of children's literature in this study, rather than employing, for example, the notion of juvenile or youth literature, which perhaps seems more appropriate given the thematic of this study, is deliberate and arises from perhaps the concern not to fragment the field of study further with imprecise, even if perhaps justifiable, sub-categories.

'n Mens kan dus sê dat die probleem (insluitende die verwarring oor subgenres en verwysings daarna as "imprecise") in Afrikaans lê by die sambreelterm jeugliteratuur, maar in Suid-Afrika by die onduidelikheid rondom die leesstadia en ontwikkeling waardeur die kind gaan tot volwassenheid.

In die lig hiervan sal daar eerstens vasgestel word wat met die term genre bedoel word sodat die problematiek van die sambreelterm jeugliteratuur beter verstaan kan word. Tweedens sal hierdie problematiek verduidelik word ten einde 'n bykomende motivering vir die noodsaaklikheid van 'n algemene definisie van kinderliteratuur daar te stel. Laastens sal daar begin word met die samestelling van 'n algemene definisie vir die begrip kinderliteratuur deur veral klem te plaas op die vasstelling van die relevante ouderdomsafdeling van die genre.

2.2 Die term "genre" en die gevaar van die sambreelterm "jeugliteratuur"

Van der Merwe en Viljoen (1998: 62-63) maak die stelling dat die term genre eintlik vandag in onguns verval het, aangesien dit "beskou word as 'n stel dooie reëls wat 'n mens se kreatiwiteit inhibeer." Hul gaan egter verder deur te noem dat dit 'n ongewenste ingesteldheid is, aangesien genres 'n sentrale rol speel by die kommunikasie en interpretasie van tekste, siende dat dit die gedeelde konteks bied waarbinne skrywers en lesers mekaar kan verstaan. Meningsverskille oor wat 'n teks beteken, hang dus gewoonlik saam met genrekonvensies waarbinne ons 'n teks moet lees. In hierdie opsig kan 'n mens sê dat duidelikheid oor die term genre belangrik is, aangesien die meningsverskille oor wat kinderliteratuur is ook saamhang

met die meningsverskille oor wat die genrekonvensies (-gebruike³) is waarbinne 'n mens so 'n teks moet lees.

Een van die funksies van 'n genre is om die waarde van 'n teks binne die groter literêre sisteem te bepaal; dit is dus 'n belangrike aspek binne enige (poli)sisteemstudie van die letterkunde. Soos wat die dinamiese en historiese aard van die polisisteem suggereer, is die genre nie 'n vaste entiteit nie, maar veranderlik, veral in terme van die konvensies wat behoue bly, verwerp word of nuwes wat geskep word (Van der Merwe en Viljoen, 1998: 66).

In terme van die problematiese gebruik van die sambreelterm jeugliteratuur, is my redenasie dat die literatuur wat 'n 6-jarige lees nie direk vergelykbaar is met dié van 'n 16-jarige nie, aangesien die aard en inhoud daarvan verskillend is. Hierdie verskille het veral te make met die kodes en konvensies wat by kinder- en jeugliteratuur onderskeidelik gebruik word (vgl. Van der Merwe en Viljoen, 1998: 68-69). Dit moet verkieslik saam met die ontwikkelingsvlak van die kind val ten einde toeganklik vir die kind te wees. Die hoofrede hiervoor is dat die kodering in 'n boek vir 'n 16-jarige, op grond van die ontwikkelingsvlakke van die mens (kind), te moeilik sal wees vir 'n 6-jarige (Van der Westhuizen, 1999: 134). Hoe die tekste vir elke kind benader en geproduseer word, sal dus noodwendig verskil ten einde die teikenleser suksesvol te bereik. Alhoewel die genres kinderliteratuur en jeugliteratuur familietrekke mag hê wat die gebruik van 'n sambreelterm regverdig, is die twee soorte boeke so afhanklik van die ontwikkelingsfase van die mens dat dit nie as een en dieselfde ding bestempel kan word nie, net soos wat 'n kleuter en 'n tiener nie dieselfde "ding" is nie.

Die genrekodes en -konvensies wat by kinderliteratuur gebruik word, speel myns insiens 'n groot rol by die bepaling van die definisie van kinderliteratuur. Indien 'n mens aanvaar dat kinderliteratuur en jeugliteratuur twee verskillende genres is, impliseer dit ook dat die genrekodes en -konvensies van elkeen van mekaar gaan verskil. Gevolglik kan die definisie van kinderliteratuur nie dieselfde as die definisie van jeugliteratuur wees nie. Ten einde die gebruik van 'n sambreelterm uit te skakel, moet daar duidelikheid verkry word oor die definisie van elke genre wat onder die sambreelterm jeugliteratuur val. Weens die fokus van hierdie studie, sal daar vervolgens slegs ondersoek ingestel word na die definisie van kinderliteratuur.

³ Ter verdere verduideliking: "Genres is [...] belangrik omdat dit 'n stel gebruike of konvensies skep waarbinne die literatuur van 'n tydperk gemaak en verstaan kan word" (Van der Merwe en Viljoen, 1998: 75).

2.3 Soeke na 'n basisopvatting oor die definisie van die begrip kinderliteratuur

Uit die motivering en doelstellings vir hierdie studie blyk dit dat 'n duidelike en algemene definisie van kinderliteratuur noodsaaklik is, maar in 'n groot mate ontbreek. Soos genoem, meen Greyling (2005: 100-103) dat 'n moontlike rede hiervoor die multidisiplinêre aard daarvan is, sodat daar verskeie opvattinge is oor die definisie van kinderliteratuur, maar geen duidelike basisopvatting wat universeel geldig is nie. 'n Vertrekpunt vir so 'n basisopvatting kan wel gevind word by die standpunt dat kinderliteratuur verskil van literatuur vir volwassenes in soverre die kind die aard en inhoud van die teks bepaal (Frailer-Wessels en Van der Walt 1999: 95). Shavit (1986: 3-4) gaan so ver as om te sê dat sonder deeglike begrip van die konsep kinderjare ("childhood") en die erkenning van die feit dat 'n kind se behoeftes uniek en anders is as volwassenes s'n, kinderliteratuur nie kan bestaan nie.

Die kruis van die definisie van kinderliteratuur, is dus die kind, en gevolglik moet daar bepaal word wat met die term "kind" bedoel word. Een aspek van die mens wat bepaal of jy as kind of volwassene beskou word, is jou ouderdom, en juis daarom moet daar na die ontwikkelingsfases van die mens gekyk word as deel van die soeke na 'n algemene basisopvatting vir die definisie van die begrip kinderliteratuur.

2.4 Die ontwikkelingsfases van die mens

Kinderliteratuur, as internasionaal erkende genre, het heelwat later as literatuur vir volwassenes ontstaan. Een van die primêre redes hiervoor, is dat die begrippe "kinders" en "kinderjare" eers moes ontwikkel, en dit het eers in die sewentiende eeu plaasgevind. Tot en met die sewentiende eeu is kinders geensins anders beskou as volwassenes nie en gevolglik was daar nie iets soos kinderliteratuur nie. Die nuwe siening van die kind, asook die literatuur wat geskik is vir die kind, is bepaal deur die samelewing. Soos die samelewing se siening van die kind en kinderliteratuur verander het, het dié konsep en genre ook verander en ontwikkel. Gevolglik is die konsep van die kind nie vas nie, maar verander dit vandag steeds soos die samelewing se siening daarvoor verander. 'n Konstante wat wel in die opvatting omtrent die kind en sy literatuur bestaan, is die feit dat daar aan die kind se behoeftes en sy begrip van die wêreld voldoen moet word. Anders gestel, moet die inhoud van die literatuur pas by die ontwikkelingsfase waarin die kind homself bevind (Shavit, 1986: 3-7).

Sedert die bewuswording van die kind en sy andersheid ten opsigte van die volwassene, is daar al baie navorsing gedoen oor die ontwikkelingsfases van die mens, van 'n hulpelose baba tot 'n bejaarde wat dikwels terugkeer tot 'n soortgelyke afhanklikheid van die mense om hom. Voorbeelde van hierdie navorsing is dié van die Duitse sielkundiges, Lersch en Kroh, wat

heelwat aandag aan die geestelike ontwikkeling van die kind geskenk het (Snyman, 1983: 16). Rita Ghesquiere (2007: 59-63, 69-73; vgl. Lohann, 1986: 6-9) verwys in haar werk onder andere na denkers soos Busemann en Erikson, wat in hul studies van die groeiprosesse van die mens klem plaas op die feit dat hierdie prosesse nooit 'n eindpunt bereik nie. Charlotte Bühler, wat volgens Ghesquiere (2007:59) geag word as een van die belangrikste ontwikkelingspsigoloë, se studies fokus veral op die ontwikkelingsloop van die mens met 'n verdere fokus op onder andere die kinderjare en puberteit. Erik H. Erikson is 'n ego-psigoloog wat in sy studies oor die ontwikkeling van die mens, veral die kind, klem plaas op die mens se besef van 'n eie ek en 'n eie identiteit. Jean Piaget kyk weer vanuit die strukturalisme na die groeiproses van die mens en plaas klem op die feit dat die mens se ontwikkeling nie chaoties verloop nie, maar uitloop op 'n groter harmonie.

Al die ontwikkelingsfases van die mens word in die samelewing erken en geakkommodeer, insluitend in die letterkunde. Volwassenes kies watter literatuur hulle wil lees met slegs hul eie voorkeure om in ag te neem. Vir die kind is dit nie so eenvoudig nie, want al sou 'n jong genie die nuutste en dikste top verkoper wou bemeester, plaas sy bewussyn van die lewe om hom en sy leesvermoë stremming op die mate van sukses wat hy daarmee sal behaal. Elke lewensfase van die mens kan riglyne bied oor wat van 'n mens op 'n spesifieke leeftyd verwag kan word. Daar word tussen hierdie leeftye of ontwikkelingsfases onderskeid getref deur dit in ouderdomsgroepe in te deel. Gevolglik moet daar vasgestel word wat die ouderdomsgroep is van die leser van kinderliteratuur. Vir hierdie studie word daar gefokus op die kind wat self begin lees en dus sal die algemene ouderdom waarop 'n kind leer lees en die ouderdom waarop kinderliteratuur van jeugliteratuur geskei kan word, primêr ondersoek word.

Ten einde 'n deurdagte en beredeneerde ouderdomsonderskeiding daar te stel sal die volgende kwessies ondersoek word: die algemene definisies van die genre kinderliteratuur, soos ondersteun deur teorieë oor die ontwikkeling van 'n kind, en die ouderdomsafbakenings vir kinderliteratuur gebruik deur literêre toekennings, uitgewers, boekwinkels en biblioteke.

2.5 Die ouderdomsgroep van die leser van kinderliteratuur

By die omskrywing van die genres, baba-, peuter-, kleuter-, kinder- en jeugliteratuur, is die aanduiding van die ouderdomsgroepe waarop dit gemik is, om verskeie redes problematies. Een van die redes is dat 'n mens veralgemenings moet maak oor 'n saak wat hom baie moeilik daartoe leen. In terme van kinderliteratuur is daar byvoorbeeld hewige debatte rondom die ouderdom waarop 'n kind begin lees, naamlik of dit op 7- of 8-jarige ouderdom is. Hierdie debatte sluit aan by die dispuut oor die ouderdom waarop die kind ophou om prentebouke te lees en begin om geskrewe kinderliteratuur te lees. My eerste instink was om bloot te aanvaar

dat die ouderdom waarop 'n kind begin lees 7 jaar is, die skoolgaande ouderdom. Dit het egter gelei tot 'n meningsverskil met Maritha Snyman en Miemie du Plessis van LAPA Uitgewers (Snyman en Du Plessis, 2008), wat van mening is dat 7 jaar nog te vroeg is vir die kind om self as 'n leser gesien te word. 'n Beter ouderdom hiervoor, meen hulle, is 8 jaar. Vanuit 'n uitgewers-oogpunt lees kinders van 7 jaar nog prentebouke en begin hulle maar net om self te lees.

Dit blyk dat boekwinkels ook sukkel met 'n duidelike afbakening van ouderdomsgroepe wanneer dit kom by die indeling van kinderboeke. *Exclusive Books* maak in hulle publikasie *The children's best books guide 2008* (2008:2-3) twee indelings vir die ouderdomsgroep 6 tot 9 jaar. Die eerste hofie lui: "Learning to read", en sluit "Reading aloud" en "Reading independently for the first time" in. Die tweede hofie lui: "Young fluent readers." *Exclusive Books* (2008:17) sê onder die hofie, "Ages 6 to 9: Reading aloud", dat daar twee leesvlakke in hierdie ouderdomsgroep is: "[T]he level children can manage on their own, and the level they can understand but cannot read by themselves." Hulle bied onder die hofie "Age 6 to 9: Learning to read" (2008:16) moontlike redes vir hoekom daar so 'n groot spektrum van leesvaardigheid is en hoekom die variasie in die ouderdomsgroep 6 tot 9 jaar so groot is:

When children start school they are usually excited about learning to read and can't wait to read stories for themselves. Often, though, they are disappointed because reading turns out to be more difficult than they expected. Many children, even clever ones, take quite a long time to learn to read.

Wat vir my uitstaan, is die feit dat *Exclusive Books* die kind wat begin lees groepeer saam met die kind wat skool toe gaan. Ek vra myself dus af of die skoolgaande ouderdom, ongeag van die leesvermoë van die kind op dag een van sy eerste skooljaar, nie tog 'n geldige beginpunt is by die afbakening van kinderliteratuur nie? Nie twee kinders is dieselfde nie en dit is ook so dat 'n mens van kinders hoor wat al op 4 of 5 jaar begin lees. Dit is juis hierdie unieke aard van elke kind wat ongelukkigheid veroorsaak by die keuse van 'n algemene ouderdomsafbakening, maar vir die doel van hierdie studie is dit egter noodsaaklik (vgl. Lohann, 1986: 6 en Mahler, 2004).

Vanuit 'n suiwer akademiese standpunt kan 'n mens redeneer dat met die afbakening van die ouderdomsgroep, daar slegs gefokus moet word op die sielkunde en ontwikkelingsfasies van die kind (waarby ingesluit is leesvermoë). Binne 'n sisteemstudie word daar egter ook aandag gegee aan die wyse waarop literatuur binne die praktyk funksioneer en sal daar ook kennis geneem word van die wyse waarop instellings soos boekwinkels en biblioteke die genre omskryf.

2.5.1 Die taal- en literatuurwetenskap, sielkunde en opvoedkunde se benadering tot die afbakening van die ouderdomsgroep vir kinderliteratuur en bestaande definisies van kinderliteratuur

Vir die basiese definisies van die begrippe in Afrikaans verwys ek na wat die *Elektroniese WAT* (2009: s.v. "peuter", "kleuter", "kind" en "jeug") onder elkeen sê:

"Peuter: Kind i.d. ontwikkelings stadium tussen 'n suigeling en 'n kleuter, gew. tussen die ouderdom van een en twee en 'n half jaar"

"Kleuter: baba, kind"

"Kind: Jong menslike wese voor die tyd van geslagsrypheid of ook voor volwassenheid; jong menslike wese tussen (i) die babatyd en skoolgaande ouderdom (klein kind, jong kind, kleuter) en (ii) tussen die skoolgaande ouderdom en puberteit (skoolkind), maar ook dikwels (iii) tydens puberteit (puber), en soms ook (iv) tussen puberteit en volwassenheid (jongmens), asook (v) tydens meer as een van hierdie tydperke of almal gesamentlik"

"Jeug: Tydperk van jonk te wees; jong leeftyd by die mens; lewens tydperk tussen kindsheid [childhood] en rypheid of volwassenheid; meer bep.: (a) lewens tydperk vanaf die geboorte, maar meestal vanaf die begin van die puberteit, die ontwikkeling van die geslagsdrang en sekondêre geslagskenmerke, tot die tyd dat liggaamlike en geestelike rypheid bereik word; tydperk tussen die kindsheid en die volwassenheid, d.w.s. ± van die 12de tot 21ste jaar; adolessensie; (b) lewens tydperk vanaf die ontwikkeling van die geslagskenmerke tot die najeug (± 12de tot 17de jaar); (c) eindfase van geestelike en liggaamlike ryping (± 17 tot 22 jaar) waarin die persoon hom maatskaplik invoeg in die wêreld van die volwassene; adolessensie (in enger sin)."

Vir hierdie omskrywing is dit duidelik dat die samestellers van Afrikaans se mees omvattende woordeboek ook voor die kompleksiteit van die mens se lewens fases en hoe om dit te kategoriseer, te staan kom. In die definisies kry 'n mens in breë trekke die spektrum wat die terme dek, maar sien 'n mens ook hoe moeilik dit is om 'n byna kliniese ouderdomsafbakening te maak. Vanuit die definisies van die terme is die enigste konkrete afleiding wat gemaak kan word, dat 'n mens se "jeug" op 12-jarige ouderdom begin en dus ook van toepassing is op die ouderdom waar daar gepraat kan word van jeugliteratuur. Uit die *Elektroniese WAT* se definisies kan 'n mens voorlopig kinderliteratuur en jeugliteratuur van mekaar onderskei deur te sê dat jeugliteratuur gemik is op lesers van 12 jaar en ouer.

Skrywers benader die ouderdomsgroepe ook op hul eie manier, soos gesien kan word uit die drie ouderdomsgroepe wat Joan Aitken, 'n suksesvolle kinderboek-skrywer in Engeland, geïdentifiseer het (oorgeneem deur Van der Merwe, 1993: 84):

Small: Children who can't yet read themselves (Two very good examples of books for this age group are Anne Walton's *We shouldn't keep it* and Niki Daly's *Not so fast, Songololo*.);

Medium: "The most interesting group," Aitken says, which "extends from children who have begun to read to themselves for pleasure, up to the age where they cease to want their reading matter illustrated, and begin to borrow books from the adult library." These are the nine-to-fourteen-year-olds;

Large: Readers for whom "a thing called the teenage novel has been invented." And according to Aitken, "The criteria for teenage novels are, in fact, a complete reversal from those for the medium age group."

Nog 'n skrywer en kenner wat nie 'n spesifieke definisie van kinderliteratuur gee nie, maar tog fokus op die belang van die ontwikkelingsfases van die kind vir die inhoud van die stories, is Jenny Seed. Seed is een van Suid Afrika se mees produktiewe en wyd gepubliseerde Engelse kinderboekskrywers en was een van die eerste Suid-Afrikaanse skrywers om internasionaal gepubliseer te word. Haar reputasie as een van die mees gelese Engelse kinderboekskrywers in Suid-Afrika gee haar die titel as "the mother or perhaps grandmother of South African English children's literature" (Van der Walt, s.a.). In Seed se artikel "The craft of writing for children" (1988: 223), plaas sy klem daarop dat die eerste ding wat 'n skrywer moet doen, is om seker te maak dat hy of sy skryf vir hul teikenmark en beaam so die nut van 'n duidelike definisie vir kinderliteratuur. In breë trekke noem Seed dat daar vier ouderdomsgroepe is: 0 tot 5 jaar, 6 tot 8 jaar, 9 tot 11 jaar en die groep 12 jaar en ouer. In die lig van die drie kategorieë wat Aitken voorstel, kan 'n mens sê dat 0 tot 5 jaar by die "small" groep val, 6 tot 11 jaar by die "medium" groep en 12 jaar en ouer by die "large" groep. Wat weereens hier uitstaan, is dat twee van Seed se groepe, 6 tot 8 jaar en 9 tot 11 jaar, by Aitken se "medium" groep lê. Hier sien 'n mens hoe selfs skrywers dit nie eens is oor wat die ouderdomsindelings behoort te wees nie. Hierdie afwesigheid van definitiewe grense by die ouderdomsgroepe val ook saam met die bespreking van *Exclusive Books* se gediversifiseerde indeling vir ouderdomsgroep 6 tot 9 jaar uit die vorige afdeling.

Die joernalis, resensent en "Children's Book Guide" vir About.com, Elizabeth Kennedy (2009a), maak drie ouderdomsafbakeninge. Die eerste is 0 tot 3 jaar, "Books for babies to three year olds" (Kennedy, 2009b) met klem op die voorlees van stories. Tweedens is daar die ouderdomsgroep 4 tot 9 jaar, "Children's Books From Picture Books to Chapter Books

and More" (Kennedy, 2009c), waar die oorgang van voorlees tot selflees duidelik is. Dertens is dit die ouderdomsgroep 9 tot 12 jaar, "Children's books and young adult books" (Kennedy, 2009d), waar die oorgang van die kinderboek na die jeugboek figureer.

In haar boek *Het verschijnsel Jeugliteratuur* gee Rita Ghesquiere (2007:10; vgl. Van Gorp e.a., 1991: 201-202), 'n Vlaamse letterkundige, die volgende algemene definisie vir kinder- en jeugliteratuur:

Meestal verwijst jeugd naar de leeftijdsfase tussen kind-zijn en volwassen- worden. Jeugd is dan zowat synoniem van puberteit-adolescentie. Hanteerd men deze engere betekenis, dan is jeugdliteratuur de literatuur van en voor de leeftijdsgroep van 12-16-jarigen. [...] Kinderliteratuur heeft altijd een specifieke betekenis. De term verwijst na boeken en teksten voor kinderen vanaf de peuterleeftijd tot ongeveer 11 á 12 jaar (puberteit).

Uit Ghesquiere se definisie is dit duidelik dat jeugliteratuur se ouderdomsafbakening begin by 12 jaar, wat dit ook 'n afsnypunt vir kinderliteratuur maak. Haar definisie van kinderliteratuur stel egter net dat die ouderdomsafbakening vir kinderliteratuur eindig by 11 of 12 jaar en begin by peuters, sonder om werklik aan te dui wat die ouderdom van 'n peuter is.

In 'n volgende hoofstuk in haar boek, spreek Ghesquiere (2007: 60) wel die term peuter aan wanneer sy skryf oor die basiese ontwikkelingsfases van die kind:

Tussen 2 en 4 jaar zoekt de peuter een evenwicht tussen aanpassingen en eigen ontwikkeling, wat resulteert in kleine botsingen (eerste protesfase). Later onderwerpt het kind zich aan de zakelijke eisen van de omgeving (5 tot 8 jaar). Hij is realistisch en leert omgaan met de dingen. Hij ontdekt plicht en inspanning en past zich aan de verschillende milieus aan (gezin, school, leeftijdgenoten). Daarna haalt de subjectieve opnieuw de bovenhand (9-13 jaar).

Die enigste plek waar die term peuter in die bogenoemde aanhaling voorkom, is by die ouderdom 2 tot 4 jaar, waarna die term "kind" gebruik word vir dié tussen 5 tot 13 jaar. Uit die formulering is dit onduidelik of kinderliteratuur op ouderdom 2, 5 of 9 jaar begin. Die breë ouderdomsgroep en die onduidelikheid van waar die leeftyd van die peuter eindig en dié van die kind begin, hou myns insiens verband met die gebrekkige definisies van kinderliteratuur.

Lydia Snyman, een van die literatore wat die definisie van kinderliteratuur aanraak, bied nie in haar boek *Die kind se literatuur* (1983: 12) 'n duidelike definisie nie, maar sê bloot dat kinderliteratuur literatuur is wat geskik is vir kinders:

Wat is kinderliteratuur? Normaalweg is die antwoord dat dit boeke is wat vir kinders geskik is. Maar "geskik" is hier so 'n vae begrip dat dit op baie verskillende maniere geïnterpreteer kan word – meesal volgens die betrokke persoon se gesindheid en belangstelling.

Die problematiek rondom die term "geskik" word deur Lydia Snyman (1983: 13-16) opgelos deur eerstens na te gaan wat literatuur is en hoe kinderliteratuur binne hierdie raamwerk inpas. Haar gevolgtrekking sluit aan by die algemene idee van die leser wat sentraal taan binne die definisie. Lydia Snyman gaan wel verder deur te sê dat daar ook sekere stylkenmerke in die literatuur is wat kan help met die onderskeid:

Die verskil moet dus gesoek word in die aard van die werk as sodanig, sodat 'n mens op grond hiervan 'n keuse uit die literatuur kan maak wat dan as *kinderliteratuur* beskryf kan word. Kinderliteratuur is dus 'n deel van die literatuur wat hom van die res onderskei deur bepaalde kenmerke of elemente (Snyman: 1983: 14-15).

Een van die belangrikste stylkenmerke is die feit dat die storie vanuit die belewenisveld (of minstens met die belewenisveld in gedagte) van die kind geskryf word. Die woordeskat van die kind is in hierdie opsig baie belangrik, maar ook 'n probleem, want hoe bepaal 'n mens wat die kind se woordeskat is? Lydia Snyman sê dat die oplossing op hierdie vraag lê by die vasstelling van die kind se belewenisveld, wat weer saam met die ontwikkelingsfases (geestelike ontwikkeling) van die kind val.

Op grond van die navorsing van Heinz Rempelin, identifiseer Lydia Snyman (1983: 17-31; vgl. Lohann, 1986: 9-11) die volgende ontwikkelingsfases. Eerstens is daar "die suigelingsfase" (die baba) waar die menslike denke nog nie ontwikkel het nie en dus, in terme van kinderliteratuur, buite rekening gelaat kan word. Tweedens is "die kleinkindfase" wat onderverdeel word in "die leeftyd van spraakverwerwing (1½-2½ jaar)"; "die eerste koppigheidsfase (2½-3½ jaar)" en "die "Ernstspielalter"⁴ (3½-5½ jaar)." Derdens is daar "die grootkindfase" wat onderverdeel word in "die leeftyd van die eerste 'Gestaldwandel'⁵ (5½-6½ jaar)"; "die middelste kinderjare (6½-9 jaar)" en "die latere kinderjare (± 9-12 of 13)" en vierdens "die jeugfase." Elkeen van hierdie fases word breedvoerig op sielkundige vlak bespreek, maar nie werklik in terme van die literatuur nie. Lydia Snyman maak wel gebruik van die verhaal *Dirkie van Driekuul* deur Alba Bouwer, om te illustreer hoe die verhaal met die belewenisveld van die kind strook en tref hoofsaaklik vergelykings met die grootkindfase. Die relevante aspekte omtrent die verhaal wat genoem word, sluit in illustrasies wat steeds

⁴ "Die 3½-5½ jarige boots in sy spel dikwels met groot erns die werkende volwassene na – vandaar die benaming 'Ernstspielalter'" (Snyman, 1983: 19).

⁵ "Die tydperk van die ontwikkeling van die liggaamlike en geestelike *gestalte* [...]" (Lohann, 1986: 10).

aanwesig is, maar nie meer in kleur hoof te wees nie, aangesien die kind van ongeveer 7 jaar 'n vorm-kyker geword het en minder ingestel is op kleur. Hiernaas noem Lydia Snyman ook die klankrykheid van die teks wat pas by die grootkind se taalvermoë wat steeds besig is om te ontwikkel, die verduideliking van abstrakte terme wat die grootkind nog nie kan verstaan nie, en dies meer. Uit die ontwikkelingsfases wat Lydia Snyman geïdentifiseer het, is dit duidelik dat die grootkindfase van ongeveer 5½ tot 12 of 13 jaar strek, maar die afleiding kan gemaak word dat sy tog meer klem op die middelste kinderjare as selfleesfase plaas, wanneer sy later na spesifiek die ouderdom 7 jaar verwys.

Nog 'n letterkundige, Carl Lohann (1986: 6-13), sluit direk by Ghesquiere en Lydia Snyman aan deur ook te verwys na die teorieë van die mens se ontwikkeling, soos uiteengesit deur Piaget, Bühler en Remplein, maar plaas dan meer klem op hoe die ontwikkelingsstadia aanpas by die lektuur van die kind. Volgens Lohann (1986: 11) is dit nodig om 'n onderskeid te tref tussen kinders wat nog nie kan lees nie, die "nie-leesstadium", en kinders wat reeds kan lees, die "leesstadium." Vir hierdie studie gaan daar hoofsaaklik gefokus word op die kind wat al self kan lees en dus gaan ek slegs noem wat Lohann omtrent die kind in dié leesstadium sê.

In 'n neutredop, sê Lohann (1986: 12-13), val die "leesstadium" saam met die laerskooljare van die kind, met ander woorde van omtrent 6 tot 12 of 13 jaar. 'n Verdere onderverdeling word gemaak tussen die aanvangsleesfase (6 tot 8 jaar) en die "groterkindfase" (9 tot 12 of 13 jaar)⁶. Hieruit kan daar vier afleidings gemaak word: Eerstens leer die kind lees tussen die ouderdom 6 en 8 jaar, en tweedens kan die tydperk waartydens die kind leer lees gekoppel word aan die kind se eerste skooljare. Derdens eindig die groterkindfase tussen 12 en 13 jaar en vierdens kan die ouderdomsgroep van die kind wat kinderliteratuur lees, beskou word as 6 tot 12 of 13 jaar.

Binne al die definisies en indelings wat tot so ver genoem is, is dit duidelik dat die daarstel van 'n enkele algemene definisie baie moeilik is. Die meeste kenners bepaal hulle eerder by die ontwikkelingsfases van die kind en noem daarvolgens wat geskik is vir die kind se literatuur. Een algemene skeidingslyn wat wel voorkom, veral by die skrywer Aitken en letterkundige Lohann, is die ouderdom voor die kind self kan lees en die ouderdomme daarna. Die implikasie hiervan is dat die ouderdom waarop die kind begin lees 'n impak sal hê op hoe kinderliteratuur gedefinieer word.

⁶ Met ondersoek na die veranderinge en tendense in die sisteem sal die spesifieke behoeftes van die kind in terme van sy lektuur in meer diepte bespreek word.

Hoewel al die kenners so ver genoem saamstem oor die belang van die lewensfase van die kind by die inhoud van kinderliteratuur, is hulle dit nie eens oor wat die skeidingsouderdomme tussen die lewensfases is nie, en word daar ook nie saamgestem oor dit wat vir die definisie belangrik is nie. Die twee kenners wat, in terme van geskikte inhoud vir kinders van 'n sekere ouderdom, die meeste verskil, is Lydia Snyman en Jenny Seed. Aan die een kant is daar die letterkundige Lydia Snyman, met haar siening dat die teorie en sielkunde omtrent die ontwikkeling van die kind die geskikte inhoud van die lektuur rig. Aan die ander kant is daar die skrywer Seed, wat stem vir 'n meer direkte inslag waar die klem val op die belang van begrip vir die teikenmark en dit wat hulle sal wil lees – die kind word dus geraadpleeg en nie die teorieë omtrent die kind nie.

Beide Ghesquiere en Aitken beaam ook die belang van geskikte kindgerigte inhoud, maar gaan verder met die ondersoek na die spesifieke lewensfases. 'n Mens kan sê dat Aitken se 'medium' Ghesquiere se "kind" is en Aitken se "large" Ghesquiere se "jeugd" is. Die ouderdomsafbakening stem egter nie ooreen nie, want Aitken se "medium" is 9 tot 14 jaar, wat beteken dat die fase "large" by 15 begin, terwyl die ooreenstemmende "jeugd" van Ghesquiere, al by 11 of 12 jaar begin.

Carl Lohann tree myns insiens as samevatter van al die kenners op en gaan nog 'n stap verder deur die verband tussen die leesstadium en die skoolstelsel te trek. Om hierdie rede het ek besluit om ook die opvoedkunde, oftewel skoling, van die kind by die studie te betrek. 'n Voordeel van die byhaal van die opvoedkunde, is dat dié dissipline noodwendig fokus op die lewensfases, ontwikkeling, behoeftes en skoling van die kind. Die veld is wel groot en die spektrum van navorsing wyd. Die aspek van die opvoedkunde wat vir hierdie studie van die grootste belang is, is die geletterdheid van die kind en hoe die kind met literatuur in die verskillende lewensfases omgaan, met die grootste klem op die kind wat self begin lees. Die bron waarop ek besluit het vir hierdie inligting, is die regering se Departement van Onderwys en die riglyne wat hulle omtrent 'n kind se skoolgereedheid bied.

My oorwegings by die keuse van die Departement van Onderwys as bron is tweedelig. Eerstens word daar algemeen aanvaar dat 'n mens leer lees en skryf wanneer jy skool toe gaan. Sou 'n mens dit as uitgangspunt neem, kan daar geredeneer word dat 'n groot deel van die navorsing wat oor skoolgereedheid gedoen word, leesgereedheid ondersoek. Tweedens maak ek die afleiding dat die Departement van Onderwys navorsing wat al gedoen is oor skoolgereedheid nagespeur en so bepaal het wat die ouderdom vir skoolgereedheid is. Deur die Departement van Onderwys as bron te gebruik, neem ek dus algemene navorsing oor skoolgereedheid in ag wat vir hierdie studie belangrik is, aangesien skoolgereedheid verband

hou met wanneer 'n kind begin (leer) om self te lees. Dit is ook die algemene nasionale standaard waarvolgens skole benader word.

Onder die Skool Opvoedkunde Wet van 1995, wet 6 van 1995 (Departement van Onderwys, 2001), word daar slegs breedweg verwys na die 'normale graad ouderdom' wat bepaal word deur die graadnommer plus 6 om die ouderdom van die kind in daardie graad te bepaal. 'n Leerder van 7 jaar sal dus in graad 1 wees.

In 1996 is die wetgewing uitgebrei en opnuut herskryf as die Suid-Afrikaanse Skole Wet, wet 84 van 1996 (Departement van Onderwys, 2001). In een van die omsendbriewe van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys, bespreek Ron Swartz (2004) onder andere die terminologie wat binne die wet en die skoolstelsels belangrik is:

Admission age: [Learners who are] 5 years of age, turning 6 by 30 June of the admission year.

Compulsory school age: 7 years to 15 years (Grades 1 to 9).

Compulsory school-age learner: A learner within the compulsory school age.

Pre-Grade R learners: Learners younger than 4 years and 6 months on 1 January of the admission year.

Grade R learners: Learners who are 4 years of age and who will turn 5 by 30 June of a year, or who are older but not exceeding the compulsory school age.

Swartz (2004) sê ook dat 'n leerling volgens wet van 7 tot 15 jaar skool moet gaan, wat beteken dat die gemiddelde leerling op die ouderdom van 7 leer lees en skryf. In die dokument word daar wel gesê dat die "admission age" 5 tot 6 jaar is, maar dit is bloot weens 'n appèl wat teen die streng bepaling van 7 jaar ingedien is deur ouers wat voel dat hulle kinders as op 6 jaar of jonger al reg is om skool toe te gaan (Mahler, 2004).

Die wet maak dus voorsiening vir die individu en stel die jonger ouderdom steeds nie as 'n nasionale standaard nie. Die algemene ouderdom wat aanvaar word as verpligtend is 7 jaar met die implikasie dat die gemiddelde kind teen die ouderdom van 7 gereed is vir skool. Op 'n opvoedkundige en nasionale standaard is dit dus veilig om te sê dat die ouderdom waarop 'n kind self begin lees, en dus ook die ouderdom wat vir my definisie van kinderliteratuur van belang is, 7 jaar is.

2.5.2 Literêre toekennings

Literêre toekennings vorm 'n belangrike deel van enige literêre sisteem en speel 'n belangrike rol by die erkenning van 'n marginale genre soos kinderliteratuur. Ten einde te bepaal watter

boeke kwalifiseer vir 'n toekenning moet daar duidelike riglyne of vereistes gegee word en, by 'n genre wat op 'n persoon van 'n sekere leeftyd gemik is, aanduidings ten opsigte van die ouderdomsgroep of -afbakening wat ter sprake is. Die gevolg is dat literêre toekennings se riglyne ook genader kan word by die vasstelling van 'n ouderdomsgroep vir die definisie van kinderliteratuur.

Nie alle toekennings stipuleer 'n spesifieke ouderdomsgroep nie en gevolglik sal daar alleen gefokus word op die toekennings wat wel 'n duidelike afbakening het. As algemene bron gebruik ek die samevatting "Bekronings en toekennings vir Afrikaanse kinder- en jeugboeke" deur Thomas van der Walt (2005a) in Wybenga en Snyman se *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek* (2005).

Die C.P. Hoogenhout-toekenning word al sedert 1960 toegeken aan die beste oorspronklike Afrikaanse kinderboek geskik vir die kinders van 7 tot 12 jaar. Die toekenning is ingestel deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging (SABV) en is aanvanklik jaarliks gemaak, maar vanaf 1982 tweejaarliks. Tot en met 1970, met die instelling van die Katrine Harries-toekenning, het illustreerders ook in aanmerking gekom vir die prys. In 1980 is die prys oorgeneem deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese (SAIBI) wat in dieselfde jaar die SABV vervang het. In 1998 het SAIBI ontbind en is die toekenning oorgeneem deur Unisa se Eenheid vir Navorsing in Kinderliteratuur (ENIK) en, vir slegs een jaar, deur die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans. Sedert 1998 is Protea Boekhuis die borg vir hierdie toekenning. Naas die wenner word daar ook 'n lys van boeke bekend gemaak wat eervolle vermelding verdien (Van der Walt, 2005a: 165).

By die Alba Boucher-prys vir kinderliteratuur is die ouderdomsafbakening weer 8 tot 12 jaar. Dié prys is vir die eerste keer in 1987 ingestel deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en word sedert 1989 driejaarliks toegeken aan kinderboeke van hoogstaande gehalte in enige genre (Van der Walt, 2005a: 167). Op die webblad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (2000) word daar wel gestipuleer dat die ouderdomsafbakening nie té rigied toegepas moet word nie.

Die Tienie Holloway-medalje vir kleuterliteratuur is in 1969 ingestel deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die eerste prys is in 1970 toegeken. Sedert 1976 word die toekenning driejaarliks gemaak en word dit toegeken aan kleuterliteratuur, dit wil sê vir kinders onder 8 jaar (Van der Walt, 2005a: 166). Op die webblad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (2000) word daar weereens beklemtoon dat die ouderdomsafbakening van onder 8 jaar nie op 'n beperkende wyse toegepas moet word nie.

Hoewel die ouderdomsafbakening nie in yster gegiet is nie, kan 'n mens steeds die afleiding maak dat die skeidingslyn tussen kleuter- en kinderliteratuur rofweg op 7 of 8-jarige ouderdom lê.

Die ATKV-kinderboektoekenning is anders as bogenoemde toekennings, in die sin dat dit die enigste Suid-Afrikaanse toekenning is waar die weners deur kinderlesers self aangewys word. In Van der Walt (2005a: 170) se samevatting noem hy dat die indeling van die vyf kategorieë as volg is: 3 tot 5 jaar, 6 tot 7 jaar, 8 tot 9 jaar, 10 tot 12 jaar en 13 tot 15 jaar. Op die webblad van die ATKV (2005) het die indeling, sedert die verskyning van Van der Walt se artikel, al verander. Daar is steeds vyf leeskateregroeë, maar die eerste hoofkateregroeë is die voorleeskategorie en val binne die ouderdomme 3 tot 6 jaar. Hiernaas is die tweede hoofkateregroeë wat bestaan uit vier ouderdomsgroeë, oftewel vier selfleeskategorieë: 'n kategorie vir boeke gemik op kinders in graad 1-3 (7 tot 9 jaar), 'n kategorie vir boeke gemik op kinders in graad 4-5 (10 tot 11 jaar), 'n kategorie vir boeke gemik op kinders in graad 6-7 (12 tot 13 jaar) en 'n kategorie vir boeke gemik op kinders in graad 8-10 (14 tot 16 jaar). Hieruit kan afgelei word dat die ouderdomsafbakening wat op kinderliteratuur van toepassing is, val tussen graad 1 en graad 5 en gevolglik 7 tot 11 jaar en deel van die selfleeskategorieë is.

In Nederland is die gebruik van 'n "kinderjury" algemeen en het dit 'n organisasie in eie reg geword. In 'n land wat lees optimaliseer, het hulle al vroeg besef dat die teikenmark van spesifieke boeke die beste beoordelaars is. Op die webblad van De Nederlandse Kinderjury 2008 (2008) is die ouderdomsgroeë effens anders. Hier gaan dit nie soseer oor fyner indelings nie, maar oor die ouderdom kind wat kan deelneem aan die beoordelingsproses van boeke. Myns insiens is die logika daaragter dat die kind sekerlik net 'n boek sal lees en nomineer wat vir hom geskik is. Alle kinders tussen die ouderdomme van 6 tot 12 jaar mag deelneem met slegs twee "leeftijdsgroeë" wat in ag geneem moet word: 6 tot 9 jaar en 10 tot 12 jaar. Daar is dus 'n ooreenkoms tussen die ouderdomsindelings wat in Nederland en in Suid-Afrika gebruik word.

2.5.3 Uitgewers

Een van die primêre rolspelers binne die kinderliteratuur-sisteem, wat groot belang het by die bepaling van ouderdomsgroeë waarop kinderliteratuur gemik word, is die uitgewers. Uitgewers, meer nog as die skrywers of boekwinkels, moet duidelike definisies hê van die genres binne die groter literêre sisteem, veral ten opsigte van die ouderdomsgroeë vir kinders, ten einde sinvolle en bemerkbare produkte op die rakke te plaas. Anders as by

heelwat Engelse publikasies, is die indeling van ouderdomsgroepe waarop die boeke gemik is, nie so ooglopend by Afrikaanse kinderboeke nie.

In 'n poging om vas te stel wat uitgewers se standpunte is, is data ingesamel deur onderhoude te voer met uitgewers, webtuistes te besoek en katalogusse te raadpleeg. Die prominentste Afrikaanse kinderboekuitgewer tans in Suid-Afrika is LAPA Uitgewers. In die gedrukte katalogus van LAPA Uitgewers (2008: 17) is die ouderdomsafbakening vir kinderliteratuur, of boeke vir "jong lesers", 7 tot 11 jaar. Tydens 'n onderhoud wat ek met die hoof kinderboekuitgewer en bestuurder van kinder- en jeug-publikasies, Miemie du Plessis, en die direkteur van LAPA Uitgewers, Maritha Snyman, gehad het, is ek egter aangeraai om eerder hul mees onlangse indeling van 8 tot 12 jaar te volg, aangesien hul vind dat 'n kind van 7 jaar skaars begin lees en nog te jonk is om as 'n leser benader te word (2008). Die wysiging van die ouderdomsindeling is op hul webblad (LAPA Uitgewers, s.a.1) aangebring en volgens Snyman en Du Plessis is die meeste uitgewers dit met hulle eens (Snyman en Du Plessis, 2008). In 2009 het LAPA Uitgewers (s.a.2) se ouderdomsindelings op hul webblad weer verander na 7+, 9+, 11+ en 13+. In hul gedrukte katalogus van 2009 (LAPA Uitgewers, 2009b: 15-19), is daar 'n ekstra hofie "kinderboeke 7-9", wat die stelling dat 8 tot 12 jaar 'n meer geskikte ouderdomsafbakening vir kinderliteratuur is, 'n aanvegbare stelling maak.

Op heelwat van die webblaie van NB-uitgewers en selfs Protea Boekhandel, is daar skakels na hulle kinderboeke, maar word daar nie duidelik aangedui vir watter ouderdom kind hulle boeke geskik is nie. Tydens 'n onderhoud met die uitgewer Carina Diedericks-Hugo (2008a) wat tot onlangs by NB-uitgewers werksaam was en ten tye van die onderhoud pas aangesluit het by Protea, is die algemene ouderdomsafbakening waarvolgens uitgewers werk 0 tot 3 jaar, 3 tot 5 jaar, 6 tot 8 jaar, 9 tot 11 of 12 jaar, 12 tot 13 jaar en lesers bo die ouderdom van 14 jaar. Dit stem ooreen met die ouderdomsindelings wat bespreek is onder die literatuurwetenskap, opvoedkunde, sielkunde, literêre toekennings en LAPA Uitgewers en gevolglik maak ek die afleiding dat die ouderdomsindeling soos van toepassing op kinderliteratuur in hierdie geval óf 6 tot 12 jaar óf 9 tot 12 jaar is.

Maskew Miller Longman (2005) gee nie spesifiek Afrikaanse kinderboeke uit nie, maar is wel een van die primêre uitgewers van skoolboeke en werk nou saam met die Departement van Onderwys van Suid-Afrika. Op skoolvlak maak hulle die volgende indelings: Graad R verwys na die voorskoolse kind wat gemiddeld in hierdie fase 6 jaar oud is. Die grondslag (foundation) fase is graad 1-3, ouderdomme 7 tot 9 jaar. Die intermediêre fase is graad 4-6, ouderdomme 10 tot 12 jaar. Senior fase is graad 7-9, ouderdomme 13 tot 15 jaar en die FET (Further Education and Training) fase graad 10-12, ouderdomme 16 tot 18 jaar. Hierdie

indeling ondersteun 'n definisie van kinderliteratuur waarvolgens die teikenmark die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar is.

Anansi (2008), uitgewers van hoë gehalte kinderboeke met hul fokus op die biblioteekmark, noem wel op hulle webruimte dat hulle spesialiseer in prenteboeke vir graad R tot graad 3 (ouderdomme 6 tot 9 jaar) en meer gevorderde storieboeke vir die meer onafhanklike lesers in graad 4 tot 7 (ouderdomme 10 tot 13 jaar). Onder geen van hierdie twee afdelings is daar egter voorbeelde van hul boeke nie.

Fantasi (2008) is 'n uitgewery wat spesialiseer in die uitgee van Afrikaanse kinderboeke, maar op hulle internet katalogus is daar nie 'n spesifieke aanduiding van die boeke wat hulle bied nie.

2.5.4 Boekwinkels

Myns insiens is een van die belangrikste redes waarom boekwinkels ouderdomsgroepe gebruik in hulle aanbieding of klassifikasie van boeke, doodeenvoudig om die koper te help. Vir heelwat mense kan dit oorweldigend wees om voor 'n rak boeke te staan en 'n keuse te maak. Dit geld nog meer vir kinderliteratuur waar die koper nie die primêre leser, die kind, is nie, maar die ouer wat die beste keuse vir sy of haar kind wil maak.

Soos in uitgewers se katalogusse is daar nie oral 'n duidelike aanduiding van ouderdomsgroepe op die rakke van boekwinkels nie. Myns insiens is dit 'n probleem wat oorvloei uit die uiteenlopende opinies wat skrywers, uitgewers, opvoedkundiges, sielkundiges en literêre toekennings het oor die ouderdomsgroepe wat gekoppel kan word aan die genres baba-, peuter-, kleuter-, kinder- en jeugliteratuur. Om ondersoek in te stel na hoe boekwinkels die ouderdomsindelings op hul rakke hanteer, is die volgende boekwinkels as 'n steekproef gebruik, naamlik *The Book Lounge*, *Bargain Books*, *A is for Apple*, *Exclusive Books*, *Fascination Books* en die E-boekwinkel *Graffiti Boeke*.

The Book Lounge in Kaapstad is 'n onafhanklike boekwinkel onder die eienaarskap van Mervyn Sloman, en is die wenner van die Sefika Trade Bookseller of the Year Award in Augustus 2008 en 2009. Die winkel is ook in 2009 aangewys as die "overall Best Bookshop in the country" (Mervyn, s.a. en Book Lounge, 2009). Die boekwinkel is al bekend onder die Kapenaars en bied 'n vol sosiale kalender wat die weeklikse Saterdagoggend-vermaak vir kinders (3 tot 8 jaar) insluit (Cape Talk, s.a.). Een hele hoek van die onderste verdieping, gerieflik by die klein koffie en koek-area, is knus gevorm met muurskilderings, matte, sitplek en heelwat boeke. Die meeste van die boeke is Engels, terwyl die meeste Afrikaanse titels

vertalings uit Engels is. Uit al die rakindelings is daar slegs twee wat die ouderdomsgroep van die kind aandui, naamlik "Good reads 5-8" met 'n verskeidenheid titels (alles van Roald Dahl se boeke, die *Spider Wick*-boeke en boeke soos *I am reading*) en "Good reads 9-12" (met boeke soos *Huppelkind*, die *Trompie*-reeks en *Nancy Drew*).

Uit die rakindelings en die twee ouderdomsgroepe wat aangewys word, kan ek aflei dat die ouderdom waarop 'n kind kan begin oorbeweeg na boeke om self te lees ongeveer 5 jaar is. Die ouderdom wanneer die kind kan oorbeweeg na meer gevorderde boeke, met ander woorde jeugboeke, is ongeveer 12 jaar. Weereens is die ouderdom wat kinder- en jeugboeke skei 12 jaar, maar wissel die ouderdom waarop die kind self begin lees tussen 5 en 8 jaar.

Bargain Books is wel 'n kettingwinkel, maar laat elke boekwinkel tog toe om hul eie stempel af te druk. Die een aspek wat die *Bargain Books* in Willowbridge, Bellville Kaapstad, laat uitstaan, is die uitgebreide kinderboekafdeling en die kinderboekbestuurder Pat Botha, wat baie kennis op dié gebied het. As dit kom by Botha (2009) se rakindelings, sê sy dat een groot probleem met ouderdomsgroepe 'n negatiewe selfbeeld by die swakker leser is. Dit is ook so dat kinders nie almal op dieselfde ouderdom begin lees nie en daarom verkies sy om by hierdie leesvlakke nie 'n ouderdom op die rakke aan te bring nie. Tans is daar geen eksterne hulp oor hoe om die boeke in te deel nie, maar daar is wel 'n mate van hulp vir die aankoop van boeke. Hierdie aankoop hulp is egter nie die ideaal nie, aangesien die stelsel soms sê 'n boek is geskik vir 9 tot 90 jaar en dan is 'n mens weer op jouself aangewese. Sy weet hulle werk aan 'n sisteem vir ouderdomsgroepe op boeke self, maar intussen kyk sy baie na wat mense oorsee doen om haar te help. Nêrens op die rakke gee Pat Botha enige ouderdomsindings nie. Die rakke volg wel die verloop van die kind se leesvermoë deurdat dit van maklike na moeilike boeke uitgestal is. Op hierdie manier bied die rakindelings wel leiding aan die kind en die ouer. Tensy 'n mens dus na elke boek op die rak gaan kyk en nagaan vir watter ouderdom die boek geskryf is, kan ek nie 'n konkrete ouderdomsafbakening gegrond op die rakindelings van Botha gee nie.

A is for Apple is 'n spesialiteitsboekwinkel in Kloofnekweg, Kaapstad, wat primêr bababoeke tot jeugboeke aanhou. Die verkoopsdame, Claudine Solomon (2009), het gedurende 'n onderhoud bevestig dat hulle weens die omgewing waarin hulle is, meer Engelse as Afrikaanse titels aanhou, maar beplan om meer Afrikaanse titels aan te skaf. Ek het vir Solomon (2009) gevra oor hul benadering tot die rakindelings en sy sê dat dit op die oomblik nie vreeslik georden is nie weens nuwe idees oor rakke van die nuwe eienaar. Sy werk wel daaraan om die rakke weer meer georden te kry en verwys my toe na die stelsel van kodes wat hulle op die rekenaar het om haar te help. Hierdie kodes is as volg: Picture flat – 0-6

years; Chapter Books, Fiction Books - 820: 5-8 years, 821: 9-12 years, 822: young adult – 13 years and older, 850: Classic books – all ages, 810: Sticker books, 825: Early learning – 0-12 months, 890: Gift books – Fairy tale books, 870: Reference books – school going children. By die prentebouke het Solomon (2009) wel genoem dat sy die titels wat geskik is vir 2 tot 6 of 7 jaar skei van die bababouke.

Volgens die rakindelings, kodes en die inligting wat deur Solomon verskaf is, kan 'n mens aflei dat die kind wat self lees geplaas kan word iewers tussen die 6 of 7 jaar van die prentebouke en die 5-8 jaar by die fiksie bouke. Die groep "young adult" word ingedeel vanaf 13 jaar wat beteken dat die groep 9-12 jaar steeds onder kinderliteratuur val en die ouderdom 12 jaar weereens as die grens beskou kan word tussen kinderbouke en tiener- of jeugbouke.

Die enigste kettingboukwinkel waarby ek sinvolle inligting kon vind op die internet is *Fascination Books* (s.a.). Hulle kategoriseer hulle bouke as prentebouke; bouke vir kinders, onder andere met 'n hofie waaronder daar bouke is wat gemik is op die ouderdomme van 4 tot 8 jaar; onder bouke vir kinders is daar nog 'n skakel na literatuur wat gemik is op die ouderdomsgroep 9 tot 12 jaar.

In 'n poging om meer as een kettingboukwinkel te betrek, het ek ook na *Exclusive Books* se *The children's best books guide 2008* gaan kyk waarin hulle duidelike kategorieë maak. In die boukie (2008: 1) sê hulle die volgende:

We have categorized the books according to the age-groups for which we believe they are suitable. This is, however, only a rough guide since some books appeal to a very wide range. You will find older children often enjoy books meant for younger children and some avid younger readers may want to read "older" books. The most important thing is that they should enjoy reading!

Exclusive Books se ouderdomsindeling is as volg: 0 tot 3 jaar – "introducing children to books"; 3 tot 6 jaar – "picture books to read together"; 6 tot 9 jaar – "learning to read, reading aloud, reading independently for the first time"; 6 tot 9 jaar – "young fluent readers"; 9 tot 12 – "one club prize 2008"; "young adults" (2008: 2-3). In terme van die indeling wat *Exclusive Books* hier stel, sal die relevante ouderdomsgroep vir die definisie van kinderliteratuur rofweg tussen 6 tot 12 jaar wees. Die ouderdom 6 jaar, aangedui as die ouderdom waarop die kind begin lees, is verder vergelykbaar met die skoolgaande ouderdom van tussen 6 en 7 jaar en versterk so die argument dat die gemiddelde leser op 6 of 7-jarige ouderdom begin lees.

Graffiti Boeke (s.a.) is "die grootste Afrikaanse boekwinkel." By die indeling van hul boeke is daar besonder baie moeite gedoen onder die hofie "kinders." Nie net is daar 11 afdelings nie, maar by elke afdeling word daar minstens 2 boeke aangebied en by elke boek is daar 'n kort resensie, bykomende inligting oor byvoorbeeld pryse wat die boek of skrywer gewen het, en 'n duidelike aanduiding of die boek uit druk is of nie. Die indeling onder die hofie 'kinders' is as volg: kartonboekies, prentboeke, opwipboeke, kleuters, ouderdomsgroep 6 tot 9, ouderdomsgroep 10 tot 12, reekse, tieners, aktiwiteitsboeke, nie-fiksie en algemeen. Verder is daar ook 'n hofie 'leermiddels' waaronder daar indelings van graad R tot graad 12 is, asook 'n afdeling met muurkaarte en flitskaarte.

2.5.5 Biblioteke

Biblioteke dien 'n groot deel van die publiek, ryk en arm, en speel 'n noemenswaardige rol ter ondersteuning van skoliere en hul skoolprojekte. Net soos met die boekwinkels, sal dit by biblioteke van waarde wees om rakindelings volgens ouderdomsgroepe te maak, ten einde die verbruikers, volwassene en kind, te help. Dit sal egter weereens onmoontlik wees om alle biblioteke te gaan besoek ten einde 'n idee oor die rakindelings en ouderdomsgroepe daarop te kry. Ek het besluit op 'n steekproef van drie biblioteke wat 'n goeie verteenwoordiging ten opsigte van die taalgroep, klas en ras bied.

Die eerste biblioteek is Bellville Biblioteek wat heelwat wit, bruin en swart lesers van 'n laermiddelklas inkomste groep bedien. Die biblioteek dien 'n groot aantal Afrikaanse en Engelse lesers en staan onder beheer van een van die land se bekendste kinderboekbibliotekaresse, Lona Gericke. Tweedens het ek Durbanville Biblioteek besoek, wat meer wit lesers het, met 'n groter getal Afrikaanse lesers as Engelse lesers van 'n middelklas na hoërmiddelklas inkomste groep. Wat my ook gelok het na hierdie biblioteek is die groot aantal skole in die omgewing wat daardeur bedien word en die feit dat dit interessant kan wees om te sien hoe hulle by die skole betrokke is. Laastens het ek Kloofstraat Biblioteek besoek, waar daar, soos by Durbanville, baie wit lesers is van 'n hoërmiddelklas inkomste groep, maar met heelwat meer Engelse lesers. Hier is daar ook 'n groot skool, Jan van Riebeeck, wat moontlik meer Afrikaanse lesers het en deur die biblioteek bedien word.

By die rakindelings van Lona Gericke (2008a) by Bellville Biblioteek, is die enigste ouderdomsindeling wat gegee word 12 tot 15 jaar en siende dat dit jeugboeke is kan 'n mens aflei dat die ouderdom 11 of 12 jaar op die grens lê tussen kinder- en jeugboeke. Die ouderdom waarop 'n boek beskou of gelees word as 'n kinderboek is egter minder duidelik,

maar dit val myns insiens in die kategorie "Beginner lesers: Graad 1 en 2", wat die ouderdom dan gemiddeld, volgens die skoolgaande ouderdom, 7 en 8 jaar maak.

Die indeling wat by Durbanville Biblioteek gebruik word, gee nie vreeslik baie leiding vir 'n konkrete ouderdomsindeling nie. Die prenteboeke word van die fiksieboeke geskei, wat soos by die boekwinkels en Bellville Biblioteek ook die gebruik is. Die fiksie afdeling begin met self-lees, maar op die rakke self word die ouderdomme nie gegee nie. Ek wou juis sien of die bibliotekaresse ouderdomsindelings op die rakke verkies of nie, en hier blyk dit nie die geval te wees nie.

By Kloofstraat Biblioteek is Potgieter (2009) se benadering tot haar rakindelings om dit so eenvoudig moontlik te hou en wanneer 'n kind kom eerder persoonlike aandag te gee. Sy het nie 'n sisteem wat sy kan gebruik om haar te help met die indeling van boeke nie en werk maar op haar eie kennis. Op die rakke het sy nie ouderdomsgroepe nie, maar weet self watter ouderdom by elke beskrywing pas. Haar redes is ook dat 'n mens nie die kind in 'n boksie wil plaas of wil ontmoedig omdat hy nog nie sy eie ouderdom se boeke kan lees nie. Sy vind aan die ander kant ook dat die tiener van vandag al hoe jonger word en daar kinders is wat baie gouer sal wil aanbeweeg na boeke wat gemerk is vir ouer kinders. Haar indelings wat sy vir haarself gebruik is as volg: bababoeke vir 0 tot 2 jaar, prenteboeke vir 2 tot 6 jaar, beginnerboeke (begin net self lees) vir 6 tot 7 jaar, tussen in boeke (boeke is 'n bietjie langer, byvoorbeeld *Huppelkind*) vir 8 tot 9 jaar, jonger tiener vir 9 tot 12 jaar en tiener vanaf 13 jaar.

Hoewel die ouderdomme nie self op die rak staan nie, is die biblioteek klein en het Potgieter (2009) 'n goeie verhouding met die lesers wat daar boeke uitneem. Die feit dat haar indeling vir haarself so duidelik is, maak dat ek dit tog sal gebruik as 'n aanduiding van die afbakening vir die ouderdomsgroep van kinderliteratuur. Potgieter het besluit om beide 6 en 7 jaar in te sluit as die ouderdom waarop die kind begin lees. Gevolglik is die ouderdomme waarop kinders kinderboeke begin lees ook 6 en 7 jaar. Potgieter praat dan van die jonger tiener wat ek as die ouer kind sien, maar steeds nie 'n tiener as sulks is nie. Gevolglik redeneer ek dat die ouderdom waar kinderliteratuur stop en tienerliteratuur (ook jeugliteratuur) begin tussen 12 en 13 jaar is met meer gewig op 12 jaar.

2.6 Gevolgtrekking

'n Moontlike rede vir die gebrek aan konsensus oor 'n definisie vir kinderliteratuur, word deur Greyling (2005: 100-103) gegee wanneer sy praat oor die verskillende dissiplines en fasette van die literatuur betrokke by kinderliteratuur, elk met hul eie definisie van die begrip kinderliteratuur, sonder 'n duidelike basisopvatting wat hul met mekaar kan verbind of

versoen. Een van die negatiewe gevolge is die gebruik van 'n sambreelterm, soos jeugliteratuur, wat lei tot verder verwarring by die definisie van die genre. By die nadere bestudering van wat 'n genre is, kan 'n mens sien dat helderheid oor dié term die eerste stap in die rigting van 'n duidelike definisie van die begrip kinderliteratuur is, aangesien 'n genre 'n gedeelde konteks skep waarbinne lesers en skrywers mekaar kan verstaan (Van der Merwe en Viljoen, 1998: 62-63).

Die negatiewe van 'n sambreelterm soos jeugliteratuur blyk uit die feit dat die genrekodes en –konvensies wat byvoorbeeld in 'n kinderboek en in 'n jeugboek gebruik word, so van mekaar verskil dat die jonger leser van 'n jeugboek nie aanklank daarby sal vind nie. Joan Aitken verwoord die verskil tussen 'n kinder- en 'n jeugboek goed wanneer sy sê: "The criteria for teenage novels are, in fact, a complete reversal from those for the medium age group [lesers van die kinderboek]" (aangehaal in Van der Merwe, 1993: 84).

Aangesien kinderliteratuur die aard en inhoud van die teks bepaal (Frailer-Wessels en Van der Walt, 1999: 95), is die gevolgtrekking gemaak dat dit uiteindelik die bepaling van die ouderdomsgroep en betrokke lewensfase van die leser (die kind) is, wat die eerste stap tot 'n algemene definisie van die begrip kinderliteratuur is. By nadere ondersoek is die eerste gevolgtrekking wat gemaak kan word nadat die taal- en literatuurwetenskap, sielkunde, opvoedkunde, literêre toekennings, uitgewers, boekwinkels en biblioteke ondersoek is, dat die begrip kinderliteratuur in die literêre sisteem verstaan word as literatuur vir die kind tot en met die ouderdom 12 jaar. Soos wat dit blyk uit die data is die ouderdom waarby kinderliteratuur begin nie so eenvoudig nie.

Uit die definisies van peuter, kleuter, kind en jeug van die *Elektroniese WAT*, is die enigste konkrete afleiding wat gemaak kan word, dat die leser van jeugliteratuur, 'n tiener, 12 jaar en ouer is. Die skrywer, Joan Aitken, gee nie besliste ouderdomme nie en fokus eerder op die algemene ontwikkelingsfases van die kind, met slegs Jenny Seed wat in terme van die ontwikkelingsfases van die kind die ouderdomme 0 tot 5 jaar, 6 tot 8 jaar, 9 tot 11 jaar en die groep 12 jaar en ouer identifiseer. Onder die letterkundiges bied Rita Ghesquiere 'n vae definisie van peuterliteratuur en haar bespreking van die kind se ontwikkelingsfases, laat die vraag of kinderliteratuur op die ouderdom 2, 5 of 9 jaar moet begin. Soos Aitken bied Lydia Snyman nie 'n konkrete ouderdomsafbakening nie, maar blyk dit uit haar gevallestudie dat die klem tog op 7 jaar, as die ouderdom waarop die kind self begin lees, val.

Carl Lohann bied weer 'n meer konkrete ouderdomsafbakening vanaf 6 tot 12 of 13 jaar, met klem op die leesstadium wat saamval met die eerste skooljare. Die herhaaldelike terugkeer na

die kind se eerste skooljaar, wat as 'n beginpunt dien by die kind se vermoë om te leer lees, ondersteun die Departement van Onderwys as 'n verdere bron tot die bepaling van die ouderdomsafbakening vir kinderliteratuur. Die Departement van Onderwys werk volgens die wet wat stel dat alle kinders van 7- tot 15-jarige ouderdom skool moet gaan. As 'n leerder dus op 7 jaar skool toe gaan en in graad 1 leer lees en skryf, lei dit tot die gevolgtrekking dat die ouderdom kind wat pas self begin lees 7 jaar oud is. Sou daar bloot gelet word op die taal- en literatuurwetenskap, opvoedkunde en sielkunde lei ek af dat die ouderdomsgroep wat relevant is vir die definisie van die begrip kinderliteratuur, 7 tot 12 jaar is.

By die literêre toekennings stel die C.P. Hoogenhout-toekenning ook dat die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar moet wees, terwyl die Alba Bouver-toekenning die ouderdomsgroep 8 tot 12 jaar maak. Die Tienie Holloway-medalje vir kleuterliteratuur gaan vir die ouderdomsgroep onder 8 jaar, wat terugwerkend kan impliseer dat kleuterliteratuur eindig by die ouderdom 7 of 8 jaar en kinderliteratuur begin by 8 of 9 jaar, en so die indeling vir die ouderdomsgroep van kinderliteratuur ongeveer 8 tot 12 jaar maak. Op grond van die indelings van die ATKV-kinderboektoekenning is die gevolgtrekking gemaak dat die ouderdomme 7 tot 11 jaar vir hierdie toekenning van belang is, met die Nederlandse "kinderjury" wat 'n breë indeling van 6 tot 12 jaar aandui. Gevolglik is die gemiddelde ouderdomsafbakening vir kinderliteratuur by literêre toekennings ook 7 tot 12 jaar.

Onder die uitgewers wat wel ouderdomsafbakeninge aandui, stel LAPA Uitgewers tydens 'n onderhoud in 2008 dat kinderliteratuur gemik is op die ouderdomsgroep 8 tot 12 jaar, maar gebruik hulle tog 7 jaar as beginpunt op hul 2009 webblad en in hul 2009 katalogus. Maskew Miller Longman se indeling is ook 7 tot 12 jaar, terwyl Anansi se ouderdomsgroep ongeveer 6 tot 13 jaar is. Volgens die inligting wat deur Carina Diedericks-Hugo, eers van NB-uitgewers en later Protea Boekhuis, verskaf is, is die ouderdomsgroep vir kinderliteratuur tussen die ouderdomme 6 en 12 jaar. Weereens is daar die speling tussen 6 en 8 jaar, maar as 'n kind eers op sewe begin lees, is die gemiddelde ouderdomsgroep vir kinderliteratuur by uitgewers ook 7 tot 12 jaar.

By die boekwinkels is die eerste indeling die van *The Book Lounge*, met die ouderdomme 5 tot 8 jaar en 9 tot 12 jaar. Die afleiding wat ek hieruit maak, is dat die ouderdom waarop kinderliteratuur oorgaan na jeugliteratuur 12 jaar is, maar dat die kind op enige ouderdom tussen 5 en 8 jaar self kan begin lees. *Bargain Books* se kinderboekbestuurder, Pat Botha, wil nie ouderdomsafbakenings op die rak sit nie omdat dit skade kan doen aan die kind se selfbeeld, met die gevolg dat ek geen afleiding vir 'n konkrete ouderdomsafbakening kan

maak nie. Die gevolg is rakke wat baie knap volgens die leesvlakke ingedeel is, maar met geen konkrete ouderdom om my te help met die afbakening nie.

By die boekwinkel *A is for Apple* is die belangrikste ouderdomsafbakenings dié van 5 tot 8 jaar en 9 tot 12 jaar. Dit is baie soos by *The Book Lounge*, maar die ekstra klem op die ouderdom 6 of 7 jaar as oorgang tussen kinderboeke en prenteboeke help om die gemiddelde ouderdom nader te plaas aan 7 jaar. So ook is die ouderdom waar kinderliteratuur stop 12 jaar, met 'n definitiewe aanduiding dat boeke vir jong volwassenes geskik is vir lesers van 13 jaar en ouer.

Fascination Books maak 'n breë indeling van 4 tot 8 jaar en dan 9 tot 12 jaar, terwyl *Exclusive Books* se indeling rofweg lê tussen 6 en 12 jaar. *Graffiti Boeke* se indeling is 6 tot 9 jaar en 10 tot 12 jaar wat die totale indeling dieselfde maak as *Exclusive Books* se 6 tot 12 jaar. By al die boekwinkels blyk daar dus konsensus te wees oor die ouderdom waarop 'n kind wegbeweeg van kinderliteratuur, naamlik 12 jaar. Die ouderdom waarop kinderliteratuur begin, lê egter tussen 5 tot 8 jaar, maar daar is tog by die persone wat met die boeke werk 'n groter geneigdheid om te verwys na die ouderdomme 6 of 7 jaar. Met inagnome van die feit dat 'n kind leer lees en skryf by die skool op 7-jarige ouderdom, lei dit tot die gevolgtrekking dat die gemiddelde ouderdomsindeling wat by die boekwinkels afgelei kan word, 7 tot 12 jaar is.

Uit die drie biblioteke wat genader is, dui Bellville Biblioteek op 7 en 8 jaar tot 11 of 12 jaar, terwyl Durbanville Biblioteek weer geen ouderdomsindelings gegee het nie. By Kloofstraat Biblioteek is daar ook nie ouderdomme op die rakke nie, maar het die bibliotekaresse, Susan Potgieter, 'n baie duidelike en praktiese benadering tot haar rakindelings. Deur al die inligting wat sy aan my verskaf het, maak ek die afleiding dat die indeling vir kinderliteratuur daar 6 en 7 tot 12 jaar is. Die gemiddeld tussen Bellville Biblioteek en Kloofstraat Biblioteek is dus, soos by die taal- en literatuurwetenskap, opvoedkunde, sielkunde, literêre toekennings en uitgewers, ook 7 tot 12 jaar.

Na al die ondersoek wat ek gedoen het oor die ouderdomsafbakening wat van toepassing is op die kind wat kinderliteratuur lees, is die gemiddelde ouderdomsafbakening by die taal- en literatuurwetenskap, opvoedkunde, sielkunde, literêre toekennings, uitgewers, boekwinkels en biblioteke, 7 tot 12 jaar. 'n Basiese definisie vir die begrip kinderliteratuur is dan literatuur wat geskep word vir en gelees word deur kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar.

Aan die hand van hierdie definisie kan ek nou bepaal watter Afrikaanse of Suid-Afrikaanse studies sedert 1990 oor kinderliteratuur relevant en ondersteunend is vir hierdie studie, in soverre die navorsing in der waarheid handel oor die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar.

Hoofstuk 3 – Literatuurstudie

3.1 Inleiding

In hoofstuk een het ek genoem dat ek gevind het die relevante en onlangse studies oor kinderliteratuur baie min is. Na die daarstelling van 'n basiese definisie van die begrip kinderliteratuur – literatuur wat geskep word vir en gelees word deur kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar – kan ek nou meer spesifiek stel dat dit nie beteken dat daar min gedoen word oor kinderliteratuur nie, maar dat die studies wat literatuur vir die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar aanspreek sonder oorvleuelings met jeugliteratuur of verwarrende terminologie, tog min is.

Studies wat nie relevant is vir die literatuurstudie van hierdie tesis nie, is studies wat kinderliteratuur onder die sambreelterm jeugliteratuur benader, hetsy onbewustelik of sonder 'n betoog vir die keuse van die sambreelterm, of studies wat slegs handel oor baba-, kleuter- of jeugliteratuur. Hoewel Afrikaanse studies voorkeur geniet, het ek weens die beperkte aantal bronne besluit om ook Engelse studies oor kinderliteratuur wat in Engels gedoen is, asook studies van ander dissiplines betrokke by kinderliteratuur, soos die biblioteekkunde, in te sluit. Die bronne wat gebruik word as deel van die literatuurstudie is egter Suid-Afrikaans en akademies van aard. Laastens is daar ook besluit om slegs studies wat sedert 1990 verskyn het in te sluit, aangesien 1990 ook die datum is wat dien as afbakening van die ondersoeksveld.

Die volgende tien studies sal dus kortliks bespreek word.

3.2 Die tien relevante studies sedert 1990

3.2.1 "Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur" deur Felicité Frairer-Wessels en Thomas van der Walt (1999)

In die artikel "Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur" deur Frairer-Wessels en Van der Walt (1999: 95-105) wat in *Stilet* verskyn het, gaan hul uit van die veronderstelling dat daar 'n oplewing in die belangstelling in kinderliteratuur as studierigting in Suid-Afrika gesien kan word – die tydperk waarvoor die oplewing ondersoek word, is nie duidelik nie, maar weens die fokus op "hedendaags" en datum van publikasie maak ek die afleiding dat dit ongeveer van 1998-1999 is. Met klem op die multidissiplinêre aard van kinderliteratuur, word die tekort aan belangstelling in dié genre deur letterkundiges (veral weens die marginale posisie wat die genre en die skrywers van die genre beklee) en die wantroue tussen die verskillende dissiplines wat kinderliteratuur bestudeer, aangespreek. 'n Verdere uitgangspunt

van Frairer-Wessels en Van der Walt, is dat verskynsels in die kinderliteratuur in Suid-Afrika nie uniek is nie, maar bloot 15 tot 20 jaar later manifesteer as in die res van die wêreld. Gevolglik kan heelwat tendense in die Suid-Afrikaanse kinderliteratuur met dié op internasionale vlak vergelyk word en die sogenaamde internasionalisme in die literatuur ondersoek word. Nog 'n kern-aspek wat hier aangespreek word, is die problematiek omtrent die definisie van die begrip kinderliteratuur.

Myns insiens is die belangrikste bydrae en leemte in Frairer-Wessels en Van der Walt se artikel, die gebruik van die term kinderliteratuur. Die skrywers is krities oor en bewus van die problematiek van die definisies van die twee genres kinder- en jeugliteratuur, en bied selfs 'n definisie van elk - "Kinderliteratuur, die enigste literêre kategorie wat 'n gehoor definieer eerder as 'n onderwerp of 'n outeur of 'n vorm [...]" (95) en "[...] die begrip "jeugliteratuur" [...] [is] wêreldwyd 'n erkende begrip waarmee verwys word na verhalende literatuur wat jongmense of tieners of hoërskool-'kinders' verkies om te lees" (103) – maar hul onseker gebruik van die terme veroorsaak 'n diskrepansie met die titel van die artikel en soms verwarring by die leser. Die besprekings van die grensoorskrydings tussen die genres en die soms onseker gebruik van die terme kinder-, jeugliteratuur en literatuur vir volwassenes, dien as goeie voorbeeld ter ondersteuning van die argument dat daar duidelike definisies van die verskillende begrippe, soos jeugliteratuur en kinderliteratuur, nodig is.

3.2.2 "Jong lesers van Centurion: Wat lees hulle en waarom?" deur Hester Verwey (1999)

Hester Verwey (1999: 115-120) lewer in die artikel "Die jong lesers van Centurion: Wat lees hulle en waarom?" wat in *Stilet* verskyn het, 'n bydrae tot die voortdurende debat oor die leesgewoontes van kinders. Die stelling word gemaak dat daar dieselfde vrae herhaaldelik in dié debat gevra word met min of geen oplossings. 'n Nuwe benadering tot antwoorde op vrae soos "Waarom lees sommige kinders graag, terwyl dit vir ander 'n las is wat slegs oorweeg word as dwangmaatreëls van die een of ander opvoeder aan hulle geen keuse laat nie?" (115), word gebied in die vorm van 'n meer lesergedrewe-benadering. Verwey neem die uitgangspunt van J.H. Di Leo, wat sê dat volwassenes nooit die kind se leefwêreld sal kan verstaan of beïnvloed as hulle dit vanuit hul eie oogpunt benader nie. Gevolglik moet daar erkenning gegee word aan die feit dat 'n mens met twee wêreldes te make het, dié van die kind en dié van die volwassene. Om die kind van 'n afstand te bestudeer en oor te gaan na dwangmaatreëls as motivering, help nie. Dus het die bibliotekaris van Centurion deur middel van vraelyste, gesprekke en waarneming meer van die kind se behoeftes en leesgedrag gaan leer by die kind self. Drie stelling resultate word bespreek, naamlik die faktore wat die leesgewoontes van kinders beïnvloed, dit wat van bibliotekaris en ander leesbevorderaars

verwag word, en bevindinge oor dit wat die jong mense van Centurion lees en wat hulle weet. Uiteindelik stel die resultate van 'n meer lesergedrewe-benadering voor dat die antwoorde op die vrae oor die leesgewoontes van kinders eerder gesoek moet word sáám met die kinders as namens hulle.

Verwey se gebruik van die terme kind, kleuter en tiener, skakel die gebruik van 'n sambreelterm uit en ondersteun die opvatting dat die definisie van genres soos kinderliteratuur gekoppel moet word aan die ouderdomsgroep van die leser. Onder die faktore wat 'n kind se leeservaring beïnvloed, noem Verwey die belang van 'n positiewe leeservaring by alle leesstadia en die negatiewe impak van 'n swak leesvermoë, beide aspekte waaraan hierdie studie sal raak. In terme van dit wat van die bibliotekarisse en leesbevorderaars verwag word, staan die lesergedrewe-benadering voorop. Dit dien as platform waarop hierdie studie kan uitbrei. 'n Belangrike probleem by die lesergedrewe-benadering van kinderliteratuur word uitgelig onder die derde stel resultate, waar Verwey dit noem dat die kind, veral ten opsigte van vraelyste onbetroubaar is en hom- of haarself meermale weerspreek. Dit is 'n belangrike punt om in ag te neem by die hantering van soortgelyke studies. Die tendense wat uit die resultate blyk, is insiggewend, maar oor die algemeen is die artikel en omvang van die studie te kort en moet daar heelwat op uitgebrei word.

3.2.3 "'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur" deur Betsie van der Westhuizen (1999)

Betsie van der Westhuizen (1999: 125-139) sê in die artikel, "'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur" wat in *Stilet* verskyn het, dat daar 'n foutiewelike gerustheid by die algemene publiek is oor die ontwikkeling van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur, en sê dat die swak funksionerende literêre bedryf die kern van die probleem is. Verder word hierdie genres ook gesien as die basis van 'n lesende bevolking. Indien hierdie genres afgeskeep word, word die vooruitsig van 'n groeiende en gevestigde lesende nasie ook afgeskeep. Ten einde oplossings vir die probleem te vind, maak Van der Westhuizen gebruik van 'n polisistemiese benadering, wat veral geskoei is op die werk van Jean-Francois Loytard en Itamar Even-Zohar, ten einde die hele literêre sisteem te betrek en die noodsaak van samewerking tussen alle betrokkenes te beklemtoon. Van der Westhuizen bied 'n beknopte oorsig oor die polisisteesemteorie, wie en wat alles betrokke is by die literêre polisisteesem, hoe dit relevant is vir 'n studie oor jeugliteratuur (deurgaans gebruik as sambreelterm) en identifiseer die vier hoofkomponente van die polisisteesem, naamlik die produksie, verspreiding, mediëring en resepsie van jeugliteratuur, wat in meer diepte bespreek

is. Verder word daar puntsgewys 'n positiewe en negatiewe scenario geskets om aan te dui watter faktore van die polisistiem die ontwikkeling van jeugliteratuur belemmer of bevorder.

Deur middel van 'n knap verduideliking van die polisistiem word daar betoog vir die polisistiem-benadering as relevante teoretiese benadering vir 'n studie oor jeugliteratuur en bespreking van die stand van jeugliteratuur in 1999. Dit dien as deurslaggewende vertrekpunt vir hierdie studie waarop daar voortgebou sal word om die bevindinge van 1999 op te dateer. Hoewel Van der Westhuizen in 'n voetnoot sê dat die beperkte omvang van die artikel haar dwing om van die sambreelterm jeugliteratuur gebruik te maak, doen dit tog afbreuk aan die duidelikheid van die bespreking van die literêre polisistiem. Van der Westhuizen maak dit wel meer as een keer duidelik dat daar wel 'n groot verskil is tussen die genres kleuter-, kinder- en jeugliteratuur, maar brei nie verder daarop uit nie. Met hierdie studie is die verskil tussen die genres reeds in hoofstuk 2 aangedui en beoog ek om die gebruik van 'n sambreelterm uit te skakel en uiteindelik 'n duidelike algemene definisie van kinderliteratuur daar te stel wat deur alle belanghebbendes gebruik kan word, met 'n meer uitgebreide definisie wat spesifiek op die letterkunde gemik is.

3.2.4 *Young people's reading in South Africa: A pilot project* deur Machet, Olën en Chamberlain (2001)

Die Kinderliteratuur Navorsingseenheid van die departement Inligtingswetenskappe by die Universiteit van Suid-Afrika, het in 2001 die omvattende studie, *Young people's reading in South Africa* deur Machet, Olën en Chamberlain, oor die leesvoorkeure en leesgedrag van hoofsaaklik Engelse kinders en tieners in Suid-Afrika, gepubliseer. Die studie, wat deel is van 'n groter studie wat in Engeland gedoen is, spruit uit 'n besef dat meer akkurate kennis nodig is oor die kind se leesgedrag, veral ten opsigte van hoe kinders boeke kies en hoe inligting gebruik word deur betrokkenes in velde soos die opvoedkunde, biblioteekkunde, inligtingkunde en die uitgewerswese. Hierdie inligting is veral nodig om betrokkenes insig in die kind se leesgewoontes te gee sodat lees beter bevorder kan word, aangesien Machet et al die uitgangspunt neem dat lees uiters belangrik is by die ontwikkeling van 'n lesende bevolking en kennissamelewing en dat die vermoë om te lees en inligting effektief te gebruik basiese voorvereistes is vir oorlewing in die 21ste eeu. Hiermee saam is daar die gewaarwording dat die Westerse patrone en modelle wat algemeen deur uitgewerswese en biblioteekwese gebruik word, nie noodwendig geldig is binne 'n multikulturele land soos Suid-Afrika nie.

As navorsingsmetode het Machet et al gebruik gemaak van die vraelys wat by die studie in Engeland gebruik is, met aanpassings vir toepassing in Suid-Afrika. Relevante resultate sluit

in antwoorde oor die uitkies van boeke, waar boeke gekoop word, wie vir die boeke betaal, waar boeke geleen word, die herlees van boeke, taalvoorkeure, tipes karakters waarvan kinders hou, tekstuele kenmerke, woordeskat-voorkeure, lees oor temas wat verband hou met sosiale kwessies en lesers se houdings daaroor. Data wat verkry is by kinders in die ouderdomsgroepe 7 tot 11 jaar en 11 tot 16 jaar word by die studie ingesluit.

Machet et al se studie spreek die belang van 'n lesende bevolking en bevordering van lees aan vanuit 'n lesergesentreerde oogpunt, wat verband hou met die uitgangspunte van hierdie studie. Die skeiding wat gemaak is tussen die ouderdomsgroepe 7 tot 11 en 11 tot 16 jaar, korreleer naasteby met die bevindinge in hoofstuk 2. 'n Positiewe bydrae wat die studie lewer ten opsigte van die problematiek rondom die afbakening van ouderdomsgroepe wat deel uitmaak van die definisie van verskillende genres, is die kwessie van ouer kinders wat steeds in laer grade sit, soos leerders van 16 jaar en ouer wat steeds in graad 6 en 7 is. Daar is besluit om die data wat van hierdie leerders ingesamel is nie by die studie in te sluit nie. Dit sou myns insiens egter juis 'n waardevolle bydrae kon lewer tot groter begrip van die spektrum lesers van 'n sekere genre en moontlik kon lei tot oplossings vir skrywers en uitgewers. Myns insiens is dit juis die breë spektrum lesers van 'n bepaalde genre wat tans 'n uitdaging in die Suid-Afrikaanse uitgewerswese is. Aangesien hierdie studie nie alleen fokus op die leser nie, kan die invloed van die probleme omtrent geletterdheid en leesvlakke van kinders in die inhoud van kinderboeke nagegaan word. Nog 'n negatiewe aspek van die studie is dat dit, ondanks die ideaal van 'n studie verteenwoordigend van Suid-Afrika se multikulturaliteit, hoofsaaklik verteenwoordigend is van Engelse kinders en tieners van voorstedelike Pretoria. Geldige redes word hiervoor aangevoer, maar saam met die probleme wat ervaar is met die vraelys en beantwoording daarvan, is die inligting myns insiens nie volkome betroubaar as verteenwoordigend van lesers van kinderliteratuur in Suid-Afrika nie. Juis om hierdie rede is die polisistiem-benadering 'n meer betroubare benadering tot 'n algemene en meer akkurate uitbeelding van die stand van sake in die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse kinderliteratuur-sistiem. Inligting soos verkry uit Machet et al word dus geraadpleeg as inligting oor een van die aspekte, naamlik die leesgewoontes van kinders, wat deel uitmaak van die kinderliteratuur-sistiem.

3.2.5 "The African Renaissance and children's literature: is South African librarianship abdicating its role?" deur Genevieve Hart (2002)

Genevieve Hart (2002: 29-38) ondersoek in haar artikel "The African Renaissance and children's literature: is South African librarianship abdicating its role?" wat in die *South African journal of library & information science* verskyn het, die krimpende rol wat die biblioteekkunde in 'n post-Apartheid Suid-Afrika by kinderliteratuur speel. Opleiding wat

bibliotekarisse oor kinderliteratuur ontvang is by sekere tersiêre instellings totaal afwesig en die aandag wat kinderliteratuur op akademiese en professionele vlak ontvang by die biblioteekkunde word al minder. Hart verwys na die Afrika Renaissance 'n ideologie wat daargestel is deur politici en akademici ten einde 'n nuwe gevoel van identiteit en trots aan 'n post-Apartheid Suid-Afrika te bied. Die argument wat gestel word, is dat kinderliteratuur nou verweef is met die bevolking se identiteit en kultuur; as kinderliteratuur dus afskeep word, word 'n deel van die bevolking se kultuur en identiteit afgeskeep, asook 'n belangrike nasionale rol as bydraer tot nasiebou en die onderrig van die jeug. As uitgangspunt stel Hart dat indien die biblioteekkunde totaal afstand doen van kinderliteratuur, daar ook afstand gedoen word van hiêrdie nasionale rol.

Die aandag wat geskenk word aan die afname in akademiese erkenning en opleiding in die vakgebied van kinderliteratuur, sluit aan by een van die probleme binne die kinderliteratuur-sisteem wat as oorsprong vir hierdie studie gedien het. Die perspektiewe wat Hart bied, hoewel dit slegs van toepassing is op die biblioteekkunde, bied waardevolle insigte wat binne 'n polisistemiese studie van kinderliteratuur in ag geneem kan word. Insigte sluit in die rol van die kinder- en jeugbibliotekaris wat verder strek as bloot die biblioteekwese, hoe die sisteem van die biblioteekkunde lyk en inskakel by die breër literêre sisteem, die impak van die ineenstorting van die biblioteekmark met die einde van Apartheid, die invloed van 'n lesende bevolking, en implikasies van 'n tekort aan akademiese hulpbronne. Die veranderinge in die biblioteekkunde wat deur Hart bespreek word, strek hoofsaaklik vanaf die 1990's en die vergelykings wat met die internasionale situasie getref word, is relevant in terme van die tendense by kinderliteratuur wat uiteindelik bespreek gaan word. Die inligting wat Hart bied, is waardevol in soverre een aspek van die kinderliteratuur-sisteem ondersoek wil word, maar kan selfs van meer waarde wees as dit betrek word en op uitgebrei word as integrale deel van hoe die kinderliteratuur-sisteem, spesifiek die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem, oor die algemeen funksioneer. Hart bied ook nie 'n verklaring vir wat met die term "children's literature" bedoel word nie, hoewel dit blyk dat dit as 'n sambreelterm gebruik word en minstens kinder- en jeugliteratuur insluit.

3.2.6 "Produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa: 'n verkennende statistiese ontleding 1990 – 2001" deur Maritha Snyman en Rudi Venter (2004)

Die diskoers omtrent die "Afrikaanse boek in krisis" word in verband gebring met die internasionale kommer oor die voortbestaan van die boek en die politieke verandering wat gekom het saam met die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Die probleem wat Snyman en Venter (2004: 119-136) aanspreek in die artikel "Produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa: 'n Verkennende statistiese ontleding 1990 – 2001" wat in *Mousaion* verskyn

het, is dat die probleme omtrent die diskoers, veral omtrent die produksiepatrone van Afrikaanse kinderboeke in die 1990's en begin 2000's, bespreek word op grond van waarnemings of beperkte statistiek, met geen sentrale databasis vir die Suid-Afrikaanse boekbedryf nie. Gevolglik lei dit daartoe dat die werklike stand, aard en omvang van die Afrikaanse kinderboekproduksie moeilik aangedui kan word. Relevante ontledingskategorieë is die aantal titels wat tussen 1990 en 2001 per jaar verskyn het, die uitgeweryprofiel en die heruitgee – nie die herdruk nie – van Afrikaanse kinderboeke.

Die tydperk waarvoor data vir Snyman en Venter se studie ingesamel is, stem gedeeltelik ooreen met die tydperk waarop hierdie studie gaan fokus. Data is hoofsaaklik verkry uit die Produksie Tendensedatabasis⁷, maar is nie noodwendig volledig of volkome akkuraat nie, wat beteken dat die uitkomst van die studie nie noodwendig 'n volledige prentjie skets van die produksieprofiel tussen 1990 en 2001 nie. Alhoewel die data moontlik nie totaal akkuraat is nie, bied die stelling van Snyman en Venter dat menings en waarnemings nie onbelangrik is nie, maar aan statistiek getoets en gemeet moet word, ondersteuning vir die menings en waarnemings wat vir hierdie studie ingesamel is. Hierdie studie beantwoord so Snyman en Venter se bevinding dat 'n vergelyking met die literêre polisteem nodig is. Snyman en Venter skei die terme kinder- en jeugliteratuur om sodoende verwarring uit te skakel, maar bied nie aparte resultate vir die genres nie en dit bemoeilik die toepassing van hulle resultate op hierdie studie.

3.2.7 "Promoting children's literature: The challenges and possibilities of using the Internet in a developing society" deur Franci Greyling (2004)

Franci Greyling (2004: 265-284) kyk in haar artikel "Promoting children's literature: The challenges and possibilities of using the Internet in a developing society" gepubliseer in *Literator*, na hoe die internet gebruik kan word om taal- en kulturele identiteit, mediageletterdheid en kinder- en jeugliteratuur te bevorder in 'n multikulturele land soos Suid-Afrika. Deur die ontwikkeling en internasionale impak van die internet te bespreek, lig Greyling die voordele en uitdagings wat die gebruik van die internet in Suid-Afrika het uit en gebruik die Afrikaanse webwerf *Storiwerf* as gevallestudie.

"Children's literature" dien weer as ongewenste sambreelterm vir kinder- en jeugliteratuur en Afrikaanse kinderliteratuur geniet min direkte aandag of verwysing, maar is tog relevant weens die uitwys van algemene invloede op die kinderliteratuur-sisteem en die gebruik van *Storiwerf*, 'n webblad vir en oor Afrikaanse kinderliteratuur, as gevallestudie. Die

⁷ "Die PDT [Produksie Tendensedatabasis] kan beskryf word as 'n prototipe databasis van die aantal titels wat per jaar deur Suid-Afrikaanse uitgewerye uitgegee word en waaruit bepaalde produksietendense afgelei kan word (Snyman en Venter, 2004: 134).

bespreking van die internet as deel van veranderinge wat binne die kinderliteratuur-polisisteesem (Greyling verwys self na die kinderliteratuur-sisteesem as 'n polisisteesem) plaasgevind het, bied egter 'n belangrike basis om op voort te bou, veral in terme van die meer resente veranderinge en tendense wat in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteesem plaasgevind het.

3.2.8 "Jong lesers se identifisering met karakters: skryfteorie en –praktyk" deur Franci Greyling (2005)

Leserbetrokkenheid word veral 'n primêre verwagting waaraan die verhaal en skrywer moet voldoen wanneer jong lesers ter sprake is, en die term word veral gekoppel aan gepaardgaande leesgenot. In die empiriese studie, "Jong lesers se identifisering met karakters: skryfteorie en –praktyk", gepubliseer in *Literator*, meen Franci Greyling (2005: 97-120) dat die term leserbetrokkenheid by literêre teorie gebruik word, maar dat daar min aandag aan die identifisering met karakters deur die literatuur gebied word. Gevolglik is daar etlike tekortkominge in die toepassing en hantering van leserbetrokkenheid binne die literêre teorie, terwyl die belangrikheid van navorsing oor die onderwerp wel al bevestig is. Ten einde 'n beter begrip vir die verskynsel identifisering, veral soos van toepassing op die skryfkunsteorie van veral kinder- en jeugliteratuur, te kry, word 'n literatuurstudie oor identifisering gedoen.

Die moontlikheid van kinderliteratuur om kinders te beïnvloed, word in verband gebring met die opvoeding van die kind en bied 'n insiggewende benadering tot die opvoedkundige waarde van kinderboeke wat verder binne die kinderliteratuur-sisteesem ondersoek moet word. Hierdie invloed wat die teks op die kind kan hê, hetsy positief of negatief, word in verband gebring met die ouderdomsfases van die kind (leser) en dien as ondersteuning vir die formulering van 'n algemene definisie in terme van die ouderdomsgroep van die lesers. Greyling maak ook die afleiding dat "die aard en omvang van identifisering saamhang met die ouderdom (ontwikkelingsfase) van die jong leser" (106) en sê verder dat daar dikwels 'n verskil in identifisering tussen seuns en meisies is – 'n verskynsel wat met die bespreking van tendense by hierdie studie hanteer sal word. Leseridentifisering word ook bespreek in terme van die skrywer, wat veral belangrik is vir hierdie studie in soverre die rolspelers, soos die kinderboekskrywers, betrokke by die kinderliteratuur-sisteesem, betrek gaan word. Dit is belangrik om aan te dui hoe hierdie rolspelers betrokke is by die veranderinge in die kinderliteratuur-sisteesem en tendense wat waargeneem kan word by die kinderboeke. Die problematiek van die sogenaamde "goeie" boek wat deur volwassenes voorgeskryf word, maar nie deur die kind geniet word nie, word vlugtig aangespreek. Myns insien sou die artikel baat by 'n meer uitgebreide bespreking van die volwassene se rol by die kinderboek.

Greyling se bespreking van leseridentifisering dien wel as nog 'n sleutel wat gebruik kan word om die leser se behoeftes en verwagtinge beter te verstaan.

3.2.9 "Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders" deur Maritha Snyman (2006)

Maritha Snyman (2006: 145-179) stel in die artikel "Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders" wat in *Mousaion* verskyn het, dat daar 'n groot behoefte is aan 'n omvattende studie oor die leesgedrag en leesvoorkeure van jong lesers, maar dat daar nog nooit 'n studie van dié aard oor Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gedoen is nie. Die studie oor Engelse kinder- en jeugliteratuur deur Machet et al (2001), voldoen nie aan die bogenoemde behoefte nie, aangesien uitgewers en boekhandelaars dit eens is dat die leesgedrag en leesvoorkeure van Afrikaanse en Engelse kinders nie dieselfde is nie. Snyman ondersoek verder ook die kommer oor die afname van lees by die Afrikaanstalige kind en bevestig dat dit 'n geldige bekommernis is. Die studie maak gebruik van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe werkswyses. Laasgenoemde word gedoen deur middel van vraelyste, en betrek kinders tussen die ouderdomme 9 tot 15 jaar. Uit die resultate wat Snyman gekry het, is die kind se houding teenoor lees as aktiwiteit, voorkeurleestaal en faktore wat die kind se keuse van boeke beïnvloed, relevant vir hierdie studie.

Hoewel dit onmoontlik is om alle Afrikaanssprekende kinders te betrek by Snyman se studie, is daar moeite gedoen om 'n redelik gebalanseerde steekproef daar te stel. Die indeling van die ouderdomsgroep 9 tot 15 jaar in drie kleiner groepe, naamlik 9 tot 10 jaar, 11 tot 12 jaar en 13 tot 15 jaar, maak die toepassing van Snyman se resultate in my studie moontlik. 'n Tekortkoming van die artikel is dat daar slegs verslag gedoen word van die kwantitatiewe navorsing.

3.2.10 "Die baie lewens van Balkie: tegnologie, kinderliteratuur, grense en hibriditeit" deur Franci Greyling (2007)

Franci Greyling (2007: 144-161) stel in die artikel "Die baie lewens van Balkie: tegnologie, kinderliteratuur, grense en hibriditeit" gepubliseer in *Stilet*, dat die tegnologiese era nie net 'n mens se omgewing beïnvloed nie, maar ook jou denkpatrone. Greyling vergelyk die huidige fase van fundamentele tegnologiese en kulturele veranderinge met die Gutenberg-revolusie en maak die gevolgtrekking dat dit te verwagte is dat die letterkunde en kinderliteratuur ook beïnvloed sal word. Die wyse waarop die veranderende tegnologiese era, oftewel die elektroniese era, veranderinge in kinderliteratuur teweegbring, word ondersoek aan hand van die 13 jaar-lange bestaan van Martie Preller se Balkie-karakter en die verskeie formate waarin hy al vergestalt het.

Binne die postmodernistiese literêre tendense maak verskeie teoretici opmerkings oor die invloed van tegnologie op die letterkunde en meer spesifiek die veranderinge van kinderliteratuur in 'n multimedia-omgewing. Die veelheid van invloede op die ontwikkeling van kinderliteratuur word bespreek en die artikel bied insigte op aspekte soos die vermenging van genres, kodes, die invloed van literatuur vir volwassenes, visuele stimulasie, veelstemmigheid, beïnvloeding (vervaging en verlegging) van grense, hibridisering en algemene tendense van kinderliteratuur in die digitale era. Tegnologiese veranderinge wat die leser, skrywer en formaat van die kinderboek beïnvloed word deeglik uitgelig en bespreek, maar word beperk deurdat dit slegs een kinder storie, die Balkieteks, betrek.

3.3 Gevolgtrekking

Al 10 studies oor kinderliteratuur lewer 'n bydrae tot die bestudering van die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem, hetsy as 'n bespreking van 'n enkele faktor binne die kinderliteratuur-sisteem of as studie wat meer as een element van die polisteem aanspreek. Met hierdie studie word daar gepoog om onder andere deur middel van die verskillende elemente wat deur die 10 studies gebied word, te kyk na die veranderinge wat in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het sedert 1990.

Hoofstuk 4 – Historiese oorsig oor die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur voor 1990

4.1 Inleiding

Een van die primêre doelstellings van hierdie tesis, is om die veranderinge wat in die kinderliteratuur-sisteem sedert 1990 plaasgevind het, na te speur en te ondersoek. Die stelling dat 1990 die datum is van waar daar duidelike en betekenisvolle veranderinge in onder andere die produksie, verspreiding en aankoop van kinderliteratuur waargeneem kan word, sal verdedig word deur 'n beknopte historiese oorsig oor die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur te gee. Geen verandering of herlewing spruit uit die niet nie, en deur 'n oorsig te gee van wat aanleiding gegee het tot dit wat in 1990 begin plaasvind het, kan 'n duideliker motivering vir die keuse van 1990 as waterskeiding gegee word.

Ten einde die ondersoeksveld af te baken, is die menings van verskeie instansies, kundiges en studies nagegaan. Een van die mees algemene opmerkings wat gemaak is, is die feit dat die politieke geskiedenis van Suid-Afrika 'n bepalende faktor by die ontwikkeling van kinderliteratuur is. Ter agtergrond van die argumente wat deur die verskillende rolspelers gebied word, sal daar kortliks gekyk word na die politieke gebeure in die land en hoe dit die uitgewerswese beïnvloed het. Uiteindelik is daar ook heelwat meer invloede op die uitgewersbedryf en die literêre polisie, wat 'n invloed op kinderliteratuur het en dus onder die loep sal kom. Rudi Venter (2006:1) som die omvang van dié invloede as volg op:

Die ontwikkeling van dié bedryf [boekuitgewersbedryf] hou direk verband met die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis van kolonialisme, apartheid en die oorgang na demokrasie, sowel as met die verbandhoudende ekonomiese, politieke, institusionele en tegnologiese faktore wat uitgee beïnvloed.

Om die ontwikkeling van iets soos kinderliteratuur na te gaan, beteken noodwendig ook om veranderinge na te gaan en gevolglik sal die veranderinge wat in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem tot en met 1990 plaasgevind het, bespreek word. Die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur is egter – soos wat talle kenners beweer (vgl. Frairer-Wessels en Van der Walt, 1999: 95) – nie uniek nie en dus sal daar vervolgens eers 'n blik gegee word oor die universele ontwikkelingstendense van kinderliteratuur.

4.2 Die algemene ontwikkeling van kinderliteratuur

Kinderliteratuur het heelwat later as literatuur vir volwassenes ontwikkel, en die hoofrede hiervoor is dat die konsepte van die kind en kinderjare nie bestaan het nie, aangesien die kind

nie anders geag is as volwassenes nie (vgl. Zipes, 1988: 3). Voor kinders se behoeftes nie erkenning en legitimitieit as uniek en anders as dié van volwassenes gekry het nie, kon kinderliteratuur nie bestaan nie. Die konsepte kind en kinderyare het begin vorm aanneem aan die begin van die sewentiende eeu en gelei tot die ontstaan van die skoolsisteem en 'n nuwe lesersmark. Dit is egter eers teen die middel van die agtiende eeu wat kinderliteratuur werklik erkenning as 'n genre begin kry het. Soos die konsepte van die kind en die kinderyare verder ontwikkel het, het daar vir die eerste keer in die geskiedenis 'n behoefte en aanvraag na kinderliteratuur ontstaan wat uiteindelik die raamwerk vir gekanoniseerde kinderliteratuur gevorm het. Die kind as leser is gesien as anders as die volwassene as leser en gevolglik moes die teks vir die kind aan die kapasiteit (en later die behoeftes) van die kind voldoen. Soos die konsep van die kind egter verander het, het die tekste vir kinders en hoe kinders in die tekste gekarakteriseer is, verander. Gevolglik gaan dit by die ontwikkeling van kinderliteratuur dan ook nie net oor die tekste en lesers nie, maar oor die persepsies van die samelewing wat tot 'n groot mate bepaal wat die inhoud van die tekste is (Shavit: 1986: 3-31; 135).

Met die groot hoeveelheid invloede op die ontstaan en aanvanklike ontwikkeling van kinderliteratuur, het Zohar Shavit (1986: xi) in haar boek *Poetics of Children's Literature* onder andere gaan ondersoek instel na hoe die kulturele posisie van kinderliteratuur aanleiding gee tot sekere gedragspatrone van die genre. Shavit (1986: 133-134) bewoord haar bevindinge oor die vraag of daar enige universele strukturele eienskappe en patrone algemeen aan alle kinderliteratuur is, as volg:

I contend that the very same stages of development reappear in all children's literatures, regardless of when and where they began to develop. That is to say, the historical patterns in the development of children's literature are basically the same in any literature, transcending national and even time boundaries. It does not matter whether two national systems began to develop at the same time, or if one developed a hundred or even two hundred years later [...]. They all seem to pass through the very same stages of development without exception. Moreover the same cultural factors and institutions are involved in their creation.

Die ontwikkeling van die skoolsisteem hou direk verband met die eerste algemene ontwikkelingsfase van kinderliteratuur. Naas die ontstaan van die skoolsisteem, het die religieuse instellings ook 'n groot invloed op die ontwikkeling van kinderliteratuur gehad en gesorg vir die sterk religieuse inslag in die kinderboeke. Ten einde die boek egter meer aantreklik en aantreklik vir die kind te maak, het die religieuse instellings begin om vir die kinderboek 'n vermaaklikheidswaarde te gee en so ook die tweede algemene

ontwikkelingsfase ingelei. Met dié nuwe benadering het die kind se leeslus toegeneem en is daar al meer kommersiële en moralisties-opvoedkundige boeke gepubliseer. Laasgenoemde het daartoe gelei dat daar 'n toenemende aantal kinderboekskrywers die toneel betree het en dat Locke se filosofiese ideaal van vermaak en onderrig saam in die kinderboeke, vervul is. 'n Voorbeeld hiervan is die fabel. Algaande het die kinderliteratuur-sisteem ontwikkel van 'n homogene na 'n heterogene sisteem, die derde algemene ontwikkelingsfase, met drie nuwe modelle vir die kinderboek. Die eerste is die moralistiese verhaal, wat die vertaling van die opvoedkundige model na die literêre model is, waar die dreigende religieuse inhoud vervang is met didaktiek en gebaseer is op die werke van die Franse filosoof en pedagoog Jean Jacques Rousseau. Tweedens is daar die informatiewe verhaal wat 'n soort handboek van onder andere natuurstudies, geografie en geskiedenis was, verskuil as fiksie. Derdens is daar die diere-verhaal wat verskil van die eerste twee in soverre dit gebaseer is op en gebruik maak van die denkbeeldige (verbeelding). Teen die negentiende eeu het die opposisie tussen fabels en feetjies gelei tot nog 'n nuwe model van die kinderboek, naamlik die fiktiewe of verbeeldingsmodel (Shavit, 1986: 136-142; vgl. Snyman, 1983: 93-103).

Ook by die ontwikkeling van kommersiële uitgewers van kinderboeke het die opvoedkunde 'n groot rol gespeel, want groot uitgewers kon nie die risiko neem om die voorskrifte van die opvoedkundige sisteem te ignoreer en sodoende groot kommersiële verliese te ly nie. 'n Kinderboek sal dan ook nie opgeneem word in die kanon as dit nie ooreenstem met die opvoedkundige beginsels van die tyd nie. Shavit stel dus dat die opvoedkundige sisteem nie net 'n raamwerk daarstel waarin kinderliteratuur geskep en gelegitimeer word nie, maar dat dit die ontwikkelingsfases van kinderliteratuur bepaal. Om hierdie rede staan die opvoedkunde sentraal in minstens die aanvangsfases van enige gekanoniseerde kinderliteratuur (Shavit, 1986: 142-145). In die lig van Suid-Afrika se geskiedenis stel ek ook dat die politiek sentraal staan in die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur.

Teen die beknopte agtergrond van die basiese ontwikkelingsfases van kinderliteratuur gaan daar vervolgens 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur tot en met 1990 gegee word. Waar van toepassing sal vergelykings met Shavit se algemene ontwikkelingsfases gemaak word.

4.3 Die Eerste Taalbeweging (1875-1900)

Shavit (1986: 146-147) gebruik die ontwikkeling van Hebreeuse kinderliteratuur as gevallestudie om te bewys dat selfs die mees uitsonderlike geval van 'n kinderliteratuur-sisteem die basiese ontwikkelingsfases meemaak. Die belangrikste rede wat gebied word vir hoekom Hebreeuse kinderliteratuur soveel later as die Westerse kinderliteratuur ontwikkel

het, is die komplekse status van die taal. In terme van Afrikaanse kinderliteratuur stel ek dat dit juis die taal is wat 'n groot invloed gehad het op die tyd waarin en tempo waarteen kinderliteratuur ontwikkel het. Aangesien die konsepte van die kind en die kinderjare reeds bestaan het teen die tyd dat daar Afrikaanse kinderliteratuur verskyn het, was die belangrikste ontwikkeling eerder dat Afrikaans 'n status as onafhanklike en legitieme taal moes kry, veral teenoor Nederlands. Ten einde 'n basiese tydlyn van ontwikkeling daar te stel, word daar eerstens gekyk na die Eerste Taalbeweging.

Die Eerste Taalbeweging het begin toe die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 gestig is met die doel om Afrikaans as geskrewe en amptelike taal te bevorder. Die stigting van die GRA spruit uit die Afrikaanse nasionale ontwaking en pogings om die Nederlandse Bybel in Afrikaans te vertaal. Die mondstuk van die GRA was die eerste Afrikaanse koerant wat op 15 Januarie 1876 verskyn het, genaamd *Die Afrikaanse Patriot*. In 1878 word die drukkerij D.F. du Toit & Co. gestig sodat al die GRA se geskrewe kommunikasie in die gewenste taal, Afrikaans, kan verskyn (Venter, 2006: 2 en Kannemeyer, 2005: 44-47).

Tydens die Eerste Taalbeweging bly die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur nog agter, aangesien die heftige debat oor taal nie soseer gefokus het op die literatuur nie en literatuur vir kinders veral nie as prioriteit beskou is nie. In terme van die teorieë van Shavit is die ontstaan van die taal egter die belangrike vereiste vir die eerste ontwikkelingsfase van kinderliteratuur. In lig hiervan sê Lohann (1988: 189) dat kinderliteratuur reeds sedert die ontstaan van Afrikaans 'n rol gespeel het. Dit kan gesien word deur enkele geskrifte wat wel verskyn het soos die eerste Afrikaanse kindertydskrif, *Maandbladje voor kinderen* wat reeds in 1861 op die sendingstasie van Genadendal verskyn het, en die eerste Afrikaanse kinderboek, *Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huissourens in hulle eie taal geskrywe deur een Vrind* wat in 1873 deur C.P. Hoogenhout onder die skuilnaam Klaas Waarzegger geskryf is. In ooreenstemming met die teorieë oor die rol van die religieuse en opvoedkundige instellings (en myns insiens ook politieke instellings van die eerste ontwikkelingsfase) is C.P. Hoogenhout se kinderboek gebruik om op informele wyse die godsdienstige en taalkundige ideale van die GRA oor te dra. In die lig hiervan is kinderliteratuur, wat altyd binne 'n tipiese Suid-Afrikaanse omgewing afgespeel het, gebruik om religie, ideologie en lewenslesse oor te dra en was dit nie vir die blote vermaak van die kind bedoel nie (Shavit, 1986: 136-137; Van der Walt, 2005b: 14-15).

'n Verdere ooreenstemming met die eerste ontwikkelingsfase, is dat daar in hierdie tydperk, naas die drie skoolboeke wat oom Willem onder die skuilnaam J.W. van der Rijst geskryf het (die eerste een verskyn in 1875), min spesifiek vir die kind geskryf is. Stories wat heel

waarskynlik deur die kind gelees en geniet is, is meermale vir die volwassene bedoel en deur lesers aan die tydskrif *Ons Klyntji* en die koerant *Die Patriot* gestuur. Hierdie stories was hoofsaaklik jagherinneringe, vrystories, humoristiese anekdotes, volksverhale, spookstories en dierestories. Stories wat as verwerkings tog later deel geword het van die kinderliteratuur, kom veral uit die laaste twee kategorieë. Shavit (1986: 159, 178) beskryf die verwerking van literatuur vir volwassenes tot kinderliteratuur as die proses waardeur daar laagvorming in die polisie-stem plaasvind en kinderliteratuur en literatuur vir volwassenes in opposisie as twee verskillende genres teenoor mekaar te staan kom. Van tyd tot tyd het daar wel kinderstories verskyn, soos die volkskundige verhaaltjie, "Oupa se Winteraand stories fir Afrikaanse kinders", wat in April, Mei en Junie 1896 in *Ons Klyntji* verskyn het (Van der Walt, 2005b: 15 en Snyman, 1983: 103).

4.4 Die Tweede Taalbeweging (1900 – 1930)

Die jare 1900-1930 dui die periode van die Tweede Taalbeweging aan, grootliks aangevuur deur die imperialistiese ideale van Lord Alfred Milner met die invoering van sy verengelsingsbeleid wat gemik was op die vereniging van Suid-Afrika onder die Britse vlag en die materiële heropbou van die land na die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1901). Met 'n groeiende gevoel van Afrikanernasionalisme en die Afrikaner se oortuiging dat die nasie se identiteit behoue kan bly en waardigheid teruggewen kan word as Engels teengestaan word, het die stryd om die taal Afrikaans in die Tweede Taalbeweging voortgeduur. Anders as met die Eerste Taalbeweging, was dit nou nie meer net 'n paar mense wat die beweging gelei het nie, maar was dit 'n landsbeweging. Die gevolge van die taalbeweging was die erkenning van Afrikaans as amptelike taal naas Engels in 1925, die verdere ontwikkeling van die Afrikaanse boekuitgewerybedryf, die Afrikaner se gevoel van 'n eie identiteit deur sy taal wat uiteindelik lei tot die pleidooi vir die noodsaaklikheid van die belang van kinder-⁸ en jeugliteratuur in eie taal en uit eie bodem om die volk en taal se toekoms te verseker (Kannemeyer, 2005: 59, 67; Snyman, 2001: 52; Van der Walt, 2005b: 16; Venter, 2006: 2-3).

Een van die sentrale gebeure wat plaasgevind het om die taal en kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans te vestig, is die ontstaan van nuwe skole en 'n nuwe skoolstelsel. Die taalstryd ter vestiging van Afrikaans as amptelike taal en die daarstel van 'n nuwe skoolstelsel, veroorsaak dat die Tweede Taalbeweging 'n voortsetting van die eerste algemene ontwikkelingsfase van kinderliteratuur is. Onder die Engelse oorheersing was alle staatskole Engels. Daar is dus Christelik-nasionale skole gestig waarin kinders Afrikaans kon praat sonder om gestraf te

⁸ Vir die literatuurgeskiedenis steun ek grootliks op bronne wat óf glad nie kinder- en jeugliteratuur in ag neem nie óf wat deel is van die tradisie wat kinderliteratuur insluit by die sambreelterm jeugliteratuur. Die fokus van hierdie studie is kinderliteratuur en dus sal ek oral waar die term jeugliteratuur in die bronne as sambreelterm gebruik word, ook kinderliteratuur byvoeg.

word. Die doelstelling van die oorkoepelende leerplan was om die volksverlede so voor te stel dat Afrikaanse kinders hulle nie hoef te skaam vir die geskiedenis van hul volk nie. Hoewel 1903 die stigtingsjaar van *De goede hoop*, 'n maandblad vir die jeug, was, is dit egter so dat die Tweede Taalbeweging ook nie veel bydraes gemaak het tot die ontwikkeling van kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans nie. Verder is die toenemende ooreenstemming van Afrikaans as skryftaal en spreektaal eers later sigbaar en is Afrikaans as voertaal eers teen 1912 werklik by die skole ingewy. Vertalings is in hierdie periode gebruik om die Afrikaanse kinderliteratuur aan te vul met die eerste ware leesstof vir kinders in Afrikaans in die vorm van 'n rubriek deur Hester van Heerden in *Die Brandwag* tussen 1910 en 1922. *Die Huisgenoot* het vanaf Mei 1916 Afrikaanse literatuur vir die kinders geplaas en vanaf 1917 verskyn *Die Kinderbiblioteek*-reeks onder redaksie van die Hollander D'Arbez, wat tot die gevolg het dat daar steeds 'n sterk Nederlandse invloed in die Afrikaanse kinderliteratuur is. Buiten vir die Nederlandse invloed is die een positiewe element wat hier uitstaan, die gepaste illustrasies by elke storie. Die stigting van twee belangrike uitgewers, J.L. van Schaik in Pretoria (1914) en Nasionale Pers in Kaapstad (1915), 'n toename in koerante en die rol van die politieke partye het daartoe bygedra dat die boekproduksie vanaf 1920 aansienlik begin toeneem het en daar teen die laat 1920's 'n reeks gekonsolideerde prosesse vir die amptelike erkenning van Afrikaans, die ontwikkeling van 'n Afrikaanse uitgewersbedryf en die popularisering van Afrikaans onder Afrikaanssprekendes was. Hierdie gekonsolideerde prosesse is nog verder versterk met die Nasionale Party se verkiesing in 1948 en die Apartheidsera wat daarop gevolg het (Snyman, 2001: 53; Van der Walt, 2005b: 16-17; Venter, 2006: 3).

Een van die belangrike figure in hierdie tyd, wat besef het hoe groot die behoefte aan en belang van kinder- en jeugboeke is en wat baanbrekerswerk in die veld gedoen het, is M.E.R. Een van haar groot ongelukkighede was dat Afrikaanse kinders met buitelandse kinder- en jeugboeke tevrede moes wees. Sy is veral bekend vir haar goeie jeugboeke en het onder andere *Kinders van die voortrek* in 1920 geskryf. M.E.R. het ook in 1922 'n kinderboek, *Hansie en die Bessiekinders*, van die Sweedse skrywer en illustreerder, Elsa Beskow, in Afrikaans vertaal en gevolglik gesorg vir die eerste Afrikaanse prenteboek in kleur. M.E.R. se boeke is baie vernuwend en, behalwe vir die didaktiese inslag en ingewerkte lewenslessies in haar stories wat tipies van die eerste algemene ontwikkelingsfase is, verskil haar boeke heelwat van haar tydgenote s'n (Van der Walt, 2005b: 17).

In die 1920's tree C.J. Langenhoven toe tot die toneel van die Afrikaanse kinderboek en pleit hy as senator vir geskikte skoolboeke in Afrikaans. Vanuit sy behoefte om die Afrikaner te leer lees en 'n verstaanbare letterkunde daar te stel, was Langenhoven se kinderboeke vol

sedeprekies en het hy 'n sterk didaktiese en patriotiese inslag gehad. Drie van die beste kinderboeke uit die Tweede Taalbeweging kom uit Langenhoven se pen, naamlik *Loeloeraai* in 1923, *Mof en sy mense* in 1926 en *Die Krismiskinders* in 1926. In teenstelling met Langenhoven was C. Louis Leipoldt veral gemoeid met die kinderleser en het hy kinderboeke geskryf met 'n meer kindervriendelike styl, sprokiesagtige inhoud en 'n opvoedkundige inslag. Leipoldt kan dus saam met M.E.R. gesien word as een van die eerste skrywers wat die tweede algemene ontwikkelingsfase van kinderliteratuur verteenwoordig. Voorbeelde van Leipoldt se kinderboeke, is *Stories vir kinders* en *Kampstories* wat onderskeidelik in 1922 en 1923 verskyn het. Sangiro (A.A. Pienaar) lewer verskeie belangrike werke in hierdie tyd wat nie werklik gemik is op die kind nie, maar lank as voorgeskrewe werke gebruik word soos *Uit oerwoud en vlakke* (1921), almal avontuurverhale wat ook 'n kenmerkende tema van dié tyd se kinderverhale was. E.B. Grosskopf se *Patrys-hulle* (1926) is nog só 'n voorbeeld. In ooreenstemming met Leipoldt se meer kindervriendelike skryfstyl, word Grosskopf en M.E.R. ook as twee skrywers gesien wat insig in die kinderwêreld toon (Shavit, 1986: 138, 141-142; Snyman, 1983: 104; Van der Walt, 2005b: 18-19; Wybenga, 2005b: 307).

Ten slotte bied die Tweede Taalbeweging nog 'n subgenre, die skoolverhaal, wat baie gewild sou word onder Afrikaanse kinders (myns insiens ook 'n internasionale tendens). In 1925 verskyn die eerste skoolverhaal in Afrikaans met die titel *Chrissie en Joey* uit die pen van Hettie Cillié. Die skrywers van die 1920's en die toenemende aantal kinderboekskrywers wat sedert die 1920's die mark betree, dui myns insiens ook op die tweede algemene ontwikkelingsfase van kinderliteratuur, wat gekenmerk word deur die toevoeging van 'n vermaaklikheidswaarde om die boek meer aantreklik vir die kind te maak, asook 'n voorsmakie van die vierde algemene ontwikkelingsfase waar die kinderliteratuur nie meer homogeen is nie, maar heterogeen met didaktiese, informatiewe en verbeeldings-verhale (byvoorbeeld diereverhale) (Shavit, 1986: 138, 141-142; Van der Walt, 2005b: 18-19).

4.5 Die 1930's tot 1940's

In die 1930's en 1940's sien 'n groeiende aantal kinder- en jeugboeke in Afrikaans die lig, alhoewel die meeste daarvan literêr en tegnies van swak gehalte is – dit is veral duidelik te sien by die prenteboeke. Wat die kinderboek betref, was die ligpunt in hierdie tyd die werke van die uiters produktiewe Helena J.F. Lochner, in wie se werk kinders vir die eerste keer kennis gemaak het met 'n 'goeie' Afrikaanse kinderboek. Haar beste werk lewer sy vir kleiner kinders en hoewel "die literêre meriete vandag nie hoog aangeslaan word nie, sou die Afrikaanse kind van die 1930's arm gewees het sonder haar verse en verhale", skryf Van der Walt (2005b: 20). Die groot aantal boeke wat Lochner geskryf het, het verskyn in die tydperk waarin kinder en jeugliteratuur ook aandag begin kry het weens die toenemende besef dat lees

op opvoedkundige en kulturele vlak baie belangrik is, 'n tipiese verskynsel in die tweede algemene ontwikkelingsfase van kinderliteratuur. Met die geloof dat 'n lesende volk en 'n volk met 'n eie kultuur se kinders moet lees, het daar 'n verpligting op skrywers en uitgewers gerus om toe te sien dat kinders boeke lees. Meer nog is dit beskou as 'n plig teenoor kinders en die volk en was dit essensieel dat die volk se tradisie en godsdiens in die werke moes voorkom. In dié tyd het onderwysers, bibliotekarisse en die algemene publiek enigiets aanvaar solank dit maar net in Afrikaans geskryf was (Shavit, 1986: 134, 136, 138-139; Snyman, 2001: 53-54; Van der Walt, 2005b: 19-21).

Die gevolg van hierdie groot behoefte aan Afrikaanse boeke is 'n hele aantal reekse wat in dié tyd gepubliseer is. Met die Afrikaner wat teen die einde van die 1940's aan bewind kom, word die armblanke van vroeër deel van die stedelike middelklas en is daar verpligte onderwys wat die onderwyspeil verhoog, gratis provinsiale biblioteekdienste en 'n toename in die Afrikanermiddelklas se koopkrag. Die gevolg is 'n groter aanvraag vir Afrikaanse boeke wat uiteindelik nie net die kwantiteit van boeke wat gepubliseer word beïnvloed nie, maar ook die kwaliteit (Van der Walt, 2005b: 19-21).

Vernuwing kom verder voor in die werk van Lulu Brewis wat, ten spyte van haar didaktiese inslag, daarin slaag om historiese gegewens aanskoulik vir die lesers voor te stel. Van der Walt (2005b: 20) verwys na nog 'n vernuwende inslag van Brewis wanneer hy sê: "Wat Brewis egter in hierdie tyd uitsonderlik maak, is dat sy 'n verhaal, *Die Spookhuis* (1939), skryf met die doel om by Engelssprekende kinders 'n belangstelling in Afrikaans aan te moedig."

In die 1940's en 1950's is daar 'n toenemend ontvanklike mark vir populêre Afrikaanse leesstof met die groei in tydskrifte en ontstaan van boekeskemas wat die tendens aangehelp het. Die ontstaan van populêre kinderliteratuur vorm deel van die heterogene kenmerk van die derde algemene ontwikkelingsfase en is volgens Shavit (1986: 157) 'n baie belangrike aspek van kinderliteratuur, aangesien 'n volledige en akkurate oorsig oor die ontwikkeling van kinderliteratuur nie gedoen kan word sonder om die funksie van populêre literatuur te inkorporeer nie. Belangrike skrywers om hier te noem, is A.C. Sparks en F.A. Venter (Van der Walt, 2005b: 21).

4.6 Die 1950's

Van der Walt (2005b: 22) tipeer die 1950's as die era wat vernuwing in die Afrikaanse kinder- en jeugboek toon. Twee faktore is hier veral van belang. Die eerste is die vertaling van die wêreld se beste kinderboeke in Afrikaans. Die gehalte van Afrikaanse vertalings is veral te

danke aan Bessie Lynhurst, hoof van die kinderafdeling van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, tesame met ander rolspelers soos J.D. Pretorius van Tafelberg Uitgewers. Hoewel heelwat mense bang was dat vertalings 'n negatiewe invloed op die mark van oorspronklike Afrikaanse boeke kan hê, sê Töttemeyer dat vertalings wel belangrik is, aangesien Afrikaanse skrywers nooit genoeg kinderboeke kan produseer nie. Verder het die vertalings ook 'n invloed gehad op die steeds hoër kwaliteit van oorspronklike Afrikaanse kinderboeke, asook die bevordering van die leeslus van Afrikaanssprekendes. Die tweede faktor is die instelling van pryse en toekennings vir Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Die eerste twee pryse wat ingestel is, was die Scheepersprys vir Jeuglektuur in 1956 en die C.P. Hoogenhout-toekenning vir kinderliteratuur in 1960 (Van der Walt, 2005b: 22-24; vgl. Lohann, 1988: 187).

Lohann (1988: 187) beweer dat die 1950's en 1960's 'n nuwe benadering tot die skryf van kinderliteratuur bekendgestel het, naamlik 'n meer kindgerigte benadering. Weens die vernuwing, kindgerigte benadering en koms van die eerste moderne Afrikaanse kinderboek, die eerste kinderboek wat 'n duidelike breek met die tradisie van die Afrikaanse kinderboek maak, word dié era ook bestempel as 'n soort waterskeiding in die ontwikkeling van die Afrikaanse kinderboek. Die waterskeiding word gekenmerk deur die verskyning van die eerste moderne Afrikaanse kinderboek, *Stories van Rivierplaas*, Alba Bouwer se debuut wat in 1955 gepubliseer is. *Nuwe stories van Rivierplaas* volg in 1956. Een aspek van Bouwer se werk wat dit 'n mylpaal in die kinderboek-geskiedenis maak, is die feit dat sy beskou word as die eerste skrywer wat werklik kindgerig skryf, met klem op haar taalgebruik, die uitbeelding van die verhoudings tussen karakters en die manier waarop die kinder karakter in die middelpunt van die handeling in die verhaal geplaas word. Belangriker nog is die feit dat sy vanuit die belewenisveld, die verwysingsraamwerk, van die kind skryf – kenmerkend van die laaste algemene ontwikkelingsfase van kinderliteratuur. Bouwer het dikwels saam met die illustreerder, Katrine Harries, gewerk en die gehalte van haar illustrasies het nog 'n peil gestel wat deur skrywers en illustreerders nagestreef is (Botha, 1995: 77; Snyman, 1983: 106; Van der Walt, 1995: 184; Van der Walt, 2005b: 23).

Uiteindelik sorg die 1950's vir die kwalitatiewe ontwikkeling ten opsigte van die uitgee van kinder- en jeugboeke wat grootliks te danke is aan 'n verbeterde drukproses en beter tipografiese versorging. Tematies toon die kinder- en jeugliteratuur egter nog min ontwikkeling en die meeste stories is steeds avontuurverhale wat in die platteland afspeel. Teen die einde van die 1950's en begin van die 1960's verdien fantasie wel erkenning (nog 'n kenmerk van die vierde ontwikkelingsfase) met byvoorbeeld die *Huppelkind*-boeke deur W.O. Kühne wat sedert 1958 by Tafelberg verskyn. Die *Huppelkind*-boeke word deur

kinderlesers en kritici positief ontvang sodat *Huppel Verjaar* wat in 1960 verskyn het, in dieselfde jaar die C.P. Hoogenhout-toekening ontvang het. In teenstelling met die gewildheid van Jakkals en Wolf-stories wat onder oud en jonk gewild was, het kinders nooit vreeslik van Afrika-volksverhale gehou nie. Voorbeelde van versamelwerke in laasgenoemde subgenre, is Minnie Postma se *Legendes uit die misrook* en *Legendes uit Basoetoeland* wat onderskeidelik in 1950 en 1954 verskyn het (Van der Walt, 2005b: 23-24; Wybenga, 2005a: 298).

4.7 Die 1960's tot 1970's

Volgens Van der Walt (2005b: 23) is die 1960's en 1970's die era wat gekenmerk word deur kwantiteit, maar nie soseer kwaliteit nie. Een van die katalisators vir die kwalitatiewe toename in titels en skrywers, is die idee van 'n Afrikaanse letterkunde. Een van die belangrike rolspelers hier was Van Wyk Louw wat skrywers aangemoedig het om te werk aan vernuwing in die prosa ten einde 'n ruimer literatuur te skep waarin alle aspekte van die Afrikaner(wees) weerspieël sal word. Van al die skrywers wat in dié tyd tot die literêre toneel van die kinder- en jeugboek toegetree het, is die drie bekendstes Freda Linde, Hester Heese en Rona Rupert. Al drie hierdie skrywers het 'n baie goeie aanvoeling vir en meeewing met hul jong lesers gehad. Hulle boeke het 'n meer subtile en verwickelde struktuur as dié van hul voorgangers wat verder daartoe gelei het dat hulle werke skoonskip gemaak het met al die literêre toekennings. Die ander, en byna teenstrydige, kenmerk van die 1970's, is die verintellektualisering van die literatuur. Dit is die resultaat van 'n doelbewuste poging om kinders te motiveer om 'goeie boeke' te lees. Met die latere besef dat die 'goeie' en bekroonde boeke nie so graag gelees word deur die kind nie, het dit ook gelei na ondersoek oor die leesgedrag van kinders (Lohann, 1988: 187; Snyman, 2001: 53-55; Van der Walt, 2005b: 23-24).

Ongelukkig was daar steeds 'n groot gebrek aan goeie kinder- en jeugverhale, met die werk van die drie bogenoemde skrywers en Alba Bouwer as uitsonderings. Tematies het kinder- en jeugliteratuur nie veel verandering getoon nie, maar daar was wel al 'n voorsmaak van die veranderinge wat sou volg in die 1980's met skrywers wat begin wegbeweeg het van die idilliese landelike agtergrond en verhale wat die probleme wat kinders in daardie spesifieke tyd gehad het, aanspreek. Rupert is een van die skrywers wat die kind se probleme aanspreek en die besonderheid van haar werk lê in die diepte van haar karakterbeelding, waar die karakters altyd sentraal staan en nooit ondergeskik is aan hul probleme nie. Sy is ook een van die eerste skrywers wat haar stories teen 'n stedelike agtergrond laat afspeel; 'n voorbeeld van so 'n jeugboek is *Woorde is soos wors* wat in 1979 verskyn het. In hierdie tydperk speel reeksboeke ook 'n groot rol by kinder- en jeugliteratuur, aangesien dit 'n groot hoeveelheid

Afrikaanse kinders aan die lees gekry het. Drie skrywers wat voorsien in die groot behoefte vir maklike ongekompliseerde boeke, ironies genoeg deur die herdruk van boeke wat reeds vroeër verskyn het, is Stella Blakemore met die *Maasdorp*-reeks (1933) en die *Keurboslaan*-reeks (1940), C.F. Beyers-Boshoff met die *Jasper*-reeks (1959) en Topsy Smith met die *Trompie*-reeks (1943) en die *Saartjie*-reeks (1953), laasgenoemde onder die skuilnaam Bettie Naudé (Snyman, 2001: 53-54; Snyman, 2005a: 113-114, 119, 123, 126; Van der Walt, 2005b: 24-25; vgl. Lohann, 1988: 187-188).

Snyman (2001: 54) noem verder dat Afrikanernasionalisme 'n hoogtepunt ervaar het met onder andere die oprig van die Taalmonument in 1975 en die koms van die televisie in 1976. Beide het 'n invloed op die aard en inhoud van kinderliteratuur. Baie geld en energie is bestee aan die maak en ontwikkeling van goeie Afrikaanse televisie-programme, ook vir kinders. Myns insiens is dit belangrik om wel hier te noem dat hoewel die koms van die televisie baie positief op vele gebiede is, dit met die koms van meer gevorderde en vrylik beskikbare tegnologie, wel stremming op die ontwikkeling van (kinder)literatuur geplaas het. Meer hieroor sal volg in die epos-onderhoude en bespreking van veranderinge en tendense na 1990.

4.8 Die 1980's tot 1990

Die 1980's en 1990's word beskou as die era waar daar vernuwing by veral die jeugboek en in 'n mate die kinderboek plaasgevind het, 'n vernuwing wat soos die ander ontwikkelingsfases sterk beïnvloed is deur die politiek, deurdat skrywers van veral jeugliteratuur nou al meer begin het om die sosiale en politieke kwessies van die land aan te spreek. In die vroeë 1980's begin skrywers soos Elsabe Steenberg en Maretha Maartens sommige probleme wat kinders mee te doen kry, soos egskeidings en gestremdheid, aan te raak. Die ruimtelike veranderinge sorg weer dat die meeste stories teen die einde van die 1980's en begin 1990's teen 'n stedelike agtergrond afspeel. Anders as die ernstige en meer politiese inslag van die Afrikaanse jeugboek, het die klem by die Afrikaanse kinderboek meer geval op die skryf van lekkerleesstories. Vir skrywers was dit net belangrik om lekker en goeie stories te vertel en weg te breek van die beperkinge wat die 'goeie boek' aan hulle gestel het. Hoewel die lekkerleesstories verwelkom is deur die lesers en skrywers, het akademiëci langer geneem om hierdie boeke wat nie die norme van die intellektuele literatuur volg nie, te aanvaar te bestudeer as goeie of "regte" literatuur. Teen die einde van die 1980's en gedurende die 1990's verskyn daar ook 'n groot aantal fantasieboeke vir kinders met *Wolfgang Amadeus Muis* (1986) deur Philip de Vos en Martie Preller se *Anderkantland* (1992) as enkele voorbeelde (Frailer-Wessels en Van der Walt, 1999: 96-97; Van der Walt, 2005a: 117-172; Van der Walt, 2005b: 25-29).

Van der Walt (2005b: 26) noem dat kinder- en jeugboeke nooit werklik so betrokke soos die boeke vir volwassenes by die politiek was nie. Een van die redes is dat hierdie boeke altyd gekoppel was aan die onderwys en biblioteekmark en dus die staat en regering. 'n Mens sou kon sê dat binne die Apartheidsbestel was die regering finansieel ondersteunend, maar onderdrukkend as dit kom by die tematiese vryheid van die skrywers. Daar was ook 'n groter bewussyn by skrywers en uitgewers dat die lesers, of potensiële lesers, nie 'n homogene groep is nie, met die gepaardgaande erkenning dat die hedendaagse samelewing minder geborge is as wat tradisioneel in Afrikaanse kinder- en jeugboeke geïmpliseer is.

Soos wat die Apartheidsbestel tot 'n einde begin kom het in die laat 1980's, het dit aan die begin van die 1990's duidelik begin word dat die bevoordeelde posisie van die Afrikaans binne die uitgewersbedryf tot 'n einde sal kom. Die uitgewerye wat sedert 1948 in Afrikanerbesit was en 'n dominante rol gespeel het in onder andere die voorsiening van skoolhandboeke, het gelei tot die vesting van 'n lewenskragtige bedryf wat die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies en akademiese publikasies positief geraak het. Kinderliteratuur was veral positief geraak deur die subsidies wat die regering onder andere aan skole en biblioteke gegee het, sodat verkope nooit vir uitgewers 'n probleem was nie (Venter, 2006: 3-4).

4.9 Gevolgtrekking

Die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur tot en met die einde van die 1980's toon verskeie ooreenkomste met die algemene ontwikkelingsfases van kinderliteratuur, wat beïnvloed is deur die ontwikkeling van die skoolsisteem, die vermaaklikheidswaarde wat aan kinderboeke gegee is en die ontwikkeling van 'n homogene na 'n meer heterogene kinderliteratuur-sisteem. Hoogtepunte in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Afrikaanse kinderliteratuur tot en met 1990 sluit in die verskyning van die eerste Afrikaanse kinderboek in 1873, geskryf deur C.P. Hoogenhout, en skrywers soos M.E.R. en C. Louis Leipoldt wat in die 1920's meer kindervriendelik begin skryf het. Hiernaas is daar die vernuwing van die 1950's wat veral gekoppel word aan die werk van Alba Bouwer, die kindgerigte benadering waarmee daar geskryf is en die tematiese vernuwing met die verskyning van die een van die eerste Afrikaanse fantasieverhale. Gedurende die 1960's en 1970's word daar aan die een kant in die behoefte aan meer ongekompliseerde boeke voorsien in die vorm van reekse, terwyl daar aan die ander kant 'n verintellektualisering van kinderliteratuur met klem op die 'goeie boek', plaasvind. Tematies het stories al meer wegbeweeg van 'n plattelandse omgewing na 'n stedelike omgewing. Laastens was dit ook die era waarin die televisie sy verskyning gemaak het wat myns insiens een van die faktore is wat stremming op die ontwikkeling van kinderliteratuur geplaas het.

Gedurende die 1980's is daar veral vernuwing by die Afrikaanse jeugboek met skrywers wat meer politieke en sosiale kwessies as temas gebruik en die stories al meer in 'n stedelike omgewing laat afspeel. Die politieke betrokkenheid van die kinder- en jeugboeke bly egter beperk, aangesien die boeke hoofsaaklik moes voorsien in die behoeftes van die onderwys- en biblioteekmark en dus die staat en regering. Die finansiële voordeel wat Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gedurende die Apartheidsbestel geniet het, het dus negatiewe implikasies gehad, veral in terme van die ontwikkeling van nuwe tematiek. Die enigste vernuwing wat by die kinderboek te sien was, was die toename in fantasieverhale en die klem wat gelê is op lekkerleesstories. Hoewel lesers en skrywers hierdie lekkerleesstories verwelkom het, het akademië dit nie ontvang as goeie literatuur nie en sodoende stremming geplaas op die ontwikkeling van kinderliteratuur. Verder het dit ook gelei tot 'n soort literêre snobisme, veral teenoor populêre literatuur, en vervreemding tussen die leser en die skrywer (Snyman, 2005a: 103).

Afrikaanse kinderliteratuur is tydens die 1980's nog tot 'n groot mate gereguleer deur sensuurwette van die regering en opvoedkundige voorskrifte van die 'goeie boek' by uitgewers. Uitgewers het teen die einde van die 1980's nog meer op die rolspelers betrokke by kinderliteratuur en die kopers (die staat) gefokus, eerder as op die lesers en dus nie hoofsaaklik boeke gepubliseer wat op die kind gemik was nie. Die kindgerigte benadering wat in die 1950's begin is, is steeds in die 1980's sigbaar deur 'n toenemende fokus deur veral skrywers op lekkerleesstories en reekse, maar die literêre snobisme teenoor dié subgenre het gelei tot 'n daling in die institusionele aanvraag daarna en dus minder titels wat verskyn het. Die stedelike agtergrond en fantasieverhale blyk toe te neem gedurende die 1980's, maar die verskyning van die televisie het gedurende die 1980's kompetisie vir die kinderboek gebied. Een van die redes was dat die kind baie visuele stimulasie gekry het en sy blootstelling aan sy omgewing en die wêreld vergroot het sodat dit baie van die boek vra om kompetender te bly (vgl. Bester, 2005: 158-159). Politieke veranderinge het verder daartoe gelei dat daar onder die Afrikaner 'n besef gekom het van 'n meer heterogene taalgemeenskap en leserskorps van Afrikaanse literatuur.

Uiteindelik lei die einde van die 1980's die einde van Apartheid en Afrikaans se bevoordeelde posisie in Suid-Afrika in. Die einde van hierdie bevoordeelde posisie van Afrikaans binne die Apartheidsbestel het 'n omvattende invloed op die kinderliteratuur-sisteem gehad. Hoofstuk vyf sal vervolgens die politieke en sosiale veranderinge bespreek ten einde aan te dui hoe 1990, naas enkele vernuwings in kinderliteratuur en veranderende politieke klimaat, as waterskeiding dien vir 'n studie oor die veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem.

Hoofstuk 5 – Veranderinge vanaf 1990 tot hede

5.1 Inleiding

Sedert die ontstaan van kinderliteratuur en ook die Afrikaanse kinderliteratuur, is die een konstante en bepalende invloed op die ontwikkeling van die genre die politieke en sosiale omgewing waarin dit funksioneer. Soos wat die politieke en sosiale faktore verander het, het die aard en inhoud van kinderliteratuur ook verander. Gedurende die 1980's begin die politieke en sosiale klimaat van Suid-Afrika egter heelwat veranderinge toon, veranderinge wat ook in die Afrikaanse kinderliteratuur neerslag gevind het. Die einde van Apartheid word amptelik deur die aankondiging van etlike hervormings deur F.W. de Klerk by die opening van die parlement in Februarie 1990 ingelui, onder andere deur die vrylating van mense soos Nelson Mandela en die ontbanning van politieke partye soos die ANC. Weens bepaalde gevolge van die einde van Apartheid soos die einde van die Afrikaner se bevoorregte posisie in die land, die opheffing van sensuurwette, die ineenstorting van die biblioteek- en skoolmark en die finansiële insinking by uitgewers (Kannemeyer, 2005: 543-551) van kinderliteratuur, is 1990 myns insiens ook die jaar waarin groot veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem 'n aanvang neem. Rolspelers soos die uitgewers Maritha Snyman en Miemie du Plessis (2008) is van mening dat 1990 nie die mees geskikte jaar is waarop gefokus moet word by 'n ondersoek na die begin van veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem nie, aangesien die sigbare en beduidende ontwikkeling by kinderliteratuur eers daarna gekom het. Myns insiens kan veranderinge eers sigbaar word as daar iets is wat daartoe aanleiding gegee het. In die lig hiervan sê Diedericks-Hugo (2008b) dat die veranderinge wat byvoorbeeld in 2000 sigbaar geword het, nie sigbaar sou wees as dit nie was vir alles wat vanaf 1990 in die kinderliteratuur-sisteem gebeur het nie. Scheeres (2008) stel verder dat die 1990's (met 1990 as beginjaar) nie net in Suid-Afrika 'n tyd van verandering was nie, maar ook internasionaal en stel, soos Kannemeyer (2005: 543), dat dit wat aanleiding gegee het tot die sigbare en onsigbare veranderinge van die 1990's reeds in die 1980's begin het. Met die klem wat op die 1990's geplaas word vir die sigbare veranderinge binne die kinderliteratuur-sisteem en die aanloop tot die veranderinge wat reeds in die 1980's begin het, maak ek die afleiding dat 1990 'n geskikte datum is om te gebruik as die beginpunt in 'n ondersoek na veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem.

Die vraag is nou of die jaar 1990 bloot weens die politieke en sosiale gebeure gebruik moet word as afbakeningsmeganisme en of daar soos met die 1950's en 1955 (die jaar waarin *Stories van Rivierplaas* deur Alba Bouwer verskyn het) eerder gepraat moet word van die 1990's en 'n meer spesifieke jaartal in dié dekade? In terme van die polisistiem-benadering

gaan die beste antwoord, myns insiens, gevind word by rolspelers wat gedurende die 1990's aktief betrokke was by die kinderliteratuur-sisteem. Gevolglik is etlike rolspelers deur middel van onderhoude of eposkorrespondensie, en relevante geskiedskrywings in dié verband genader. In hoofstuk een is daar genoem dat 'n ondersoek na die veranderinge in die kinderliteratuursisteem noodwendig die tendense in kinderliteratuur insluit. Tendense sluit hier nie net die sisteem-aspekte in nie, maar ook inhoudelike veranderinge in kinderboeke. Ten slotte sal die tendense wat saam met die veranderinge gekom het bespreek word en in hoofstuk 6 sal die tendense aan die hand van 'n paar tekste geïllustreer word.

5.2 'n Oorsig oor veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem: 1990 tot hede

Die groot verandering wat in 1990 plaasgevind het, was die politieke skuif na 'n nuwe politieke bedeling en 'n demokratiese Suid-Afrika. Wat kinderliteratuur betref, kom die volgende verandering in 1991 as 'n nuwe benadering tot die bekroning van kinderboeke met die instelling van die ATKV-kinderboektoekenning. Anders as ander toekennings, word kinders self by die beoordeling betrek sodat daar nie meer alleen op die volwassene se oordeel van 'n goeie kinderboek staatgemaak word nie. Die teikenlesers kan dus nou self aandui wat volgens hulle goed is. Die toekenning is gebaseer op die internasionale tendens wat onder andere gesien word by die Nederlandse "Kinderjury" (Van der Walt, 1992: 24-26; Van der Walt, 2005a: 170). In 1992 is daar verdere vooruitgang vir kinderliteratuur toe Suid-Afrika vir die eerste keer toegelaat is om lid te word van IBBY (International Board on Books for Young People). Sodoende kry Suid-Afrikaanse kinderboeke toenemend internasionale blootstelling en kry Suid-Afrikaanse kinderboekskrywers blootstelling aan dit wat internasionaal aan die gebeur is (Oosthuizen, 1993: 2-3). Dieselfde jaar verskyn die eerste *Balkie*-storie deur Martie Preller en vind die tweede nasionale kongres oor kinderliteratuur in die Wes-Kaap plaas, 'n inisiatief van die Wes-Kaapse tak van SACBF (South African Children's Book Forum) wat ten doel gehad het dat alle kinderboekliefhebbers moet saamkom en saamstaan vir die produksie, ontwikkeling en bevordering van kinderliteratuur in 'n nuwe Suid-Afrika (Cilliers, 1993 en Greyling 2008). Teen 1993 lyk die veranderinge op die politieke front nie meer so rooskleurig vir Afrikaans en Afrikaanse kinderliteratuur nie. Tydens onderhandelinge in Kemptonpark het die ANC dit duidelik gemaak dat hulle Engels tot die land se amptelike openbare taal wou verhef. Pogings om Afrikaans as die amptelike taal te behou lei tot die ooreenkoms op 10 November 1993 vir 11 amptelike tale in Suid-Afrika. Die gevolg van die veeltaligheidsbeleid, is dat een taal om praktiese doeleindes voorkeur geniet. Die voorkeurtal was Engels en Afrikaans het weereens voor die bedreiging van Engelse oorheersing te staan gekom (Kannemeyer, 2005: 553).

Op 27 April 1994 vind Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing plaas en op 10 Mei 1994 word Nelson Mandela as president ingehuldig. Met die ANC as regerende party en die veeltaligheidsbeleid van 1993, ontvang Afrikaans geen meer spesiale staatkundige beskerming of bevoordeling nie en word die gebruik daarvan in die openbare sektor afgeskaal. In 1994 word die sensuurwetgewing op literatuur ook van die wetboeke geskrap (Kannemeyer, 2005: 551, 554). Die onttrekking van subsidies aan skole en biblioteke wat die kinderboekmark grootliks onderhou het, lei tot die ineenstorting van die skool- en biblioteekmark vir kinder- en jeugboeke en krisis by die uitgewerswese. Voorheen moes uitgewers altyd die regte voetjie by die owerhede voorsit om hulle boeke voorgeskryf te kry en het hulle dus geensins krities gestaan teenoor die politiek van die land nie. Sensuurvoorskrifte vir die inhoud van boeke het ingesluit: "no slang, no disrespect of authority, no swearing, no subversive humour" (Frairer-Wessels en Van der Walt, 1999: 98). Die afwesigheid van die greep van sensuurwetgewing op die literatuur-sisteem word deur Frairer-Wessels en Van der Walt (1999: 97-98) as 'n 'bevryding' vir die uitgewerswêreld beskryf sodat die amper katastrofiese inkrimping van die uitgewerswese positief klink. Dit is ook nie so ver van die waarheid nie, want hoewel dit aanvanklik moeilik was vir die industrie om weer kop op te tel was daar nie meer so baie reëls en regulasies en politieke faktore om in ag te neem nie. Hierdie bevryding het gelei tot 'n mark wat meer onafhanklik en kreatief te werk kon gaan. Uitgewers wat byvoorbeeld in die Apartheidsbestel krities gestaan het teenoor die stand van sake in die land en politiek was klein buitelandse uitgewersmaatskappye soos Maskew Miller Longman. Met die vernuwing na die 1990's het die groter plaaslike uitgewersmaatskappye ook in hulle voetspore gevolg en 'n eie kritiese en kreatiewe stem gevind. Die kwantitatiewe gevolge was vinnig en dramaties negatief met 'n drastiese afname in die hoeveelheid boeke wat gepubliseer en gekoop is. Kwalitatief het dit oor die langtermyn egter positiewe gevolge gehad, aangesien daar weggebreek kon word van die voorskrifte soos dié hierbo genoem en nagespeur kon word wat die mark wil hê. Sodoende kon uitgewers 'n nuwe generasie kinderboeke na vore bring (Frairer-Wessels en Van der Walt, 1999: 98).

Saam met die funksieverlies van Afrikaans en die ineenstorting van die skoolboek- en biblioteekmark vir kinder- en jeugboeke is 1994 die jaar waarin die Afrikaanse kinderboek 'n krisispunt bereik het. Gevolglik moes rolspelers in die literatuur- en kinderliteratuur-sisteem vir die eerste keer gaan besin oor die stand van die Afrikaanse (kinder)boek en oor die stand van die boekproduksie in Afrikaans en Afrikaans as uitgee-taal. Uitgewers moes ook vir die eerste keer krities gaan kyk na wat op hulle rakke is en hoe verkope sonder al die subsidies lyk. Die demokratisering van literatuur tesame met die kritiese selfondersoek deur uitgewers, het gelei tot 'n bewuswording van die noodsaaklikheid van ontspanningsliteratuur en 'lekkerleesstof' vir kinders. Die klem op ontspanningsliteratuur het periodiek gelei tot

botsings met die literêre establishment, aangesien die intellektuele en snobistiese aard van die kritiek wat oor die dominante literêre diskoers soos die reeksboek en hygromans gevorm is, 'n groot hoeveelheid lesers en skrywers vervreem het. Die intellektuele en snobistiese benadering tot die 'goeie' kinderboek hang volgens Lydia Snyman (1983: 44-46, 114) saam met die beginsel dat literatuur in die eerste plek (woord)kuns is en die estetiese funksie daarvan dominant moet wees. Die literêre werk moet dus onafhanklik van die skrywer, leser of tyd waarin dit geskryf is, 'n "voortreflike" eenheid vorm sodat die wêreld-in-die-werk die primêre ondersoek word na hoe die veelheid van interpretasie op verskeie vlakke bydra tot 'n "geheelkwaliteit" van "estetiese voortreflikheid." Verder sê Lydia Snyman (1983: 46-48) dat die literêre waarde van 'n kinderboek nie in die eerste plek "te make [het] met die feit of die kind van 'n boek hou al dan nie", maar of dit die "kwaliteit" van "sy persoonlikheid en karakter" bevorder. Aangesien die kind egter nie "die kritiese vermoë het om te kan besluit of 'n werk literêr waardevol is" nie, rus die onus op die ouers om aan die kind die 'goeie' kinderboek te gee. As teenkating teen dié benadering, wat saamhang met die besef van die noodsaaklikheid van 'lekkerleesstof', is daar 'n beroep op volwassenes gedoen om nie namens hulle kinders te kies watter boeke gekoop en gelees word nie, maar om die kinders ook self te laat kies. Onderliggend hieraan was die idee dat die fokus moes begin wegskuif van wat die kind lees na die feit dat die kind net moet lees (Diedericks-Hugo, 2008; Snyman, 2001: 56-57; Venter, 2006: 6).

Veranderinge by uitgewers na 1994 sluit in Perskor wat weens struktuurveranderinge hoofsaaklik liefdes- en hygromans begin uitgee het en HAUM-Literêr wat deur Kagiso gekoop is. Ten spyte van die voornemens van Kagiso, nou Kagiso Uitgewers, om steeds Afrikaanse titels vanaf die publikasielys van HAUM-Literêr te publiseer, het daar baie min van gekom en het die publikasie van Afrikaanse kinderboeke by dié uitgewer begin doodgeloop. In 1998 is Kagiso Uitgewers deur Maskew Miller Longman (MML) oorgeneem om so 'n einde aan die publikasielys van HAUM-Literêr te bring, aangesien MML geen Afrikaanse fiksie publiseer nie (Venter, 2006: 339-344).

Maritha Snyman (1994: 39 en 2008) sê dat die veranderinge rondom 1994 ook veranderinge binne die literatuurwetenskap en die benadering van literatuur as studie-objek gebring het. Hierdie klemverskuiwing binne die literatuurwetenskap het uiteindelik daartoe gelei dat daar krities na die aard van die literatuurstudie gekyk moes word. Een van die belangrikste veranderinge, volgens Maritha Snyman, was die opkoms van die resepsie-estetika en die skuif weg van die teks as outonome studieobjek na die teks soos ontvang deur die leser (Snyman, 1994:39).

Sommige kenners (vgl. Hart, 2002: 34) is van mening dat die ware ineenstorting van die skool- en biblioteekmark vir kinder- en jeugboeke eers in 1995 plaasgevind het, hoewel ek van mening is dat hierdie ineenstorting sekerlik oor meer as een jaar gestrek het. Volgens Scheeres (2008) word die kinderliteratuur-sisteem rondom 1994/5 gekenmerk deur die aanvaarding van kinderboeke waarin daar gebruik gemaak word van taal wat sterker tot die kind spreek. Naas die meer kindgerigte benadering in terme van die inhoud van die boeke, is navorsing oor die mark ook gebruik om verdere ontwikkeling en veranderinge te beplan. Reeksboeke het in dié tyd weer in gewildheid toegeneem en een van die uitgewers wat op die gebied van reeksboeke baie moeite gedoen het, is Cecelia Britz van Perskor Uitgewer (Britz is tans die uitgewer van romanses by LAPA Uitgewers). Britz het veral navorsing gedoen oor dit wat in die Engelssprekende wêreld goed verkoop, plaaslik sowel as internasionaal, en die reeks *Reënboogrant* geskryf deur Maritha Snyman uitgegee by Perskor as 'n reaksie op die insinking van die kinder- en jeugboekmark na 1994. Britz het ook begin om skryfspanne te gebruik om die reekse te skryf. Enkele titels uit die *Reënboogrant*-reeks is byvoorbeeld deur Maritha Snyman en Loraine Hattingh geskryf en baie goed deur die Afrikaanse mark ontvang (Britz, 2008; Snyman en du Plessis, 2008).

Die jaar 1995 kan ook gesien word as die begin van 'n lesergedrewebenadering tot die kinderboek. Dit beteken daar word baie meer gefokus op dit wat die leser wil lees en baie minder op dit wat die verskillende rolspelers voel die kind behoort te lees (Snyman en du Plessis, 2008). Nie alle uitgewers is egter al so geneë tot die publikasie van hierdie lekker en vermaaklike literatuur nie. Teen die middel van die 1990's het Tafelberg en Human en Rousseau nog nie so sterk hierdie beleid gevolg nie weens hul gerespekteerde reputasie by die Afrikaanse lesers en gevestigde benadering tot wat kwaliteit in kinderboeke behoort te wees (Scheeres, 2008).

Teen 1996 word die breuk met die sogenaamde "wroeg- en preekboeke" (Diedericks-Hugo, 2008) van die 1970's en 1980's steeds groter soos meer reeksboeke wat op die kinderleser gemik is op die rakke verskyn. Voorbeelde van die reekse wat in 1996 verskyn het, is die *Monstermaan*-reeks deur Louis van Niekerk en die *Gedaantes en Geraamtes*-reekse deur Louise Prinsloo. Die verkoopsukses wat hierdie boeke behaal het en die literêre toekennings wat sekere van die titels ontvang het, is 'n aanduiding dat daar iets aan die gebeur was in die kinderliteratuur-sisteem en dat uitgewers begin besef het dat daar 'n tekort was aan boeke wat aan die kind se behoeftes voldoen en vermaaklik is. Gedurende 1995/6 tree belangrike kinderboekskrywers soos Philip de Vos en Janie Oosthuysen toe tot die toneel van die kinderboek en vind daar 'n herlewing van reekse soos *Fritz Deelman*, *Trompie* en *Saartjie* plaas deurdat hulle herdruk word. Verskeie van die ouer reekse of kinderboektitels wat weer

op die rakke verskyn, is egter nie bloot herdrukke nie, maar heruitgawes wat herskryf en aangepas word om meer getrou aan die belewenisveld en toeganklik vir die moderne kind te wees (Cooper, 2008; Jacobs, 2008a; Lategan, 2008; Snyman en Du Plessis, 2008).

Scheeres (2008) sê dat dit baie belangrik is om ook daarop te let wat in hierdie tyd in die internasionale boekewêreld gebeur het. Die groot draaipunt, veral ten opsigte van 7- tot 12-jariges, was volgens Scheeres die verskyning van die *Harry Potter*-reeks en die groot sukses van die eerste boek in 1997 wat uitgewers se aandag weer gevestig het op die groot mark van jong lesers. Dit het duidelik geword dat jong lesers 'n groot aptyt vir avontuur-verhale en -reekse het en dat dit nie saak maak hoe dik die boek is nie, solank dit net opwindend is. Verally reekse betref, meen Scheeres dat 'n mens kan praat van 'n internasionale herlewing wat ook in Suid-Afrika weerklank gevind het. In die lig hiervan sê sy dan ook dat 'n mens nooit die ekonomiese dryfkrag agter uitgewers moet onderskat nie. 1997 is ook die stigtingsjaar van die uitgewery Protea Boekhuis, maar dit is eers heelwat later dat daar 'n kinderboek by dié uitgewery verskyn het (Venter, 2006: 363).

Weens die afwesigheid van subsidies deur die regering word daar in 1999 geen biblioteekaankope vir skoolbiblioteke gemaak nie. As gevolg van die ekonomiese druk wat spruit uit onder andere die afname in aankope deur skoolbiblioteke, hou Perskor op om te publiseer en vorm die uitgewers Tafelberg, Queillierie, Pharos en Kwêla Boeke saam die Tafelberg-groep. In 2001 word Human en Rousseau deel van die Tafelberg-groep wat voorts bekendstaan as NB Uitgewers (Kannemeyer, 2005: 557; Venter, 2006: 211, 339). In 2000 word die uitgewery J.P. van der Walt, onder eienaarskap van die ATKV, LAPA Uitgewers en stel hulle die kinderboekuitgewer Miemie du Plessis aan, 'n stap wat as verklaring kan dien vir die groot aantal kinderboeke wat daarna by LAPA Uitgewers verskyn. LAPA Uitgewers het die kopiereg van talle van Perskor se boeke oorgekoop sodat hulle vandag ook heelwat herdrukke kan publiseer. Sedert 2000 het LAPA Uitgewers ook probeer om daadwerklik nuwe kinderboekskrywers te vestig terwyl die internasionale marktendense ook goed dopgehou is sodat die boeke wat hulle publiseer met die Engelse ekwivalente kan kompeteer. Teen die eeuwending het kopers en lesers ook al meer besef dat hulle self iets sal moet doen om die Afrikaanse kinderboekbedryf aan die gang te hou en het hulle meer boeke begin koop (Diedericks-Hugo, 2008; Du Plessis, 2008; Scheeres, 2008).

Die nuwe Suid-Afrika het neerslag gevind in die kinderliteratuur deurdat die boeke al meer in 'n Suid-Afrikaanse konteks afspeel en al hoe verder wegbeweeg van die Westerse kanon. Dié verandering het verder daartoe gelei dat NB Uitgewers deesdae "so uitsonderlik polities korrek [is,] dat skrywers wat enige iets [sic] skryf wat nie oor Suid-Afrika gaan nie, nie

eintlik 'n kans staan op publikasie nie" (Scheeres, 2008). Scheeres (2008) verwys ook na die toenemend inklusiewe aard van die verhale en die fokus wat al hoe sterker val op die moderne kind se beleweniswêreld – Niki Daly en Jaco Jacobs is twee skrywers wie se werk as voorbeelde hiervan dien.

Volgens Jaco Jacobs (2008a) is een van die veranderinge wat in 2000 plaasgevind het, die wyse waarop Miemie du Plessis van LAPA Uitgewers kinders vanaf die manuskripfase af betrek by die uitgee-proses as keurders. Sodoende begin 'n nuwe wyse waarop boeke bemark en gepubliseer word. Hy noem ook bemarkingsveldtogte waar boeke deur die skrywers en uitgewers direk aan die kind bemark word deur na skole te gaan en verwys ook na die feit dat Miemie du Plessis se deeglike kennis van die internasionale tendense haar gehelp het om met die Engelse mark in Suid-Afrika te kompeteer.

Nog 'n blik op die veranderinge wat na die eeuwending volg, is dié van Betsie van der Westhuizen (2008). Haar siening is dat die nuwe tendense net voor die eeuwending deel was van 'n tydsgees waarin mense dinge wou vernuwe en bevorder:

Ek dink dis in daardie tyd dat ek ook heelwat veranderinge en verbeteringe gesien het in die Suid-Afrikaanse polisteem t.o.v. die interaksie tussen die komponente produksie, bemarking, mediëring en resepsie (deur primêre en sekondêre lesers). Ek dink talle mense het (bewus of onbewus van mekaar) op talle wyses bygedra tot die stukrag, vernuwing en groei in die totale sisteem vanaf direk voor die eeuwending en daarna.

Teen 2002 spreek verskeie rolspelers soos skrywers en uitgewers hul kommer uit oor die Afrikaanse boek en teen 2003 word dit ook deur verskeie literatore uitgespreek. Dié kommer en ontevredenheid hou veral verband met die uitgewers en die veranderinge wat by outeurskontrakte en die berekening van die skrywer se inkomste aangebring is, asook die daling in die aantal fiksietitels, veral poësietitels, en uitgeebeslissings wat toenemend deur kommersiële oorwegings bepaal word (Venter, 2006: 6, 173). Ten spyte van die somber vooruitsigte vir die Afrikaanse boek, meen Carina Diedericks-Hugo (2008a) daar is tog 'n ligpunt in dié mate dat uitgewers van kinderboeke vir die eerste keer in 2003 weer begin wins maak het. 'n Moontlike rede hiervoor is die aansienlike bedrag geld wat die regering weer bewillig het vir die aankoop van skoolhandboeke. Die aankope deur biblioteke bly egter in hierdie tyd nog min. In 2004 kondig die Departement van Onderwys aan dat daar veranderinge in die seleksie- en voorskryf-beleid ten opsigte van fiksie is. Hierdie veranderinge plaas egter 'n beperking op die aantal titels wat voorgeskryf word en stel weer aan uitgewers sekere voorskrifte van hoe die teks moet lyk. Gevolglik lei die groter begroting

in 2003 tot die verkoop van meer boeke, maar nie tot die vervaardiging van meer titels nie. Op sisteemvlak is daar in hierdie tyd twee gebeurtenisse wat bygedra het tot die ontwikkeling van die Afrikaanse kinderboek. Die eerste is die eerste kongres oor kinder- en jeugliteratuur wat deur Die Eenheid vir Navorsing in kinderliteratuur van Unisa aangebied is in 2003. Nog drie kongresse word onderskeidelik in 2005, 2007 en 2009 gehou (hoewel nie deur ENIK nie). Tweedens word die 29ste IBBY kongres in 2004 in Suid-Afrika gehou (Greyling, 2000-2009; Venter, 2006: 200-201)

Enkele gebeurtenisse wat verder bygedra het tot veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem, sluit in die groot hoeveelheid openbare aandag wat die waarde van moedertaalonderrig in die onderwys en die afskaling van Afrikaans as onderrigtaal in 2005 ontvang het. Hiernaas is die eerste internasionale boekeskou, die Cape Town Book Fair, in 2006 in Kaapstad gehou is en in 2008 verskyn die ATKV se kindertydskrif *Hoezit!* wat gemik is op 9- tot 12-jariges (Venter, 2006: 160, 230; Greyling, 2000-2009). Volgens Franci Greyling (2008) en Renette Espach (2008) is nog 'n belangrike waarneembare verandering in die kinderliteratuur-sisteem sedert die 1990's, die sogenaamde tegno-era. Die tegno-era verwys na die sentrale rol wat die internet in die tegnologiese era en literêre sisteem speel. Espach sluit hierby aan deur te sê dat tegnologie die een ding is wat 'n groot verskil maak in dit wat die kind wil lees. Volgens Greyling (2007: 145) is die rede hiérvoor die feit dat daar 'n noue verband tussen die tegnologie wat 'n mens gebruik en die mens se denke is. Daar sal meer oor die invloed van tegnologie gesê word by die bespreking van tendense (sien 5.3.4).

5.3 Tendense

Die inligting wat in hierdie afdeling gebruik word, is eerstens inligting wat by verskeie rolspelers soos skrywers, uitgewers en letterkundiges verkry is deur middel van onderhoude en eposkorrespondensie en tweedens inligting uit bestaande navorsing oor kinderliteratuur. Weens die aard en omvang van hierdie studie is die kinderboek-lesers en -kopers nie self geraadpleeg nie, hoewel daar gebruik gemaak is van data uit studies waar dit wel gedoen is.

5.3.1 Temas

Een van die groot veranderinge wat volgens Gericke (2008a) plaasgevind het in Afrikaanse kinderliteratuur, is dat die meer ernstige 'literêre' kinderboeke (sien 5.2) van vroeër al meer plek maak vir vroliker kinderboeke met 'n definitiewe oog en gerigtheid op dit wat die kind van sal hou. Een van die redes vir hoekom hierdie verandering so positief is, is dat meeste mense en veral kinders nie literêr ingestel is nie en dus nie aanklank vind by kinderboeke met 'n sterk literêre inslag nie. 'n Gevolg van dié verandering is 'n toename in humoristiese, kindgerigte kinderboeke wat veral sedert die eeuwending opgemerk word met die verskyning

van kinderboeke soos *Pasop vir die feetjies* (2008b) deur Jaco Jacobs. Botha (2009) sê dat hierdie boek goed doen omdat dit humoristies is, maar ook omdat dit een van die eerste feetjie-boeke is wat seuntjies ook lees en geniet. Een van die ouer kinderboeke wat reeds deur hiërdie tematiese tendense gekenmerk word en weer 'n terugkeer tot die kinderboektoneel gemaak het, is die nuwe *Liewe Heksie* storie, *Liewe Heksie en die rekenaar* (1999), geskryf deur Verna Vels. Volgens Gericke (2008a) is humor een van die tendense in kinderliteratuur waarop kinders baie goed reageer. Snyman en Du Plessis (2008) sluit by Gericke aan wanneer hulle sê dat grapboeke 'n baie effektiewe medium is om jonglesers en kinders sonder leeslus te betrek en te prikkel om te lees. Een van die redes hiervoor is dat 'n kind veilig voel binne die grense van dit wat positief is. 'n Kind, soos die meeste lesers, ontsnap ook in die stories en kry 'n kans om weg te kom van hul eie realiteit wat nie altyd so positief is nie. In hierdie opsig hou hulle van gelukkige gesinne. Dit beteken nie dat die gesin van staanspoor af gelukkig moet wees nie, maar dat die gesin ten minste aan die einde van die storie 'n gelukkige eenheid moet vorm. So kry die kind kans om hoop te kry vir sy eie situasie wat dalk nie vreeslik aangenaam is nie.

Volgens Diedericks-Hugo (2008b), wat self gereeld na die boekeskou in Frankfurt gaan om boekeregte te koop, kom baie van die tematiese tendense van oorsee af. Voorbeelde hiervan is onder andere feetjie- en kabouterboeke en boeke wat spesifiek vir seuns of dogters geskryf word. Vir lank is daar ook oorgekompenseer deur meer aandag te gee aan seuns, aangesien hulle veronderstel is om die slegter lesers te wees, maar dit verander ook nou. Die grillerboeke, nog 'n wêreldwye tendens waarin die Afrikaanse boek deel, en spannende stories wat vinnig ontplooi en waarin daar baie aksie is, is oor die algemeen baie populêr onder jong lesers (Van der Walt, 2005b: 28). So ook meen Potgieter (2009) dat perdestories en stories oor ballet amper gewaarborg is om 'n sukses te wees. Hoewel die meisie wat as speurder optree internasionaal al 'n meer algemene tendens is (vergelyk die *Nancy Drew*-reeks), is dit 'n nuwe en gewilde verskynsels in die Afrikaanse kinderboek, 'n voorbeeld is die Bessie Hemelbesem-reeks deur Janie Oosthuysen (Gericke, 2008a). Volgens Scheeres (2008) was daar gedurende die 1990's opnuut 'n bewuswording van die kind se aansienlike aptyt vir avontuur-verhale (vgl. Machet et al, 2001: 129).

Na aanleiding van haar interaksie as bibliotekaris met jong lesers, sê Potgieter (2009) dat daar nog heelwat tematiese leemtes in Afrikaanse kinderboeke is. Die eerste leemte is lekker boeke vir seuns. Seuns hou van sportboeke in roman-vorm (vgl. Machet et al, 2001: 131). Die sport wat op die oomblik die gewildste is onder seuns is krieket. Tweedens is daar 'n behoefte aan boeke oor volksverhale, legendes, mites en diere-verhale. Potgieter meen dat daar eintlik alreeds van die boeke, veral etlike vertalings, is wat net op 'n meer aantreklike

wyse heruitgegee kan word, byvoorbeeld *Die Helde* deur Charles Kingsley. Volgens Gericke (2008a) is een van die grootste leemtes ook die tekort aan fantasie by Afrikaanse kinderboeke.

5.3.2 Reekse

Die meeste kenners is dit eens dat reeksboeke uiters belangrik is. Redes wat hiervoor aangevoer word, is die emosionele bevrediging wat kinders put uit die verhale wat voortduur, identifisering met die protagonis wat lei tot die leser se eie gevoel van prestasie in 'n kompeterende wêreld, die terugkerende struktuur en karakters wat die leser 'n raamwerk bied waarbinne hy/sy kan bepaal hoe hy/sy moet lewe en die bevordering van positiewe waardes (Snyman, 2001: 49). Na die negatiewe reaksie op reeksboeke in die 1960's en 1970's deur akademici, literêre kritici en letterkundiges soos veral Lydia Snyman (Snyman, 2001: 47-48), het reekse soos *Reënboogrant* (1995), geskryf deur Maritha Snyman, verskyn en weer gewild geword. Diedericks-Hugo (2008b) sê dat dit eintlik ironies is dat die reeksboek, ten spyte van al die teenstand deur bogenoemde rolspelers, nog altyd die beste verkoop het. Een van die redes kan gevind word in die genot wat kinders put uit die terugkerende karakters (vgl. Machet et al, 2001: 20). Buiten vir die genot wat die kind uit die reeksboek put, meen Gericke (2008a) dat die reeksboek ook belangrik is in soverre dit die kind aanmoedig om die volgende boek te lees en sodoende meer te lees. Volgens Potgieter (2009) verskyn daar egter tans te min nuwe reekse op die rakke.

5.3.3 Voorkoms, inhoud en taalgebruik

'n Groot probleem wat die uitgewers van Afrikaanse kinderboeke in die gesig staar wanneer dit kom by taalgebruik in kinderboeke, is kinders wat op skool slaag, maar nie behoortlik kan lees nie. Gevolglik is daar byvoorbeeld kinders in graad 4 met die leesvermoë van kinders in graad 2. Dit maak die voorskryf van boeke baie moeilik en veroorsaak dat boeke al hoe makliker gemaak moet word. Die klem verskuif ook al meer van woorde met 'n goeie klankwaarde na makliker-verstaanbare woorde (Diedericks-Hugo, 2008b; Snyman en Du Plessis, 2008). Gevolglik word daar nie gekyk na die behoeftes van die sterk leser nie, wat veroorsaak dat hulle eerder Engels as Afrikaans begin lees (Potgieter, 2009).

Volgens Diedericks-Hugo (2008b) moet die taalgebruik so na as moontlik aan die kind se verwysingsraamwerk en werklikheidservaring wees. Die klankwaarde van woorde is ook belangrik, want die kind moet dit boeiend vind. Vreemde woorde met lekker klanke kan dus maklik ingewerk word om die kind se woordeskat uit te brei. In dié opsig sien 'n mens dikwels hoe ou Afrikaanse woorde weer in die boeke voorkom en so die ou en nuwe taal kombineer. Die verteller se taal moet van 'n goeie gehalte wees en Afrikaans en Engels moet nie gemeng word nie, tensy dit effektief in dialoog van 'n bepaalde spreker gebruik word.

Snyman en Du Plessis (2008) sê dat die gebruik van Engelse woorde deel vorm van die karakterisering, want die karakters moet optree en praat soos die kind wat lees sou praat en optree (al is die optrede bloot dit wat die kind wens hy kon doen).

Wat die didaktiese inhoud van kinderliteratuur betref, meen Snyman en Du Plessis (2008) dat 'n mens uit enige storie 'n les kan haal, maar dat die les nie die fokuspunt moet wees nie. Sou daar dan tog wel 'n sentrale boodskap wees moet dit met entoesiasme deur 'n lekker storie oorgedra word. Gevolglik meen hulle dat die belangrikste vereiste vir goeie kinderliteratuur is dat dit 'n goeie storie met boeiende karakters moet wees. Volgens Gericke (2008a) is dit by al die oudersomsgroepe belangrik dat 'n storie nie (vreeslik) didakties moet wees nie, aangesien dit die kind van die storie kan vervreem. Verder is dit ook belangrik dat boeke vir die beginnerleser nie te dik moet wees nie (vgl. Snyman, 2006: 163-164). 'n Kind moenie oorweldig en moedeloos voel voordat hulle eers met die boek begin nie. Dit moet veral ook nie vir die kind soos werk voel as hy/sy lees nie. Hoe gouer 'n kind deur sy/haar eerste boeke kom, hoe groter is die gevoel van sukses en hoe groter is die kans dat hy/sy sal aanhou met lees. Een van die tegnieke wat by die ouer lesers toegepas word is om eers dikker papier en groter skrif te gebruik sodat die gevoel van 'n dikker boek die indruk van sukses skep. In al die boeke en stories moet die stimulasie en vermaak van die kind voorop staan. Hiernaas sê Potgieter (2009) dat daar meer dikker boeke vir die ouer kind en sterker leser moet wees, aangesien die dikker boek wat dien as oorgang tussen die dun-dun kinderboeke en die dik boeke vir volwassenes ontbreek. Potgieter glo ook dat die dikker boek die kind in sy leesontwikkeling sal aanspoor.

Machet et al (2001: 65-68) het in hul navorsing oor kinders se leesgedrag gevind dat kinders hou van kort hoofstukke en hoofstuktitels. Die meeste kinders het ook aangedui dat hulle nie hou van moeilike of nuwe woorde nie en maklike woorde verkies, wat myns insiens ooreenstem met die probleem van geletterdheid. Meer meisies as seuns hou van baie dialoog en beide verkies die eerstepersoonsverteller. In die ooreenstemmende studie van Maritha Snyman (2006: 171-174) dui die bevindinge ook daarop dat kinders hou van boeke waarin daar baie gebeure is en 'n gelukkige einde het.

In ooreenstemming met van die resultate uit Machet et al (2001: 12, 127-128) se studie oor die kind se leesgedrag, meen Diedericks-Hugo (2008b) dat kinderboeke helderkleurig en nuwerwets moet wees met titels en karaktername wat lekker klink en sê, in plaas van waterverf-illustrasies, pastelkleure en saai titels. Gericke (2008a) kan weer nie genoeg benadruk hoe belangrik die omslag van 'n boek is nie. Die opvatting dat 'n omslag 'n boek verkoop, is algemeen (vgl. Machet et al, 2001: 11-12, 127; Snyman, 2006: 163-164). Gericke

(2008a) betoog vir 'n meer kindervriendelike aanbieding en dui daarop dat dit een van die redes is vir die sukses van die herdrukke van die *Saartjie-* en *Trompie-*reekse. Helder kleure, blinkers en gekleurde bladsye is maar 'n paar van die dinge wat baie goed werk in enige (Afrikaanse) kinderboek (vgl. Machet et al, 2001: 17-18). Nog 'n tendens is dan ook dat ou reekse soos die *Saartjie-*reeks, nie net herdruk word nie, maar dat die voorkoms en inhoud daarvan gemoderniseer word om die kind van vandag te boei. Britz (2008) sê dat as dit kom by die inhoud van 'n boek in vergelyking met die ander media, 'n mens moet beseef dat jy net woorde het om te vergoed vir die visuele. Omslae is dus geweldig belangrik omdat dit die boek verkoop. Die omslag is die "larger than life"-komponent wat kinders lok na die teks. Die teks moet ook kragtig en oorspronklik wees om by die visuele aan te sluit.

Goeie karakterisering wat lei tot die leser se identifisering met die karakter is baie belangrik, aangesien die kind daardeur sy/haar eie realiteit kan ontvlug en voel asof hy/sy ook probleme kan oplos, heldedade verrig en deel hê aan avonture. Die persone wat ek geraadpleeg het, meen dit werk nie om 'n hoofkarakter te hê wat 'n verstoteling is nie, aangesien karakterontwikkeling by die kinderboek nog nie tot so 'n mate plaasvind dat die ontwikkeling van 'n verstoteling tot 'n held te geakkommodeer kan word nie. Weereens wil die kind wat dalk self verstoot word, nie lees van iemand soos hy nie, maar eerder van iemand soos wie hy wil wees. Deur karakters met wie hy/sy kan identifiseer leef die kind sy eie fantasieë uit. Gevolglik is dapper karakters baie gewild. Swakker karakters ontbreek nie, maar hulle vul meer ondersteunende rolle (Snyman en Du Plessis, 2008).

Volgens Snyman en Du Plessis (2008) is een van die nuutste kwessies waarteen hekwagters soos skoolhoofde, ouers en keurkomitees vir beide voorgeskrewe boeke en literêre toekennings kapsie maak, hulle ongewilligheid om boeke met bruinkarakters te koop. Hoewel bruinkarakters reeds ingewerk word, is hulle selde die hoofkarakters van stories en ook byna nooit op die voorbladillustrasies nie. Omslae het nog grootliks wit kinders, maar daar is 'n groot poging om bruin kinders te betrek.

5.3.4 Tegnologie

In verband met die tegno-era, is daar konsensus onder kenners dat die tegnologie 'n wesenlike invloed op die kinderboek het. Volgens Diedericks-Hugo (2008b) is 'n definitiewe tendens TV-stories en films wat na boeke verander word en vice versa. Die vrees dat die televisie die (kinder)boek gaan oorneem, lê volgens Diedericks-Hugo ook meer by die ouers as by die kinders. Veral lesers van kinderliteratuur tref baie goed onderskeid tussen verskillende vorme van vermaak soos lees en televisie kyk. Vir die kind is 'n goeie storie belangrik en as hulle daarvan hou, sal hulle dit lees. Wat wel na vore kom, is die feit dat kinders oor die algemeen

baie meer visueel-geletterd is en dus kan 'n mens ook sien dat die verpakking van die kinderboek daarby aangepas is.

In Greyling (2007: 145-147) se artikel "Die baie lewens van Balkie: tegnologie, kinderliteratuur, grense, hibriditeit" sê sy dat drie tipes veranderinge van kinderliteratuur in 'n tegnologiese, oftewel multimedia-omgewing, beskryf kan word. Die eerste is literêre veranderinge wat verband hou met die inhoud, onderwerp, literêre tegnieke en vorme van die kinderboek. Tweedens is daar funksionele veranderinge wat verband hou met die toepassing en metodes van gebruik van die kinderboek en derdens ondergaan die kinderboek 'n statusverandering. Deur die toenemende gebruik van onder andere polifoniese strukture soos veelvlakkige teksstrukture of veelstemmigheid (ook 'n soort hiperteks of waarnemingsagent) tesame met die gebruik van nie-literêre elemente soos die televisie en para-literêre elemente soos populêre fiksie, toon die tendense in kinderliteratuur ook al meer ooreenkomste met die postmodernistiese tendense in literatuur vir volwassenes. Greyling verwys verder na drie kenmerke wat volgens Driesang in 'n tegnologiese era aanwesig is in kinderboeke, naamlik interaktiwiteit, verbinding en toegang. Al drie die kenmerke kom óf tot uiting in veranderende vorme en formate wat onder andere verband hou met grafika, die sinergie tussen woorde en prente en die wyse van organisasie, óf veranderende perspektiewe wat onder andere verband hou met voorheen ongehoorde stemme en kinders wat namens hulself praat, óf veranderende grense wat onder andere verband hou met onderwerpe wat voorheen taboe was, ruimtes wat nie gebruik was nie, karakters wat op nuwe komplekse wyses uitgebeeld word, meer tipes gemeenskappe en onopgeloste eindes.

Tegnologie en die internet vorm deel van die jong leser se verwysingsraamwerk en dus word dit al meer as 'n deel van die sosiale konteks in kinderboeke gebruik. Die invloed van tegnologie op die medium en formaat van ou sowel as nuwe kinderboeke kan op verskeie maniere gesien word. Eerstens vorm tegnologiese elemente deel van die kinderboek se storielyn as konkrete objekte soos selfone of verwysings na die internet. Met die herdruk van byvoorbeeld die *Reënboogrant*-reeks moes selfone ingeskryf word, ten einde frustrasie by die kinderleser te voorkom en so getrou moontlik aan die kinderleser se verwysingsraamwerk te bly. Sodoende maak die tegnologie dit ook vir die skrywers makliker om ontsnapmetodes vir die karakters te maak. Tweedens het dit 'n invloed op die aanbiedingswyse in soverre dit nuwe stilistiese en narratiewe moontlikhede bied, soos die nabootsing van rekenaaruitdrukke of SMS-taal wat in die teks op grafiese wyse uitgebeeld word. Derdens vind "eiesoortige konvensies van 'n ander tegnologie of medium" (Greyling, 2007: 147) neerslag in die kinderboek deur byvoorbeeld filmtegnieke van terugflitse in die illustrasies te gebruik (Greyling, 2007: 147; Snyman en Du Plessis, 2008).

In die lig van illustrasies en meer visueel-geletterde lesers, merk Snyman en du Plessis (2008) dat daar 'n toename in die hoeveelheid illustrasies in kinder- en jeugboeke is. Hiermee saam moet die illustrasies ook verkieslik volkleur wees weens die invloed van die televisie. Vroeër, toe radio die primêre vorm van mediavermaak was, was dit nie nodig nie, want die kind was gewoond daaraan om sy/haar eie prentjies in sy/haar verbeelding te maak. Deesdae sien die kind alles en is daar al amper 'n verwagting om alles te sien. As 'n mens net kyk na die koerante en hoeveel meer foto's en kleur daar in is, is dit duidelik dat dit nie bloot 'n verskynsel is by die jeug is nie, maar eerder 'n algemene gevolg van die era waarin ons leef.

5.4 Gevolgtrekking

Die politieke invloed, hetsy direk of indirek, op die (kinder)literatuur-sisteem kan nie ontken word nie. Dit geld ook vir die radikale veranderinge wat die politieke wenteling van 1990 gebring het – van die ineenstorting van die skool- en biblioteekmark wat die uitgewerswese en die Afrikaanse kinderboek 'n krisispunt laat bereik het tot 'n nuwe en groeiende Afrikaanse kinderliteratuur wat internasionaal ook erkenning kry. Die oorgrootte meerderheid van die veranderinge wat in die kinderliteratuur-sisteem plaasvind kom in die kinderboek voor in die vorm van tendense. Hierdie tendense hou verband met temas soos feetjieboeke, reekse, die voorkoms, inhoud en taalgebruik in kinderboeke en hoe dit aansluit by die behoeftes van meer visueel-geletterde kinderlesers, en die invloed en rol van tegnologie in die kinderboek. Ter illustrasie gaan die tendense aan die hand van 'n steekproef van 6 Afrikaanse kinderboeke in hoofstuk ses uitgelig en kortliks bespreek word.

Hoofstuk 6 – Tendense soos gesien kan word in die kinderboek

6.1 Inleiding

Vanuit die polisteem-benadering en historiese oorsig van hoofstukke 4 en 5, is dit duidelik dat die politieke en sosiale veranderinge, veral dié veranderinge sedert 1990, 'n merkbare invloed op die kinderliteratuur-sisteem het. Weens die invloed van verskillende sisteme soos die politieke en opvoedkundige sisteme wat oorvleuel met die kinderliteratuur-sisteem en onder andere die mark vir voorgeskrewe boeke reguleer, het die aard van die kinderboek ook oor tyd verander. Die term "tendense" hierbo verwys na die 'modes' wat betref die voorkoms, inhoud en aard van die kinderboek. In hoofstuk 5 is etlike algemene tendense uitgelig: sommige het vir die eerste keer na 1990 in Afrikaanse kinderboeke voorgekom terwyl ander verskynsels in Afrikaanse kinderboeke was wat na 1990 verandering ondergaan het. Ter illustrasie van hierdie tendense, gaan ses Afrikaanse kinderboeke wat na 1990 verskyn het ondersoek en bespreek word.

6.2 Die keuse van boeke

Die boeke wat vir hierdie hoofstuk gekies is, is slegs 'n steekproef van gewilde Afrikaanse kinderboeke wat verteenwoordigend is van die tendense wat in die vorige hoofstuk bespreek is. Sekere riglyne is gevolg tydens die seleksie-proses. Die eerste was dat die datum van publikasie na 1990 moes wees. Die tweede was dat die titels wat deur verskillende rolspelers in die kinderliteratuur-sisteem aanbeveel is en toekennings ontvang het, voorkeur geniet het. Die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar sluit verskillende leesvlakke in soos 7 tot 9 jaar en 10 tot 12 jaar (sien hoofstuk 2); daarom het ek probeer om ook die verskillende leesvlakke binne die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar te akkommodeer. Laastens is daar ook net een boek van 'n skrywer betrek ten einde so veel moontlik skrywers te verteenwoordig.

Die eerste boek is *Pasop vir die feetjies!* (2008b) geskryf deur Jaco Jacobs en geïllustreer deur Gerhard Cruywagen. Pat Botha (2009) van Bargain Books het die boek aanbeveel, aangesien dit die eerste feetjieboek in Afrikaans is wat ook die seun as teikenleser insluit en baie humoristies is. Volgens die ouderdomsindeling van LAPA Uitgewers (2009a: 15) is die boek gemik op lesers van 7 jaar en ouer.

Verskillende van die rolspelers wat ek geraadpleeg het, het gewys op die gewildheid van perdestories en van reekse. Die tweede boek wat ek gelees het, is dus die eerste boek uit die reeks *Stalmaats* genaamd *Perdedrome* (2007) deur Lize Roux. LAPA Uitgewers (2008:19 en

2009a: 17) gebruik beide die ouderdomsindeling 9 jaar en ouer en 11 jaar en ouer vir hiërdie reeks.

Avontuur -en speurverhale was nog altyd onder die Afrikaanse kind gewild, maar dit is eers tydens die laaste dekade wat 'n meisie as speurder en hoofkarakter in Afrikaanse kinderboeke gewild geword het. In Afrikaans is een van die gewildste voorbeelde hiervan die *Bessie Hemelbesem*-reeks, geskryf deur Janie Oosthuysen en geïllustreer deur Lize-Marie Smit en Anja Aucamp. My keuse het geval op die eerste titel uit dié reeks, *Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament* (2008). Die ouderdomsgroep van lesers van hierdie boek is volgens LAPA Uitgewers (2009a: 17) 11 jaar en ouer.

Die toenemende teenwoordigheid van tegnologie in mense se lewens het ook 'n tematiese tendens by die Afrikaanse kinderboek geword. Die tema kom in verskillende vorme voor, vanaf verwysings na robotte en selfone tot by die rekenaar. Die gekose storie is die titelverhaal uit *Liewe Heksie en die rekenaar en ander nuwe Liewe Heksie-stories* (2005), geskryf deur Verna Vels en geïllustreer deur Piet Grobler, wat vir die eerste keer in 1999 verskyn het en die C.P. Hoogenhout-toekenning vir kinderliteratuur, 7 tot 12 jaar, ontvang het (Van der Walt, 2005a: 165-166). *Liewe Heksie* is 'n ouer reeks wat reeds in 1961 sy verskyning gemaak het, immer gewild is en nou met 'n meer moderne inslag ook die mees tegnologies ingestelde kind se aandag kan hou. *Liewe Heksie* is ook een van die eerste en blywende fantasieverhale op die Afrikaanse kinderboekrak.

Grillers en rillers het sedert 1990 in gewildheid toegeneem en een van die gewildste skrywers van veral die riller vir 9- tot 12-jariges, is François Bloemhof. Al agt boeke uit Bloemhof se *Rillers*-reeks is saamgevat in die *Rillers Omnibus* (2006). My keuse het geval op *Die vrou met die pers oog* wat vir die eerste keer in 1996 verskyn het (Du Plessis, 2005: 194).

Die laaste boek wat deel vorm van die steekproef is *Reënboogrant Maats: Skelmstreke en Kattekwaad* (2005b) wat vir die eerste keer in 1995 verskyn het by Perskor-Uitgewers as die eerste titel van die reeks *Reënboogrant Maats*, geskryf deur Maritha Snyman. Die primêre rede vir die keuse van hierdie boek is die feit dat dit een van die eerste boeke is wat in die 1990's verskyn het en na die mening van verskeie rolspelers 'n wending in die Afrikaanse kinderboek aangedui het. Volgens die ATKV-Kinderboektoekenning is dié reeks vir lesers tussen die ouderdomme 8 tot 9 jaar (Van der Walt, 2005a: 172), maar met die heruitgawe sê LAPA Uitgewers (s.a.3) dat dit vir die leser 11 jaar en ouer is. Die sukses van die reeks kan toegeskryf word aan die kindgerigtheid van die teks. Met die heruitgawe is sekere boeke aangepas om die tegnologie te betrek sodat die moderne kind nie vervreemd moet voel nie

(Snyman en Du Plessis, 2008). Weens die beperkte omvang van hierdie studie gaan 'n vergelyking tussen die oorspronklike teks en die heruitgawe nie gedoen word nie.

6.3 'n Bespreking van enkele tendense

6.3.1 Voorkoms

Volgens Snyman en Du Plessis (2008) is dit belangrik dat daar nie diskrepansie moet wees tussen die voorbladillustrasie en inhoud van die boek nie. In aansluiting hierby is die omslag van *Oppas vir die feetjies!* (2008b) helderkleurig en bied dit 'n goeie opsomming van die storie. Die twee seuntjies wat dodelik bang lyk vir die feetjies en die gepaardgaande titel breek met die stereotipiese feëverhaal en sal waarskynlik die aandag van die kind, veral die seun, lok. Die visueel-geletterde generasie hou ook daarvan om te weet hoe die skrywer lyk en dus is daar 'n foto van Jacobs op die agter-flap van die boek (vgl. Greyling, 2000-2009c). Dwarsdeur die boek word daar volkleur illustrasies gebruik wat goed korreleer met die teks en sodoende die visueel-geletterde kind stimuleer en identifisering met die verhaal bevorder. Die afwesigheid van swart en bruin karakters in die Afrikaanse kinderboek word aangespreek deur die karakter Nonkwe, maar sy is nie die hoofkarakter nie en ook nie op die voorblad nie. Met 39 bladsye is die boek nie te dik vir die jonger leser nie. Daar word gebruik gemaak van goeie gehalte glanspapier, 'n groot lettertipe, ruim lynspasiëring, kort sinne, kort hoofstukke en hoofstuktitels. Om ekstra klem op woorde te plaas word uitroepetekens aangevul met woorde wat in hoofletters gedruk is en so die kind se aandag te vestig op die intensiteit van 'n uitroep of 'n situasie. 'n Voorbeeld hiervan kom voor op bladsy 8 waar die tweeling weereens uitgeskel word deur die juffrou omdat hulle nie kan stilbly nie:

'PIETER EN DIETER, BLY STIL!' gil juffrou Buys.

Perdedrome (2007) het 'n heldergroen omslag met 'n foto van 'n bruin perd en 'n geel titel wat uitstaan teen die groen agtergrond. Dit is 'n redelik konvensionele omslag, maar tog visueel treffend en kennelik gemik op 'n ouer leser as dié van byvoorbeeld *Pasop vir die feetjies!* (2008b). Die teks is gedruk op gewone wit papier sonder enige illustrasies tussenin, in 'n groot lettertipe en met ruim lynspasiëring. Die hoofstukke is kort en daar is hoofstuktitels, maar die sinne is al langer. Die storie beslaan 63 bladsye en bied heelwat leesmateriaal, maar is steeds nie te dik vir die jong leser nie. Op die heel laaste bladsy is daar 'n voorsmakie van wat in die volgende boek uit dié reeks verwag kan word en voorin is daar 'n lys van titels in die reeks. Hierdeur word die kind se leeslus geprikkel en slaag die reeksboek daarin om lees te bevorder.

Die omslag van *Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament* (2008) is in skakerings van groen en geel met 'n illustrasie van Bessie Hemelbesem wat oom Sak Sarel se testament

ondersoek. Die titel, inhoud en voorbladillustrasie stem weer, soos in die geval van *Pasop vir die feetjies!* (2008b), ooreen met mekaar. Deur die 80 bladsye van die storie kom daar beide volkleur en swart en wit illustrasies voor wat aansluit by die verwagtinge van 'n visueel-geletterde generasie, maar ook voorsien vir die ouer kind wat begin weg-beweeg van stories met illustrasies. Die boek is gedruk op glanspapier met grafiese effekte op elke bladsy, is nie te dik nie, het kort hoofstukke, hoofstuktitels en 'n inhoudsopgawe, waar alles ooreenstem met die hedendaagse tendense wat betref die voorkoms van kinderboeke.

Die enigste gekleurde illustrasie in *Liewe Heksie en die rekenaar* (2005) is die een wat op die omslag teen 'n wit agtergrond verskyn. Die omslag-illustrasie is 'n toneel uit die titelverhaal wat sorg dat daar 'n duidelike verband is tussen die titel, inhoud van hoofverhaal en illustrasie. Die illustrasie wat op die agter-flap verskyn is ook 'n toneel uit die titelverhaal, maar is soos die res van die illustrasies in swart en wit. Die boek bestaan uit 6 verhale wat nie in hoofstukke verdeel is nie. Die verhale is elk tussen 12 en 15 bladsye lank met standaard lettergrootte en gemaklike lynspasiëring, die titelverhaal is 17 bladsye lank.

Die voorblad van *Die vrou met die pers oog* (2006) het in 1996 'n illustrasie van die titelkarakter gehad in donker skakerings met die titel in groot blou en pienk letters (die pienk was volgens Christo Coetzee (s.a.) 'n fout van die drukkers) aan die bokant van die bladsy. Die skrywers se naam het in wit aan die onderkant van die voorblad gestaan en as 'n soort waarskuwing het die woord "spanning" bo in die linkerhoek verskyn. Volgens Christo Coetzee (s.a.) is die woord "spanning" oorbodig; alhoewel dit moet dien as 'n soort waarskuwing, is dit juis wat die kinders soek. Die visuele beeld op die voorblad spreek van gevaar, iets sinistres wat gaan gebeur en stem ooreen met die titel en die inhoud van die verhaal. Die *Rillers*-omnibus wat in 2006 verskyn het, het weer die illustrasie deur Jeanine Henning van 'n groen monster wat deur 'n skrefie in 'n muur met sy geel oog loer, en die skrywer se naam in dieselfde geel letters bo-aan en die naam van die reeks in wit onder. Beide omslae is heel treffend en sluit aan by dit wat vir 'n meer visueel-geletterde generasie lesers bekend sal wees. Op die eerste blad van die omnibus is daar 'n groot foto van die skrywer met 'n swart kat gevolg deur 'n inhoudsopgawe met al die stories. Elke storie het in die omnibus 'n swart en wit "voorblad"-illustrasie wat in 'n meer grafiese styl is en soos die negatiewe van 'n foto lyk. *Die vrou met die pers oog* se voorblad beeld die titelkarakter uit voor 'n rak boeke (sy is die biblioteek-juffrou), geklee in haar jas van kindere hare terwyl sy en haar kat albei wreed grynslag. Die illustrasie stem ooreen met die inhoud, maar verklap nie veel daarvan nie en pas so by die ouer leser. Die flapteks van die oorspronklike uitgawe word as 'n soort voorwoord gegee. Die oorspronklike uitgawe was 64 bladsye, maar in die omnibus beslaan die verhaal slegs 37 bladsye. Dit is te wyte aan die kleiner lettertipe en lynspasiëring

en die feit dat elke hoofstuk nie op 'n nuwe bladsy begin nie. Die hoofstukke en sinne is nie te lank nie, maar daar is nie hoofstuktitels nie en ook geen verdere illustrasies nie.

Fotorealistiese beelde in helder kleure is vir die oorspronklike *Reënboogrant Maats*-reeks se omslag-illustrasies gebruik, maar die heruitgawes stem meer ooreen met resente tendense deurdat elke boek byvoorbeeld in 'n ander kleur is met die titel wat in reliëf uitstaan. Die eerste titel in die reeks *Reënboogrant Maats: Skelmstreke en kattedwaad* (2005) is byvoorbeeld in skakerings van pienk, met 'n ligpienk agtergrond, die titel wat in helder pienk en reliëf uitstaan, 'n foto van 'n paar pers-pienk skoene, ligpienk patrone in reliëf oor die agtergrond en silwer blinkers rondom die skoene, alles daarop gemik om meisies se oog te vang. Die teks is op goeie kwaliteit papier gedruk met 'n standaardgrootte lettertipe en gemaklike lynspasiëring. Die boek is langer as die ander wat vir die steekproef gekies is, 112 bladsye, maar lyk nie vreeslik dik nie. Die hoofstukke en sinne is nie te lank nie en die hoofstukke is net genommer. Daar is geen illustrasies in die teks nie, behalwe vir die voorbladfoto wat by elke hoofstuknommer verskyn. Alles stem ooreen met algemene tendense wat betref die ouer leser van kinderliteratuur.

Voor 1990 is die voorblad-illustrasies van kinderboeke oor die algemeen gekenmerk deur pastelkleure, waterverf-illustrasies, saai titels, klein lettergroottes, smal lynspasiëring en relatief min (volkleur) illustrasies dwarsdeur die kinderboekboek. Na 1990 is daar meer aandag gegee aan treffende titels en helderkleurige, moderne en treffende omslae wat die oog van die visueel-geletterde kind sal vang. Die akkurate verband tussen die illustrasies en die tekste is met meer erns nagestreef terwyl daar ook van meer volkleur illustrasies dwarsdeur die kinderboek gebruik is. Tegnieke soos die gebruik van reliëf op die omslag en grafiese effekte (sien 6.3.5) op die bladsye, blinkers en gekleurde bladsye is nuwe tendense by die Afrikaanse kinderboek. Hiermee saam is daar ook meer gebruik gemaak van groter lettergroottes, gemakliker lynspasiëring, hoofstuktitels en korter hoofstukke. Laastens is een van die meer opvallende verskille tussen kinderboeke voor en na 1990, die bruin en swart karakters wat in die illustrasies van die kinderboek figureer.

6.3.2 Taalgebruik

Om die jong leser se aandag te hou, moet daar aangesluit word by die beleweniswêreld van die kind en die omvang van sy woordeskat. Die teks kan egter op interessante wyse gebruik word om die woordeskat van die kind te verbreed. Dit moet egter nie te veel of geforseerd gedoen word nie, aangesien kinders wel aangedui het dat hulle nie van nuwe of moeilike woorde hou nie. In *Pasop vir die feetjies!* (2008b) word sekere situasies of beskrywings van goed effektief benut om byvoorbeeld 'n woord soos "knoetse" te gebruik: "Die ou eikeboom

staan tussen digte struik en bome. Sy wortels is dik knoetse en sy stam is verrot" (11). Die klankwaarde van woorde word deurgaans beklemtoon, maar dit is veral opvallend in die name van die karakters wat rym. Die twee hoofkarakters is byvoorbeeld 'n tweeling met die name Pieter en Dieter. Die grootste deel van die teks is dialoog. Dialoog dien as 'n vorm van karakterisering en dus kom tipiese kindertaal soos die uitroep "Gross!" (7) voor wanneer Pieter die idee van 'n feetjie in 'n pienk rokkie uiters afstootlik vind. Daar is ook interessante uitdrukkings soos "Jou klein merrie!" (30) wanneer Krummels kwaad is vir Goggie. Oor die algemeen pas die woordkeuse by die belewenisveld van die kind. 'n Voorbeeld hiervan is die beskrywing van die slegte "feetjie-vlug-formule" (13) met woorde soos "vrot melk, visgrate, suurlemoensap en ou sokkies" (13).

Een van die tegnieke wat gebruik word om die inhoud van 'n boek meer modern te maak en te laat aansluit by die kinderleser se leefwêreld, is die woordeskat. In *Perdedrome* (2007) word daar heelwat gebruik gemaak van bekende besigheids- en produkname soos "Milky Lane" (4), "Mr Price Home" (8) en "CNA" (11), speelgoed soos "Dragonball-manne" (9), musiekgroepe soos "Maroon 5" en moderne woorde soos "funky" (25) om die leefwêreld van die karakters identifiseerbaar vir die lesers te maak. Spreektaal kom ook voor in die dialoog en ondersteun karakterisering en identifisering met die karakters. Voorbeelde van woorde wat aansluit by die spreektaal van die kind is "check" (13), "cute" (13), "girl" (34), "unfair" (38), "oukei" (55), "sure" (55) en "gekliek" (26). Heelwat van die woorde is Engels, maar die gebruik van Engelse woorde in dialoog stem ooreen met die benadering dat Engels in dialoog ter bevordering van karakterisering gebruik mag word. Dialoog en terme wat verband hou met perde soos "tuigkamer" (18) en "roskam" (39) word gemaklik binne die konteks van die storie gebruik om die lesers se kennis en woordeskat te verbreed.

Meer nog as die klankwaarde van woorde, word die idiomatiese waarde daarvan deurgaans in *Bessie Hemelbesem en ook Sak Sarel se testament* (2008) benut. Voorbeelde hiervan is Bessie se gesin wat almal baie lank is en dus die van "Hemelbesems" (7) het, hulle woon op 'n dorp waar almal lank is en dus is die dorp se naam "Langeraaitsfontein" (8) en Bessie se tannie is vreeslik vet dus is sy "tant Potjierol" (7). Daar word ook gespeel met idioome deur dit óf te verdraai, byvoorbeeld "om van twee seekoë met één vaatjie ontslae te raak" (55), óf om dit prakties te verklaar soos wanneer Bessie sê dat "daar iewers 'n skroef los is en dat sake gaan skeefloop" (68) en dan te verwys na hoe sy en haar pa saam houtwerk gedoen het. Oor die algemeen het Oosthuysen van baie beskrywende taal gebruik gemaak sodat die storie saam met die illustrasies baie visueel voor die lesers afspeel. Hier en daar dien die woordkeuse ook 'n opvoedkundige rol; nie met die toon van 'n volwassene wat prekerig is nie, maar weens die kennis wat Bessie van die woord het, byvoorbeeld:

Bessie frons, haar gedagtes by die Nieu-Seelandse tutu (*Coria ruscifolia*), 'n plant waarvan sy onlangs in die *Snuffelhond* gelees het. *Van hierdie plant se giftige vruggies maak jy 'n baie lekker ligte wyn*, het die *Snuffelhond* gesê (17).

Die taxi-bestuurder wat nie reg Afrikaans kan praat nie en ook nie kan spel nie, word gebruik as 'n soort taalles en dit lei tot interessante woordspeling, byvoorbeeld: "Naaskrif: Moenie trieks uithaal en moenie na die poeliesie gaan..." (47).

Liewe Heksie en die rekenaar (2005) volg die tradisie van al die *Liewe Heksie*-stories deurdat daar voortdurend 'n spel met woorde is wat die kind se woordeskat op informele wyse uitbrei. Voorbeelde hiervan is waar heksie 'n moeilike woord verkeerd sê en dan reggehelp word soos "boekelioteek" wat eintlik "biblioteek" (11) is, wanneer moeilike woorde wat aan Heksie verduidelik word soos die wis van uitgewis as "Wis is uitvee!" (18) of wanneer sekere woorde met meer as een betekenis verklaar word soos die verskil tussen 'n regte muis en 'n rekenaarmuis (12). Die algemene dommighede van Liewe Heksie soos om healtyd vir Koning Rosekrans op die verkeerde naam te noem, byvoorbeeld "Rosebaard" (19) of "Rosevirus" (23), dra by tot die humor van die verhaal. Eie aan die kinderverhaal is daar baie dialoog in die teks.

Die taalgebruik van *Die vrou met die pers oog* (2006) gee meer blyke van die tendens om eerder maklike woorde te gebruik as om te let op die klankwaarde of toevoeging van nuwe woorde tot die kind se woordeskat. Klanknabootsing soos "Tjappp!!" (62), intensiewe byvoeglike naamwoorde soos "pikswart" (70), ouer woorde soos "swernoot" (77), moeiliker woorde wat verklaar word soos "chemoterapie" (56) en idiome soos "sy is houtgerus" word wel op effektiewe wyse gebruik. Die teks bevat baie dialoog en dit is net in die dialoog waar spreektaal of Engelse woorde gebruik word. Voorbeelde hiervan is "Cheers!" (57), "Sjerbet!" (58), "morone" (67), "worry" (69) en "gejumps" (77).

Reënboogrant Maats: Skelmstreke en kattedekwaad (2005) se woordkeuses is tekenend van 'n kindgerigte boek. Voorbeelde is die groot hoeveelheid spreektaal wat gebruik word deur die verteller, soos "nerd" (4), "crowd" (39) en "cool" (39), deur die kinderkarakters, soos "nice" (31), "babe" (38) en "with-it" (94), asook deur die volwassenes, soos "stunner" (42). Moeiliker woorde word ook gebruik en soms verduidelik soos "draaiboek" (6), "onderwyskorps" (16) en "wending" (46). Sekere tydmerkers word gebruik om die teks meer hedendaags en getrou aan die leser se verwysingsraamwerk te maak, soos "Rooi Rose" (6), "Cosmo" (8), "Charlize Theron" (66) en "Britney" (101). Dialoog is gevolglik nie die enigste plek waar dialek of Engelse woorde voorkom nie, maar in konteks van die verhaal is dit nie steurend nie. Dit gee eerder die gevoel dat die verteller 'n tydgenoot van die kind is en dus

identifisering verhoog. Behalwe vir die feit dat elke karakter tipies soos 'n tiener praat, is hul woorde nie so tiperend van hul karakter nie, maar eerder van hul gedagtes en aksies. In ooreenstemming met die algemene tendens is die woordeskat is nie té moeilik of té maklik nie en is daar heelwat dialoog.

Voor 1990 was die taalgebruik in die Afrikaanse kinderboeke meer verhewe soos wanneer 'n volwassene neerpraat na 'n kind, puristies en die gebruik van moeiliker woorde was deel van die norm in die literêre benadering tot die teks as woordkuns. Na 1990 is die woordeskat en taalgebruik ook aangewend om die kind se kennis en woordeskat te verbreed, maar vanuit die perspektief van die kind. Dialoog het toegeneem en ook die medium geword waardeur baie die spreektaal van die kind en Engelse woorde tot die teks toegevoeg kon word. Daar is ook suksesvolle gevalle waar Engelse woorde en spreektaal deel vorm van die verteller se woordeskat en so leseridentifisering bevorder. Die klankwaarde en idiomatiese waarde van woord, woordspel, beskrywende taalgebruik en gepaste illustrasies dra verder by tot 'n meer visuele leeservaring.

6.3.3 Inhoud en karakters

Die storie van *Pasop vir die feetjies!* (2008b) begin in 'n tipiese klaskamersituasie met 'n kwaai juffrou, twee dogtertjies wat 'n mondeling oor feetjies doen en twee ondeunde seuntjies wat dink dit is snert. Die situasie, karakterisering en illustrasies is tipies van die leefwêreld van die leser wat identifisering maklik maak. Die straf wat die seuns van die juffrou kry omdat hulle praat oor die meisies se mondeling kom oor as onregverdig en skep meegevoel met die seuns wat dadelik beplan hoe hulle die meisies gaan terugkry. Hiernaas is die dialoog tussen die seuntjies en die dogtertjies ook tipies van die ouderdom kind op wie die boek gerig is en bevorder dit weereens identifisering met die karakters en die storie. Die twee boeties as hoofkarakters en die aweregse gebruik van die tema van feetjies, verhoog identifisering deur seuntjies. Die sterk karakterisering van die twee dogtertjies en die herkenbare interaksie tussen die twee geslagte, lei daartoe dat dogtertjies ook aanklank by die storie kan vind. Vir intenser meeleving met die hoofkarakters se situasie word 'n situasie wat vir die 7-jarige kind erg sal wees gebruik, byvoorbeeld huiswerk wat opgeskeur word en lei tot nog onverdiende straf soos uitskryfwerk by juffrou Buys (21), die kamer wat deur die feetjies omgekrap word en weer tot onverdiende straf by die ma lei in die vorm van sakgeld wat weggeneem word (27-28) en 'n baie slegte dag by die skool (31). Ten spyte van al die moleste word die agtergrond van 'n gelukkige familie geskets deur die tweeling wat ook mekaar se beste vriende is en die pa wat vir hulle kom nagsê (14). Uiteindelik is daar ook die gebruikelike (en vir die kind die nodige) gelukkige einde wat die kind 'n gevoel van veiligheid en

geborgenheid gee. So ook skep die kennisvoorsprong van die leser bo die twee meisie-karakters 'n gevoel van deel-wees en behoort.

Aan die begin van *Perdedrome* (2007) het die leser 'n kennisagterstand ten opsigte van die hoofkarakter se omstandighede en verlede, maar inligting word gou met die leser gedeel sodat die momentum van die storie en gebeure reeds vroeg begin opbou (kinders hou van boeke waarin daar gou aksie is). Daar is wel deurlopend momente van kennisagterstand om die leser betrokke te hou. Hoewel die hoofkarakter 'n meisie is, is daar goeie karakterisering van 'n groot hoeveelheid karakters, insluitende seuns, om so die teikenmark te verbreed. Binne die gesin is daar die tipiese irriterende jonger boetie (36), die aantreklike en afsydige ouer tiener-broer wat hom onttrek van die gesin (8, 13) en 'n liefdevolle ma (6). Die groot ongelukkigheid in die gesin is weens die feit dat hulle moes trek, maar soos die storie ontvou kom daar groter harmonie tussen die gesinslede sodat die hul hegte familiestruktuur uiteindelik bydra tot die storie se gelukkige einde. Die situasies wat geskets word, lyk baie stereotipies: die wonderlike nuwe maat wat maklik gemaak word (13), die aantreklike hartedief (18) en die onbeskofte meisie wat net probleme vir die hoofkarakters en haar maats probeer veroorsaak (19). Van die scenario's is selfs te goed om waar te wees, maar dit vorm deel van die bekendheid wat nodig is vir identifisering en die leser se vermoë om te kan ontvlug weg van sy of haar eie probleme en saam met die hoofkarakter al die probleme te oorwin.

Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament (2008) is 'n speurverhaal waarby die leser in so 'n mate betrek word dat die leser by tye saam met Bessie die probleem probeer oplos en by tye weer self antwoorde soek. Tegnieke wat toegepas word om hiërdie soort leserbetrokkenheid te kry, is die afwisseling van kennisagterstand, kennisvoorsprong en identifisering met die hoofkarakter. Bessie word bekendgestel as 'n meisie wat uit 'n baie liefdevolle, maar ietwat vervelige huis kom en wens vir meer opwinding in haar lewe en iets om op te los. Baie van die jong lesers sal daarmee kan identifiseer en sodoende word hulle by die storie betrek. Hierdie begeerte tesame met die koms van tant Potjierol skep die afwagting by Bessie en die leser dat iets gaan gebeur (18). Deurgaans word daar voorspellings gemaak of kennis teruggehou om afwagting te skep en die leser betrokke te hou. Die gelukkige gesin wat deur die loop van die verhaal onenig is oor die tante se besoek is aan die einde weer 'n gelukkige eenheid en die verhaal het dus ook 'n gelukkige einde. In ooreenstemming met die tendens om 'n positiewe hoofkarakter te gebruik, is Bessie 'n slim meisie wat probleme kan oplos en selfs die dood in die gesig staar en dus ook gewild onder lesers is. *Bessie Hemelbesem* is 'n reeks en gevolglik eindig die boek ook met 'n slotsin wat verdere avonture en dus verdere boeke impliseer.

Liewe Heksie is al 'n gevestigde karakter in die Afrikaanse kinderliteratuur en dus vind daar nie so baie karakterisering in *Liewe Heksie en die rekenaar* (2005) plaas nie. Dialoog tesame met die gebeure word wel goed aangewend sodat die karakters duidelik na vore tree: Heksie wat alewig snaakse goed sê en dan wil huil (15) as mense vir haar lag, Slimkop wat altyd 'n goeie antwoord het (11) en Blommie Kabouter wat altyd vir Heksie wil help om beter te voel (14). Die naïwiteit van Liewe Heksie en die feit dat sy sukkel, maak haar 'n karakter waarmee kinders óf kan identifiseer óf meegevoel kan hê, soos wanneer almal behalwe Heksie na die partytjie mag gaan (19-20). Dus is die probleme wat sy op haar manier oorkom, ook positief vir die lesers, soos wanneer heksie die rekenaarvirus vastrek (21-24). Hoewel Liewe Heksie nie die gelukkige gesin het nie, is daar wel sterk vriendskapsbande en het die storie 'n gelukkige einde wat aan die behoeftes van die kind voorsien. Liewe Heksie ook baie humoristies en 'n terugkerende karakter waarby kinders veiling voel. Laastens vorm die *Liewe Heksie*-boeke deel van die klein hoeveelheid fantasie-verhale in Afrikaanse kinderliteratuur.

In *Die vrou met die pers oog* (2006) word karakters hoofsaaklik deur hul eie dialoog en gedagtes gekarakteriseer of deur die woorde en gedagtes van ander karakters. Gegewens word dus in die taal en vanuit die perspektief van die karaters gebied en so word die belewenisveld van die leser uit die staanspoor betrek wat identifisering met die karakters en situasie verhoog. Die twee hoofkarakters, Chris en Martie, word geskets as 'n broer en suster wat tipiese onenigheid het weens die feit dat hulle familie is, maar deel is van 'n hegte en gelukkige familie-struktuur met 'n ma en pa wat baie liefdevol is (57) – twee gegewens waarmee die leser kan en wil identifiseer. Die gesin het getrek en Martie word geskets as die sensitiewe meisie wat meer sukkel om aan te pas, maar tog uiteindelik dapper is en die probleem wat gestel word, oorkom (57-58, 63, 94). Chris is weer die ouer broer wat dapper is en probleme kan oplos, besorg is oor sy sussie en uiteindelik vir haar ook help om dapper te wees (57-58, 63, 68, 93-94). Die twee karakters is nie tipiese verstoteling nie en die tipe mense wat die lesers dikwels wens hulle was. Die karakters kies ook deurgaans om self die probleme op te los en nie volwassenes te vra vir hulp nie. Sodoende toon die teks groter kindgerigtheid en laat dit die leser ook voel asof hy of sy self sonder die hulp van enige grootmense die probleem kon oplos. Bloemhof behou deurgaans 'n goeie spanningslyn met voorbodes (60, 76-77), aksie (69-72), 'n grillerige heks vermom as 'n biblioteek-juffrou wat kinders se hare soek om haar krag te versterk (60-62, 81) en kaalkopkinders wat nie kan onthou wat met hulle gebeur het nie (66-68). Die storie het 'n vinnige tempo en aksie begin reeds vroeg. Anders as die ander boeke wat bespreek is, raak *Die vrou met die pers oog* wel vlugtig sekere kwessies aan wat deel begin word van die tiener se belewenisveld. Voorbeelde hiervan is ernstige siektes soos kanker (58) en gebroke gesinne weens egskeding (65).

Reënboogrant Maats: Skelmstreke en Kattekwaad (2006) bied al die tipiese karakters waarvan kinderlesers hou, soos die twee mooi sussies wat streef om die beste te doen in alles op skool, maar heel getrou aan die werklikheid baie jaloers is op mekaar (4, 18, 89) en die aantreklike ouer broer en sy vriend wat ook die een van die hartebrekers is (12-14). Buiten die hoofkarakters word die ouers van meer as een gesin ook geskets om die gelukkige en gebroke gesinne teenoor mekaar uit te beeld, die verskillende vriendekringe en hul invloed op mekaar by die skool en selfs die huishoudster van die Brink-gesin. Van die eerste sin af vind karakterisering veral deur middel van dialoog plaas en word die Brinks voorgestel as 'n gesin met waar onenigheid meermale die norm is. Soos gebruiklik in die kinderboek los al die karakters uiteindelik hul probleme op, is daar 'n gelukkige einde wanneer versoening in die Brink-huishouding plaasvind en die begin van die volgende boek in die reeks gegee word om die leser na die volgende titel in die reeks te lei. Die tipiese gebeure op skool maak dat dit ook 'n skoolverhaal en liefdesverhaal vir veral meisies is, maar dan is daar ook die raaisel van die straatnommerdief en die kinders wat self as speurders begin optree sodat daar ook vermaak vir die seuns is. Gewilde temas soos sport en ballet word ook by die storie ingewef. Stereotipes en sosiale kwessies, soos disleksie (10), gesinsgeweld (88) en neerhalende vriende (63) bring die verhaal nog nader aan die leefwêreld van die leser. Ontvlugting in die verhaal, herkenning van situasies wat vir die leser ook sleg mag wees en die manier waarop die hoofkarakters dit oorkom, gee die leser ook 'n gevoel van oorwinning.

Voor 1990 is die perspektief van die kind tot 'n groot mate buite rekening gelaat. Gevolglik het karakters dikwels nie ooreengestem het met die verwysingsraamwerk van die leser nie en het die gesaghebbende stem van die volwassene die teks tot so 'n mate oorheers het dat die kinderleser moeilik met die storie, karakters en gebeure kon identifiseer. Na 1990 het 'n meer kindgerigte benadering gelei tot onder andere karakters, vertellers en gebeure wat meer getrou is aan die belewenisveld van die kind en gevolglik is algemene identifisering en betrokkenheid by die kinderboek verhoog. Stories het oor die algemeen meer aksie en 'n vinniger tempo waarteen dit afspeel met sterk identifiseerbare, dapper, positiewe en dikwels stereotipiese hoofkarakters wat hul probleme sonder die hulp van volwassenes oorkom en so die kinderleser wat hom-/haarself by die storie inleef ook 'n gevoel van oorwinning en sukses bied.

6.3.4 Didaktiese elemente

Die meeste rolspelers was dit eens dat die waarde van 'n les nie geïgnoreer kan word nie, maar dat dit nie die hoofdoel van die kinderboek moet wees nie. As daar 'n les is, moet dit eerder op 'n speelse wyse oorgedra word. *Pasop vir die feetjies!* (2008b) is myns insiens 'n voorbeeld van hoe 'n les op subtiële wyse ingewerk word sonder om neer te praat na die kind.

In die storie het die tweeling 'n stink brousel in die feetjies se boom gaan gooi om die twee meisies te tart. Die feetjies het toe na die seuns se kamer gevlieg en dit begin oorneem, aangesien hulle nie meer in die boom kan bly nie en dus ook nie meer 'n huis het nie. Die les begin vorm aanneem deur die woorde van Goggie en Krummels wanneer die tweeling vir hulle sê hulle kan nie in hul kamer bly nie (20-21):

'Ons het nie julle toestemming gevra nie,' sê Krummels. [...] 'Dis julle eie skuld,' koggel Goggie. 'Julle wou mos so 'n gemene ding doen.'

Einde ten laas moes die seuns vir die meisies om verskoning vra en die feetjies se boom gaan skoonmaak. Hulle moes ook hulle eie sakgeld vir die skoonmaakprodukte gebruik. Sodoende vorm die boodskap dat 'n mens sal boet vir dit wat jy verkeerd gedoen het. Om ander te respekteer en nie jou maats te spot nie, is nog twee lesse wat die storie die kind kan leer, maar nie op geforseerde wyse nie.

In *Perdedrome* is die les wat geleer word weer baie subtiel en geskied dit deur die aksies van die hoofkarakter. Die hoofkarakter moes 'n geheim van die hartebreker hou wat sy lewe in gevaar kon stel (25-27), maar het uiteindelik "die regte ding gedoen" deur die waarheid vir sy pa te gaan vertel nadat hy van die verbode perd afgeval en seergekry het. Die les dat oopheid en eerlikheid belangrik is, is een van menigte wat die leser uit die aksies van die karakters kan aflei.

Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament (2008) het van al drie die boeke die minste ooglopende lewenslesse om te leer en is dus byna geensins didakties nie. Die gelukkige einde en die Hemelbesems se motto wat daarop dui dat elke donker wolk 'n silwer randjie het (10), is die naaste aan 'n lewensles sodat dit duidelik is dat die boek net die kind wil vermaak en wil laat ontvlug.

Didaktiese elemente is die opvallendste in *Liewe Heksie en die rekenaar* (2005) as taal en feite wat geleer word, eerder as enige vorm van sedepreke. Sou 'n les gesoek word, kan 'n mens sê dat die betoog vir die boek, ten spyte van die koms van die rekenaar, die kind leer dat die rekenaar nooit die boek sal kan vervang nie (13). Didaktiek speel nie 'n noemenswaardige rol in *Die vrou met die pers oog* (2006) nie, wat by uitstek gemik is op die vermaak van die leser.

Didaktiek neem verskeie vorme aan, maar na die 1990's het dit al meer in die rigting van 'n subtiel boodskap deur 'n lekker storie of ontdekking van een van die karakters beweeg, as wat dit aangebied is deur 'n volwassene wat neer-praat na die kind. In *Reënboogrant Maats: Skelmstreke en kattekwaad* (2005) kom beide vorme op moderne wyse na vore. Voorbeelde

van lewenslesse wat uit die mond en perspektief van die kind kom, is onder andere die noodsaaklikheid van 'n goeie selfbeeld en dankbaarheid (10-12) en die feit dat die lewe nie eenvoudig is nie (89). Van die lewenslesse word wel deur die kind geformuleer, maar teen die agtergrond van dit wat hulle ouers vir hulle geleer het, soos die reg op privaatheid (14) en die negatiewe gevolge van leuens (67).

Voor 1990 was die Afrikaanse kinderboek se primêre doel nie die vermaak van die kinderleser nie, maar om as 'n opvoedkundige instrument te dien. Gevolglik was die didaktiese elemente soos sedepreke deur volwassenes prominent. Na 1990 het die erkenning van didaktiek en die aanwesigheid van didaktiese elemente in die Afrikaanse kinderboek nie verdwyn nie, maar is dit eerder op 'n meer subtiele en speelse wyse aangebied vanuit die perspektief van die kind. Daar het egter ook 'n toenemend aantal Afrikaanse kinderboeke verskyn wat bykans geen didaktiese elemente bevat nie en dus uitsluitlik fokus op die vermaak van die kinderleser.

6.3.5 Die teenwoordigheid van tegnologie

Sedert die 1990's kom tegnologie al meer as 'n tema of deel van die sosiale konteks in tekste voor. 'n Voorbeeld waar basiese tegnologiese merkers van die moderne samelewing deur veral woordeskat in *Perdedrome* (2007) voor kom, is "CD" (8), "TV" (9), "selfoon" (6) en "SMS" (6). SMS-taal kom ook voor wanneer die SMS'e gelees word. Voorbeelde is: "veilig da? mis j al kla. als ok?" (6).

Liewe Heksie en die rekenaar (2005) is 'n storie wat wentel om die rekenaar en dus by uitstek 'n voorbeeld is van hoe die tegnologie as tema gebruik word. Die groot opgewondenheid in Blommeland is die koms van hul heel eerste rekenaar. By die onthulling van die rekenaar word die nut van die rekenaar verduidelik deur onder andere te verwys na hoe baie data dit kan stoor (11), die verskil tussen 'n rekenaar en 'n sakrekenaar (10), wat 'n rekenaarvirus is (12) en wat 'n rekenaarvirus is (22). In die *Rillers*-omnibus (2006) sien 'n mens die teenwoordigheid van tegnologie deur die eiesoortige grafika van die voorbladillustrasies wat herinner aan film-negatiewes.

Tegnologie speel 'n redelike prominente rol by karakterisering en as deel van die sosiale konteks in *Reënboogrant Maats: Skelmstreke en kattedwaad* wanneer daar in algemene gesprekke verwys word na DVD's (64) en die skoolvak as "Tegnologie" (45). Die tegnologiese aspek word die duidelikste geïnkorporeer by die karakter van Marius wat getipeer word as 'n "rekenaarwizzard" (29), as ekstreme introvert wat sy toevlug by die rekenaar vind (33), as iemand wat baie weet van rekenaars en as gevolg daarvan een van die

juffrouens se witbroodjie is (24),as iemand wat die rekenaar gebruik as middel tot oplossings, soos die oplossing van sy valse beskuldiging as die straatnommerdief (34-35). Hy het ook die geaardheid van 'n regte rekenaar-"nerd", wat hom 'n negatiewe stereotipe laat verteenwoordig. Wanneer die mooi Shani Brink egter raaksien dat hy nie net 'n "nerd" is nie en sy rekenaarvernuf hom uit die moeilikheid gekry het, dra dit by tot die idee dat 'n mens nie ander moet oordeel voor jy hulle nie ken nie (45).

Die grootste verandering wat plaasgevind het voor en na 1990 in terme van die tegnologiese elemente, is die feit dat die tegnologiese ontwikkeling na 1990 daartoe gelei het dat tegnologie toenemend 'n wesenlike deel van die kinderleser se alledaagse lewe en dus verwysingsraamwerk geword het. Gevolglik is die teenwoordigheid van tegnologiese elemente en temas in die Afrikaanse kinderboek aansienlik meer na 1990 as daarvoor.

6.4 Gevolgtrekking

Uit al die voorbeelde is dit duidelik dat die tendense nie net teoretiese idees is nie, maar dat dit daadwerklik in Afrikaanse kinderboeke van na 1990 verskyn. Die kinderboeke is nie noodwendig polities of sosiaal gelaai nie, maar die sosiale en politieke veranderinge vind tog indirek neerslag in die aard, voorkoms en inhoud van die tekste. Hierdie tendense verander steeds soos die verskillende faktore van die literêre polisteem daarop inspeel. Met elke nuwe kinderboek wat op die rakke verskyn, kan daar dan potensieel nog 'n tendens uitgelig word. Juis vanweë die sistemiese aard van die literêre bedryf en die spesifieke behoeftes van die kinderboekleser sal 'n studie oor die tendense en veranderinge in die kinderliteratuursisteem nooit afgehandel wees nie.

Hoofstuk 7 – Gevolgtrekking

Kinderliteratuur is vir lank as die stiefkind in die Afrikaanse literêre polissisteem behandel en is deur verskeie rolspelers, veral literatore, as minderwaardig beskou. Teen die 1990's breek daar 'n nuwe era van demokrasie in Suid-Afrika aan en is daar gepaardgaande herlewing in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem. Ten spyte van die groei wat in Afrikaanse kinderliteratuur plaasgevind het, word dit steeds nie heeltemal losgemaak van sy posisie as die stiefkind nie, veral met betrekking tot jeugliteratuur. Weens die komplekse aard van die leser van kinderliteratuur en die veelheid van dissiplines betrokke by die genre, is dit makliker om na literatuur vir jeug oor die algemeen te verwys. In hoofstuk 2 is daar aangedui dat daar twee probleme is rakende die gebruik van die sambreelterm "jeugliteratuur": die gebrek aan 'n algemene en omvattende definisie van kinderliteratuur en verwarring rondom die verskillende genres wat ingesluit word onder die sambreelterm "jeugliteratuur."

Daar is vasgestel dat kinderliteratuur nie 'n subgenre van jeugliteratuur is nie, maar 'n genre op sy eie met sy eie subgenres. Die element wat die genre kinderliteratuur uniek en moeilik definieerbaar maak, is die lesers waarop dit gerig is. Anders as by literatuur vir volwassenes is dit nie die aard of styl van die literatuur wat die definisie bepaal nie, maar die lesers daarvan. Weens die ontwikkelingsvlak van die kind en die beperkte belewenisveld waarin die kind beweeg, is daar sekere eise wat aan die literatuur gestel word soos byvoorbeeld die woordeskat wat nie té moeilik moet wees nie. Deur middel van die polissisteem-benadering waarvolgens verskillende rolspelers en instansies genader is, is daar toe vasgestel dat die ouderdomsgroep waarop kinderboeke gemik word, dié is waarin die kind pas self leer lees het tot by die kind wat oorskuif na jeugliteratuur toe, dus tussen 7 en 12 jaar. Op grond hiervan is die algemene definisie van die genre kinderliteratuur geformuleer as literatuur wat geskep word vir en gelees word deur kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar.

Met 'n duidelike algemene definisie van kinderliteratuur kon daar in hoofstuk 3 tien akademiese studies geïdentifiseer word wat sedert 1990 spesifiek gehandel het oor kinderliteratuur. Die tien studies dien as basis waarop daar voortgebou is deur na die veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem sedert 1990 te gaan kyk. Na aanleiding van Zohar Shavit se teorieë dat die algemene ontwikkelingsfases van kinderliteratuur oor alle tye en in alle tale dieselfde is en die feit dat die afbakening van die studieterrein vanaf 1990 tot hede gemotiveer kon word teen die agtergrond van die ontwikkeling van Afrikaanse jeugliteratuur, is daar in hoofstuk 4 'n historiese oorsig gebied wat strek vanaf die eerste Afrikaanse Taalbeweging.

In lig van die teorieë van Shavit het die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur ook die eerste algemene ontwikkelingsfase getoon waarin daar sprake is van die groot invloed van die religie en die ontstaan van 'n nuwe skoolsisteem. So ook kan die tweede algemene ontwikkelingsfase waarin die vermaaklikheidswaarde van kinderliteratuur beklemtoon word, teruggevind word in die Afrikaanse kinderliteratuur. Laastens het die skuif van 'n homogene na 'n heterogene kinderliteratuur-sisteem met die besef van 'n meer heterogene leserskorps en ontwikkeling van meer subgenres, tekens getoon van die derde algemene ontwikkelingsfase gedefinieer deur Shavit.

Voor 1990 was die oorgang na 'n meer kindgerigte benadering in die Afrikaanse kinderliteratuur die 1950's met die verskyning van veral Alba Boucher se boek *Stories van Rivierplaas* in 1955. Dit merk ook 'n wending na 'n fokus op 'n meer genotvolle leeservarings vir die kind, die bekendstelling van meer populêre kinderliteratuur en 'n toename in reekse. Met verloop van tyd het dit gelei tot 'n breuk tussen die skrywers, kinders en akademici weens die verintellektualisering van kinderliteratuur en akademici se toenemende klem op die 'goeie boek' en dit wat 'n kind behoort te lees. Hierdie breuk het in die 1960's al begin, teen die 1980's hoogty gevier en tot vandag nog nie heeltemal genees nie. Sedert die 1990's is daar egter meer harmonie en vooruitgang binne die kinderliteratuur-sisteem weens verskeie veranderinge wat plaasgevind het.

Die veranderinge wat sedert 1990 plaasgevind het, kan grootliks gekoppel word aan die politieke veranderinge in Suid-Afrika wat tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 gelei het. Die veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem, soos bespreek in hoofstuk 5, sluit veranderinge in die onderwysstelsel en voorgeskrewe mark in, die biblioteekmark, uitgewers se benadering tot kinderboeke, 'n groter bewussyn by onder andere literatore oor die behoeftes van die kind en 'n toename in die aantal Afrikaanse kinderboekoppers. Die verskillende veranderinge vind uiteindelik neerslag in die kinderboek en dit lei tot veranderinge in die aard en inhoud van die kinderboek. Die veranderinge in die kinderboek is bespreek na aanleiding van die tendense wat waargeneem kan word. Voorbeelde sluit in illustrasies wat in 'n groter mate aan die behoeftes van visueel-geletterde lesers voldoen, taalgebruik wat sterker ooreenstem met die manier waarop kinders met mekaar praat en nuwe tegnologie wat as temas of kontekstuele tekenings gebruik word om meer getrou aan die verwysingsraamwerk van die moderne kind te bly. In hoofstuk 6 is die tendense aan hand van 'n steekproef van 6 kinderboeke geïllustreer.

Die toename in die aantal oorspronklike Afrikaanse kinderboektitels wat sedert 1990 verskyn het en die blywende behoefte aan steeds meer titels, dui myns insiens daarop dat daar heelwat

positiewe veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem plaasgevind het. Deel van die sukses kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die kindgerigte benadering wat deur skrywers en uitgewers gevolg word en die toename in die hoeveelheid navorsing wat oor die behoeftes van die kind gedoen word. Ten einde hiërdie navorsing en benadering binne die kinderliteratuur te optimaliseer, is dit veral belangrik dat kinderliteratuur nie beskou word as 'n subgenre van jeugliteratuur of onder die sambreelterm jeugliteratuur bespreek word nie. Navorsing in verskeie dissiplines betrokke by kinderliteratuur kan vir hierdie doeleinde van die algemene definisie (naamlik kinderliteratuur is wat geskep word vir en gelees word deur kinders in die ouderdomsgroep 7 tot 12 jaar) as riglyn gebruik maak. Om die algemene definisie van kinderliteratuur meer in verband te bring met die letterkunde soos dit vandag daar uitsien, is die sleutel myns insiens 'n gerigtheid op die kind. Om vir die kind te skryf sodat die kind die boek wil lees, beteken met ander woorde om onder andere die taalgebruik van die kind in die teks te laat weerklink, sterk karakters met wie geïdentifiseer kan word te skep en die leefwêreld van die kind as verwysingsraamwerk te gebruik.

Die invloed wat die verskillende sosiale sisteme op die kind en die kinderliteratuur-sisteem het tesame met die dinamiese aard van hierdie sisteme, lei daartoe dat enige studie oor die tendense en veranderinge in die kinderliteratuur-sisteem nooit afgehandel sal wees nie. Gevolglik sal die meer spesifieke definisie van kinderliteratuur soos dit vandag daar uitsien in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem, nie vir lank relevant bly nie en 'n soortgelyke studie oor 'n paar jaar na alle waarskynlikheid ander resultate as hierdie studie oplewer. So wyd soos die verbeelding oor die kinderboek gestrek kan word, so wyd is die moontlikhede vir verdere studie op die gebied van Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem.

Bronnelys

Adendorff, E.M. 2003. *Digdebute teen die milleniumwending: 'n polisistemiese ondersoek*. Ongepubliseerde M.A.-proefskrif, Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Anansi. 2008. <http://www.anansibooks.co.za/index.php?id=3> (Datum afgelaai: 26 Augustus 2008).

ATKV. 2005. *ATKV-Kinderboektoekenning*. <http://www.atkv.org.za/content.cfm?ipkCategoryID=168> (Datum afgelaai: 17 September 2008).

Bennett, Rosey. 1993. "Pap and protein: substance in children's books" In: Cilliers, Isabel (red.). 1993. *Towards more understanding: The making and sharing of children's literature in Southern Africa*. Kaapstad: Juta & Co, Ltd, 155-158.

Bester, Magdaleen. 2005. "Afrikaanse kinder- en jeugtydskrifte" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-Hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Bloemhof, François. 2006. *Rillers Omnibus*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Book Lounge. 2009. *Awards for the Book Lounge*. <http://mail.google.com/mail/?shva=1#search/booklounge/123387a75231a412> (Datum afgelaai: 20 Augustus 2009).

Botha, Elize. 1995. "Tussen (maatskaplike) veranderinge en (literêre) vernuwing – *Stories van Rivierplaas* in die Afrikaanse prosageskiedenis" In: Van der Walt, Thomas (red.). 1995. *Die blink uur van mooi dinge: 'n Huldiging van Alba Boucher*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Botha, Pat. 2009. *Gesprek met kinderboekbestuurder by Bargain Books op die boonste vlak in Tygervallei, Bellville, op 13 April 2009*. Ongepubliseerde onderhoud.

Boucher, Alba. 1995. *Alba Boucher-Omnibus*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Britz, Cecilia. 2008. *Gesprek met Cecilia Britz op 10 Julie 2008 by LAPA in Pretoria*. Ongepubliseerde onderhoud.

Cape Talk. (s.a). *Headlines: The Book Lounge*. http://www.capetalk.co.za/competitions/SBA080610/archived_nominee.asp?show=ADEN&id=16 (Datum afgelaai: 9 April 2009).

Cilliers, Isabel. 1993. "Foreword" In: Cilliers, Isabel (red.). 1993. *Towards more understanding: The making and sharing of children's literature in Southern Africa*. Kaapstad: Juta & Co, Ltd.

Coetzee, Christo. (s.a.). *François Bloemhof: Die vrou met die pers oog*. <http://www.francoisbloemhof.net/boeke/?boek=10> (Datum afgelaai: 29 Oktober 2009).

Cooper, Michelle. 2008. *Epos-korrespondensie met Michelle Cooper*. 13-14 Mei 2008.

Departement van Onderwys. 2001. *Admission of learners to public schools: General notice 4138 of 2001*. http://www.google.co.za/url?sa=t&source=web&ct=res&cd=1&url=http%3A%2F%2Fwww.education.gpg.gov.za%2Flegislation%2Fcirculares%2F2008Circulars%2FCirc.30.2008.AnnexureA.doc&ei=oe_PSIONHqby0QT-KSaDQ&usq=AFQjCNE43aHzimrxD9-ghGjigfZnkhlyQ&sig2=rj5T2nDE5TAhqmk-ouP8bw (datum afgelaai: 16 September 2008). [Laws.]

De Nederlandse Kinderjury 2008. (2008). *Spelregels*. <http://www.cpnb.nl/kj/actueel/spelregels.html> (Datum afgelaai: 25 September 2008).

Diedericks-Hugo, Carina. 2008a. *Epos-korrespondensie met Carina Diedericks-Hugo*. 15-21 Mei 2008.

Diedericks-Hugo, Carina. 2008b. *Gesprek met Carina Diedericks-Hugo op 28 Mei 2008 op Stellenbosch*. Ongepubliseerde onderhoud.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2000. *Bekronings en Pryse*. http://www.akademie.co.za/new_page_2.htm#Tienie%20Hollowaymedalje%20vir%20kinderliteratuur (datum afgelaai: 17 September 2008).

Du Plessis, Irma. 2004. *Narrating the 'nation': Cultural production, political community and young Afrikaans readers*. D. Litt.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Du Plessis, Hans. 2005. "Vooraf" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). *Van Patryshulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Du Plessis, Miemie. 2005. "François Bloemhof (1963-)" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). *Van Patryshulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Du Plessis, Miemie. 2008. *Epos-korrespondensie met Miemie du Plessis*. 23 April 2008.

Elektroniese WAT. 2009. <http://www.woordeboek.co.za.ez.sun.ac.za/NXT/gateway.dll?f=templates&fn=default.htm&vid=WAT:WATView&npusername=WATUser&nppassword=WATUser> (Datum afgelaai: 8 April 2009).

Espach, Renette. 2008. *Epos-korrespondensie met Renette Espach*. 7 Mei 2008.

Even-Zohar, I. 1973. "The relations between primary and secondary systems in the literary polysystem" In: Even-Zohar, I. 1978. *Papers in historical poetics*. Tel Aviv University: The Porter Institute for Poetics and Semiotics. <http://www.Tau.ac.il/~itamarez/works/books/php1978.pdf> (datum afgelaai: 2 Mei 2008).

Even Zohar, I. 1990a. "Introduction [to Polysystem Studies]", *Poetics Today* 11(1): 1-6.

Even Zohar, I. 1990b. "Polysystem Theory", *Poetics Today* 11(1): 9-26.

Even Zohar, I. 1990c. "The 'Literary System'", *Poetics Today* 11(1): 27-44.

Even-Zohar, I. 1997. "Factors and dependancies in culture: a revised outline for polysystem culture research", *Canadian Review of Comparative Literature* 24(1): 15-34.

Even-Zohar, I. 2005. "Polysystem Theory (Revisited)" In: Even-Zohar, I. 2005. *Papers in Culture Research*. Tel Aviv: Porter Chair of Semiotics (temporary electronic book). <http://www.tau.ac.il/~itamarez/works/papers/papers/ps-revised.pdf> (datum afgelaai: 2 Mei 2008).

Exclusive Books. 2008. *The Children's Best Book Guide 2008*. s.l.: Exclusive Books.

Fantasi. 2008. <http://www.fantasi.co.za/index.php> (Datum afgelaai: 26 Augustus 2008).

Fascination Books. (s.a.) http://www.fascinationbooks.co.za/index.php?option=com_virtuemart&page=shop.browse&category_id=4&Itemid=1&vmcchk=1 (Datum afgelaai: 26 Augustus 2008).

Frairer-Wessels, Felicité en Van der Walt, Thomas. 1999. "Temas en tendense in hedendaagse kinderliteratuur", *Stilet* (11)1: 95-105.

Gericke, Lona. 2007. *What children like to read and toddlers like to listen to*. Ongepubliseerde praatjie.

Gericke, Lona. 2008a. *Gesprek met Lona Gericke op 6 Junie 2008 by Bellville Biblioteek*. Ongepubliseerde onderhoud.

Gericke, Lona. 2008b. *Epos-korrespondensie met Lona Gericke*. 27-29 Mei 2008.

Ghesquiere, Rita. 2007. *Het verskijsel Jeugdliteratuur*. Leuven: Uitgeverij Acco.

Gouws, Tom. 1995. "Oor kinderliteratuur, kanoniserings en Alba Bouwer: 'imaginary gardens with real toads in them'" In: Van der Walt, Thomas. (red.). *Die blink uur van mooi dinge*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Graffiti Boeke. (s.a.). <http://www.graffitiboeke.co.za> (Datum afgelaai: 9 April 2009).

Greyling, Franci. 2000-2009a. *Werfjoernalargief*. <http://www.storiewerf.co.za/nuusbrokkies/argief.htm> (Datum afgelaai: 26 Oktober 2009).

Greyling, Franci. 2000-2009b. *Werfjoernaal: Aktueel*. <http://www.storiewerf.co.za/grootmense/werfjoernaal.htm> (Datum afgelaai: 26 Oktober 2009).

Greyling, Franci. 2000-2009c. *Storiewerf*. <http://www.storiewerf.co.za> (Datum afgelaai: 26 Oktober 2009).

Greyling, Franci. 2004. "Promoting children's literature: The challenges and possibilities of using the internet in a developing society", *Literator* 25(3): 265-284.

Greyling, Franci. 2005. "Jong lesers se identifisering met karakters: skryfteorie en –praktyk", *Literator* 26(2): 97-120.

Greyling, Franci. 2007. "Die baie lewens van Balkie: tegnologie, kinderliteratuur, grense, hibriditeit", *Stilet* 19(2): 144-161.

Greyling, Franci. 2008. *Epos-korrespondensie met Franci Greyling*. 23 April 2008.

Hart, Genevieve. 2002. The African Renaissance and children's literature: is South African librarianship abdicating its role? *South African journal of library & information science* 68(1): 29-38.

Jacobs, Jaco. 2008a. *Epos-korrespondensie met Jaco Jacobs*. 7 Mei 2008.

Jacobs, Jaco. 2008b. *Pasop vir die feetjies*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kennedy, Elizabeth. 2009a. *Elizabeth Kennedy*. <http://childrensbooks.about.com/bio/Elizabeth-Kennedy-5394.htm> (Datum afgelaai: 20 Augustus 2009).

Kennedy, Elizabeth. 2009b. *Books for babies to three year olds*. <http://childrensbooks.about.com/od/boardbooks/u/babies.htm> (Datum afgelaai: 20 Augustus 2009).

Kennedy, Elizabeth. 2009c. *Children's Books From Picture Books to Chapter Books and More*. http://childrensbooks.about.com/od/ages610learningtoread/u/new_readers.htm (Datum afgelaai: 20 Augustus 2009).

Kennedy, Elizabeth. 2009d. *Children's books and young adult books*. <http://childrensbooks.about.com/od/middleschool/u/middleschool.htm> (Datum afgelaai: 20 Augustus 2009).

LAPA Uitgewers. (s.a.1). *Kinderboeke: Kinders 8-12 jr.* <http://www.lapa.co.za/mybasket/CategoryNav.asp?CategoryID=107> (Datum afgelaai: 21 Augustus 2008).

LAPA Uitgewers. (s.a.2). *Kinders en Tieners.* <http://www.lapa.co.za/Web/Tuis/Tema.aspx?Tema=2> (Datum afgelaai: 9 September 2009).

LAPA Uitgewers. (s.a.3). *LAPA Uitgewers: Lees Afrikaans Praat Afrikaans.* <http://www.lapa.co.za/Web/Boek/Boek.aspx?Boek=3497&tema=1> (Datum afgelaai: 29 Oktober 2009).

LAPA Uitgewers. 2008. *Lapaboeke: Geldig vanaf 1 Julie tot 30 September.* Pretoria: LAPA Uitgewers.

LAPA Uitgewers. 2009a. *Lapaboeke: Geldig vanaf 1 Januarie tot 31 Maart.* Pretoria: LAPA Uitgewers.

LAPA Uitgewers. 2009b. *Lapaboeke: Geldig vanaf 1 Julie tot 30 September.* Pretoria: LAPA Uitgewers.

Lategan, Aldré. 2008. *Epos-korrespondensie met Aldré Lategan.* 7-9 Mei 2008.

Lohann, Carl. 1986. *Kinderlektuur: 'n gids vir ouers, onderwysers, skrywers en illustreerders.* Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

Lohann, Carl. 1988. "Historiese oorsig oor die Afrikaanse kinderboek" In: Cilliers, Isabel (red.). 1988. *Towards understanding: Children's literature in Southern Africa / Op weg na begrip: Kinderliteratuur vir Suid-Afrika.* Kaapstad: Maskew Millar Longman.

Machet M.P. Olën, S.I.I. & A. Chamberlain. 2001. *Young people's reading in South Africa: a pilot project.* Pretoria: Children's Literature Research Unit, University of South Africa.

Mahler, Peter. 2004. *School admission age to grade 1.* South African Government Information, 2 August 2004. <http://www.info.gov.za/speeches/2004/04080214451004.htm> (Datum afgelaai: 8 April 2009).

Malan, Charles. (Red.). 1983. *Letterkunde en leser: 'n Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoeke*. Durban: Butterworth-Uitgewers.

Maskew Millar Longman. 2005. <http://www.mml.co.za/index.htm> (Datum afgelaai: 26 Augustus 2008).

Mervyn. (s.a.). *Sefika Awards*. Book Southern Africa. <http://book.co.za/bookchat/topic.php?id=3349> (Datum afgelaai: 9 April 2009).

Odendal, F.F. 1973. *Aspekte van taal*. Kaapstad: Nasou Beperk.

Oosthuizen, Alta. 1993. "IBBY: Die hoekoms en waaroms" In: *Die Kaapse Bibliotekaris*, (37)6: 2-3.

Oosthuysen, Janie. 2008. *Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Potgieter, Susan. 2009. *Gesprek met die kinderboekbibliotekaris, Susan Potgieter, by die Kloofstraatbiblioteek in Kaapstad op 16 April 2009*. Ongepubliseerde onderhoud.

Roux, Lize. 2007. *Stalmaats: Perdedrome*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Scheeres, Solet. 2008. *Epos-korrespondensie met Solet Scheeres*. 7-8 Mei 2008.

Seed, Jenny. 1988. "The craft of writing for children" In: Cilliers, Isabel (red.). 1988. *Towards understanding: Children's literature in Southern Africa / Op weg na begrip: Kinderliteratuur vir Suid-Afrika*. Kaapstad: Maskew Millar Longman.

Senekal, Jan. 1983. "Resepsie – 'n terreinverkenning" In: Malan, Charles. (Red.). *Letterkunde en leser: 'n Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoeke*. Durban: Butterworth-Uitgewers.

Shavit, Zohar. 1986. *Poetics of Children's Literature*. Athene & Londen: The University of Georgia Press.

Snyman, Lydia. 1983. *Die kind se literatuur*. Durbanville: Die Kinderpers.

Snyman, Maritha. 1994. "Die Afrikaanse Jeugliteratuur: 'n herbesinning", *Tydskrif vir Letterkunde* (31)3: 39-53.

Snyman, Maritha. 2001. "Die plek van die jeugreeksboek in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde", *Tydskrif vir Letterkunde* (39)1/2: 46-59.

Snyman, Maritha & Venter, Rudi. 2004. "Produksiepatrone van Afrikaanse kinder- en jeugprosa: 'n verkennende statistiese ontleding 1990 – 2001", *Mousaion* (22)1: 119-136.

Snyman, Maritha. 2005a. "Die Afrikaanse jeugreeksboek van 1930 tot 2000: 'n Historiese oorsig" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-Hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Snyman, Maritha. 2005b. *Reënboogrant Maats: Skelmstreke en Kattekwaad*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Snyman, Maritha. 2006. "Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders", *Mousaion* (24)1: 145-179.

Snyman, Maritha. 2008. *Epos-korrespondensie met Maritha Snyman*. 7-10 Mei 2008.

Snyman, Maritha en Miemie du Plessis. 2008. *Gesprek met Maritha Snyman en Miemie du Plessis op 10 Julie 2008 by LAPA in Pretoria*. Ongepubliseerde onderhoud.

Solomon, Claudine. 2009. *Notas by besoek aan kinderboekwinkel A is for Apple in Kaapstad op 16 April 2009*. Ongepubliseerde onderhoud.

Swartz, R.B. 2004. *Policy for the admission of pre-grade R and grade R learners to ordinary public schools: Circular 2004/08/09*. http://wced.wcape.gov.za/circulars/2004/e46_04.html (datum afgelaai: 16 September 2008).

Van der Merwe, Annari. 1993. "Twelve golden rules regarding "The way to write for children"" In: Cilliers, Isabel (red.). 1993. *Towards more understanding: The making and sharing of children's literature in South Africa*. Kaapstad: Juta & Co, Ltd.

Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. 1998. *Alkant Olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Walt, Thomas. (s.a.). *Cert Jenny Seed*. <http://www.childlit.org.za/Cert%20J%20Seed.htm> (Datum afgelaai: 8 April 2009).

Van der Walt, Thomas. 1992. "Beoordeling van kinderboeke deur kinders" In: *Die Kaapse Bibliotekaris* (36)4: 24-26.

Van der Walt, Thomas. 1995. "Alba Bouwer as bekroonde skrywer" In: Van der Walt, Thomas (red.). 1995. *Die blink uur van mooi dinge: 'n Huldiging van Alba Bouwer*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Van der Walt, Thomas. 2005a. "Bekronings en toekennings vir Afrikaanse kinder- en jeugboeke" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-Hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Van der Walt, Thomas. 2005b. "Afrikaanse kinder- en jeugprosa" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-Hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Van der Westhuizen, Betsie. 1999. "'n Polisistemiese benadering tot die bevordering van kleuter-, kinder- en jeugliteratuur", *Stilet* (11)1: 125-139.

Van der Westhuizen, Betsie. 2008. *Epos-korrespondensie met Professor Betsie van der Westhuizen*. 7 Mei 2008.

Van Gorp, H. Ghesquiere, R. Delabastita, D. & J. Flamend. 1991. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Vels, Verna. 2005. *Liewe Heksie en die rekenaar en ander nuwe Liewe Heksie-Stories*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Vels, Verna. 2006. *Die Liewe Heksie-omnibus*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Venter, Rudi. 2006. *Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem*. D. Phil-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Verwey, Hester. 1999. "Die jong lesers van Centurion: Wat hulle lees en waarom?", *Stilet* (11)1: 115-120.

Viljoen, Fanie. 2008. *Epos-korrespondensie met Fanie Viljoen*. 7 Mei 2008.

Vosloo, Riens. 2008. *Epos-korrespondensie met Dr. Riens Vosloo*. 13-20 Mei 2008.

Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-Hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Wybenga, Gretel. 2005a. "W.O. Kühne" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-Hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Wybenga, Gretel. 2005b. "C. Louis Leipoldt" In: Wybenga, Gretel en Maritha Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-Hulle tot Hanna Hoekom: 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Zipes, Jack. 1988. "Walter Benjamin, Children's Literature, and the Children's Public Sphere: An Introduction to New Trends in West and East Germany", *The Germanic Review* (63)1: 2-5.